
# Lied IN DIE NAG

## 40-Dae Gebedsfokus 2020

IN GESPREK MET GOD OOR
### Lyding en swaarkry



AMOS agrimin
LIVING AND FARMING GOD'S WAY

Die naam ***AMOS*** kom uit die Ou Testament. Amos was 'n boer en 'n profeet. Hy het gewaarsku teen vormgodsdiens, onreg en uitbuiting. Hy het verkondig dat godsdienstigheid nie genoeg is om God te behaag nie. God se kinders moet 24 uur van elke dag in verhouding met Hom en volgens sy wil leef. Die woord ***Agrimin*** is 'n afkorting van *Agricultural Ministries*.

***AMOS*** se logo is ryk aan simboliek. Die windpomp simboliseer landbou. Die windpomp voorsien water en dit bring lewe en voorspoed. In ***AMOS*** bely ons Jesus Christus (die rooi kruis) as die Bron van Lewende Water (blou stroom). Sonder Hom is lewe in oorvloed onmoontlik. Die windpomp is 100% afhanklik van die wind. Net so is ons volledig afhanklik van die kragtige werking van die Heilige Gees.

**Amos Agrimin se kernbesigheid:**

Ons wil sien dat die **Koninkryk van God** sigbaar word in die **landbougemeenskap**.

Daarom is Amos Agrimin se kernbesigheid:




**Living and Farming God's Way**

# Lied in die Nag

In gesprek met God oor lyding en swaarkry

*40-Dae Gebedsfokus op die Landbou*
*1 September – 10 Oktober 2020*


| | |
|---|---|
| Skrywer: | Hennie Viljoen |
| Buiteblad-ontwerp: | Leana Viljoen |
| Bladuitleg en grafika: | Fanie Serfontein |
| Taal- en gehaltebeheer: | Cilna Maritz<br>Hannatjie Theron<br>Karen Botha |
| Druk- en bindwerk: | SUN MeDIA, Bloemfontein. |


**Met die uitsluitlike doel dat jy hierdie publikasie gratis mag versprei,** hou *AMOS* geen kopiereg daarop nie. Daarom mag jy hierdie boekie sonder toestemming reproduseer langs enige elektroniese of meganiese weg, of in enige ander vorm, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingsbeweging. **Die publikasie mag egter nie verkoop word nie.** Vir enige navrae kan u die skrywer kontak.

Aanhalings is uit die 1983-Vertaling van die Afrikaanse Bybel, tensy anders aangedui.

Uitgegee deur ***AMOS AGRIMIN***

**secretary@amosafrica.net**
**www.amosafrica.net**

**ISBN** 978-1-920138-71-4

# Inhoudsopgawe


Opgedra aan ........ 4
Van 'n traan tot 'n lied! ........ 4
10 Oktober - Kaalvoetdag ........ 6
Hoe om die meeste van die Gebedsfokus te maak. ........ 7

**DEEL 1 Die groter prentjie ........ 9**
Dag 1 'n Lied in die nag! ........ 9
Dag 2 Raak betrokke in 'n eerlike gesprek met God. ........ 11
Dag 3 Dis 'n luister-gesprek. God openbaar homself! ........ 13
Dag 4 Lyding: Alles – Almal – Oral – Altyd, Maar ... ........ 15

**DEEL 2 Die Bybel gee méér as een antwoord en méér as een perspektief op lyding en swaarkry ........ 18**
Dag 5 Wat is die verband tussen sonde en lyding? ........ 18
Dag 6 Méér as een perspektief op lyding ........ 20
Dag 7 Wie is betrokke by jou lyding en swaarkry? ........ 22
Dag 8 God se betrokkenheid (1) ........ 24
Dag 9 God se betrokkenheid (2) ........ 27
Dag 10 Satan se betrokkenheid (1) ........ 29
Dag 11 Satan se betrokkenheid (2): Versoekings ........ 31
Dag 12 Satan se betrokkenheid (3): Vrees ........ 34
Dag 13 Die mens se betrokkenheid (1) ........ 36

**DEEL 3 Lyding kom langs minstens een van vyf verskillende paaie na ons toe ........ 39**
Dag 14 My sonde en ongehoorsaamheid (1) ........ 40
Dag 15 My sonde en ongehoorsaamheid (2): Neem tog my sonde weg! ........ 43
Dag 16 Ander mense se sonde ........ 45
Dag 17 Die algemene gebrokenheid van die skepping en die lewe ........ 48
Dag 18 Medelye met mense wat ly en swaarkry (1) ........ 50
Dag 19 Medelye met mense wat ly en swaarkry (2) ........ 52
Dag 20 Mense ly omdat Satan en sy bose magte Christus en sy kerk haat. (1) ........ 54
Dag 21 Mense ly omdat Satan en sy bose magte Christus en sy kerk haat. (2) ........ 56
Dag 22 Lied in die Nag ........ 59

**DEEL 4 Jy het keuses wanneer jy ly en swaarkry. ........................ 62**
Dag 23 Twee donkies leer ons ’n les:
Jou reaksie op lyding is belangrik!........................................ 63
Dag 24 Watter pad kies jy? (1)........................................................ 65
Dag 25 Watter pad kies jy? (2)........................................................ 67
Dag 26 My Een-vers-Lied-in-die-Nag................................................ 69
Dag 27 Reageer soos ’n wenner. Jy is een! .................................... 71
Dag 28 Gebruik jou lyding. Dis ’n geleentheid. (1)........................... 74
Dag 29 Gebruik jou lyding. Dis ’n geleentheid. (2)........................... 76
Dag 30 Gebruik jou lyding. Dis ’n geleentheid. (3)........................... 78
Dag 31 Gebruik jou lyding. Dis ’n geleentheid. (4)........................... 80
Dag 32 Bestry en veg teen lyding. Dit bedreig jou lewe. (1)........... 82
Dag 33 Bestry en veg teen lyding. Dit bedreig jou lewe. (2)........... 84
Dag 34 Bestry en veg teen lyding. Dit bedreig jou lewe. (3)........... 87
Dag 35 Bestry en veg teen lyding. Dit bedreig jou lewe. (4)........... 90
Dag 36 Verkeerde en gevaarlike maniere om lyding te bestry ......... 92
Dag 37 Aanvaar jou lyding. (1)
Aanvaarding is om geduldig in jou lyding te wees................ 96
Dag 38 Aanvaar jou lyding. (2)
Berusting is om jou hoop op God te vestig........................... 99
Dag 39 Aanvaar jou lyding. (3)
Aanvaarding is om ’n lied in die nag te sing. ...................... 101
Dag 40 Die gesprek met God gaan voort!....................................... 103

**Ander AMOS-publikasies om van kennis te neem......................... 106**

# Opgedra aan

Janetta en al ons kinders
Dirk en Leana en hulle drie kinders: Josua, Leila en Amelie
Jaco en Elsa en hulle drie kinders: Nihan, Jano en Elzené
Eugene en Roné en hulle twee kinders: Ruben en Mia
Melinda

*Dankie vir die pad wat julle saam met my stap. Julle saamstap maak dit makliker om voor te loop. Dankie vir alles wat julle verduur en opoffer, nie net ter wille van my nie, maar ook in die uitleef van julle eie roeping. Julle maak 'n groot verskil in mense se lewe deur hulle te leer, inspireer, versorg, dien en help. Julle medelye maak hulle las ligter en gee hulle hoop. Hou só aan!*

Ook opgedra aan Arno en Jana, my broer se twee kinders wat later ook hulle ma, Elmien, aan kanker en hulle boetie, Johan, verloor het.

# Van 'n traan tot 'n lied!

As kind het ek in 'n baie gelukkige ouerhuis grootgeword. My ouers was Godvresende en verantwoordelike mense. Ons was nie regtig arm nie, maar beslis ook nie ryk nie. My pa het, om alles te kon betaal, by geleentheid selfs ons kinders se paar sente spaargeld onttrek. Ek onthou nog die stukkies papier wat as skuldbewyse met 'n koppiespeld voor in ons Volkskas-spaarboekies vasgesteek was. Ek het ook baie gesukkel om verstaanbaar te praat. Ek moes gereeld na 'n spraakterapeut gaan. Eers in graad 7 het ek geleer om 'n "R" te sê. My spraakprobleem het 'n leesprobleem tot gevolg gehad. Ek sukkel steeds om deur baie leeswerk te kom. In graad 11 het ek, as gevolg van 'n aangebore defek, 'n ernstige rugbesering opgedoen. Ek is geopereer en moes ophou rugby speel. As tienerseun was dit nie maklik om dié terugslag te verwerk nie.

My gesprek met God oor lyding en swaarkry het eers gedurende September 1984 in alle erns begin. My Pa het gebel en gesê hy moet slegte nuus met my deel. Ek het onmiddellik vermoed dat my oupa dood is, net om te hoor dat my broer, Albert, in sy skoonouers se huis deur gewapende rowers doodgeskiet is. Hy het 'n swanger vrou en een kind agtergelaat. Nag! Albert se ontydige dood kon my maklik van God wegdryf, maar genadiglik het dit nie gebeur nie. Ek het met God oor lyding

begin praat. Ek het antwoorde by Hóm gesoek. Ek het die Bybel van hoek tot kant deurgelees. Al wat 'n boek is wat oor dié onderwerp gehandel het, en waarop ek my hande kon lê, het ek gelees. Dit het my 'n paar jaar geneem. In 1987 het ek dit wat ek geleer het, op skrif gestel. Ek het iemand gevra om dit vir my op wasvel te tik en 'n paar kopieë af te rol. Die titel: **Lied in die Nag.** Maar daar het dit gebly.

Lyding is so 'n lewensomvattende, teologies moeilike en emosioneel sensitiewe onderwerp, dat ek dit nooit wou waag om daaroor te skryf nie. My ervaring was steeds te min en my kennis te beperk. Intussen het ek en my huis "vervolging" ervaar – in die kerk en deur die kerk. Daarop hoef ek nie uit te brei nie. Omdat ek gepraat het vir mense wat nie vir hulleself mag praat nie (Spreuke 31:8-9), is ek in 1993/4 as 'n volksverraaier beskou en by geleentheid het vier gewapende boere my uit die dorp uit probeer verdryf. Elke pyl wat na my geskiet is, het ook my vrou en kinders op een of ander manier getref. Dit het die lewe vir my nog moeiliker gemaak. Maar die Here het my geleer dat ek vir niemand mag kwaad word nie, want dis Hy wat my dinge leer wat ek later in sy diens gaan nodig kry. Hy het my karakter stukkie vir stukkie gevorm en my leierskap ontwikkel. Hy het elke droogte, oorstroming, misoes, diefstal, personeel- of finansiële krisis gebruik om dit te doen.

In 1993 het die Here my en Janetta geroep om met AMOS te begin – 'n landboubediening. Die naam Amos is afkomstig van die boer-profeet Amos in die Ou Testament. Amos beteken *"burden bearer"*. Eina! Ek het ontdek dat die uitleef van jou roeping en die uitvoer van jou Godgegewe taak, altyd met pyn en lyding gepaard gaan (Dink aan Jesus; Paulus – Handelinge 9:16; Maria - Lukas 2:34-35; Johannes die Doper - Matteus 11:2-19 en 14:1-12). Met verloop van jare het opdragte moeiliker en uitdagings groter geword. Gehoorsaamheid aan God het soms lewensgevaarlik geword.

Lied in die Nag is nie 40 troosboodskappies nie. Dis perspektiewe uit die Woord om jou te help om eerlik in gesprek met God te tree oor jou lyding en swaarkry. Mag hierdie gesprekke jou help om God beter te leer ken; lyding beter te verstaan en verantwoordelik op lyding te reageer. Mag jy leer om 'n ***lied in die nag*** te sing!

Hennie Viljoen
hennie.viljoen@amosafrica.net

# 10 Oktober - Kaalvoetdag

In *AMOS* is 10 Oktober jaarliks ***Kaalvoetdag***. God beveel dikwels sy profete om iets ongewoon te doen om 'n spesifieke boodskap hard en duidelik by mense tuis te bring. (Bv. Esegiël 3:24; 4:1-4; 4:10-11; 5:1; 12:2-3; 12:18; 21:6; 24:15-16; 37:15-19; Jeremia 13:1-14; 16:1-4; 27:1-2; 32:1-44; Hosea 3).

**Die doel van *Kaalvoetdag* is om jou gedurig te herinner dat ons op heilige grond, God se grond, in God se teenwoordigheid leef en boer.** God se teenwoordigheid in die brandende bos het die grond geheilig waarop Moses gestaan het. Daarom moes hy sy skoene uittrek (Eksodus 3). Sedertdien het Christus aarde toe gekom en Hy word Immanuel genoem. Dit beteken: *God is by ons* (Matteus 1:23). Hy het ook die aarde met God versoen en dit deur sy offer en teenwoordigheid geheilig (Kolossense 1:19-20). Hy is elke dag met ons tot aan die einde van die wêreld (Matteus 28:20). **Oral leef en boer ons nou daagliks op heilige grond in God se direkte teenwoordigheid.** Om die hele dag daarvan bewus te bly, is lewensveranderend. Met my sagte, sensitiewe kaalvoete dink ek mooi waar ek loop en ek trap versigtig. Ek jaag nie net onnadenkend deur die dag nie. Dieselfde is van toepassing op my lewe in God se teenwoordigheid. Dit help my om sonde (dorings en skerp klippe) te vermy én dit is 'n geweldige troos en bemoediging. Hy is hier by my om my te dra, te help en te beskerm (Vgl. Josua 1:9; 2 Kronieke 16:9 en Matteus 28:20).

**Dis ook 'n besondere getuienis-geleentheid.** Oral gaan mense vir jou vra: *Waarom loop jy kaalvoet?* Dit gee jou die geleentheid om aan die hand van bogenoemde teksverse te getuig. **Kaalvoetdag** is dus 'n geleentheid om mense te bemoedig en hulle daarop te wys dat hulle nie net in die kerk nie, maar oral in God se teenwoordigheid leef en boer.




Kom ons begin 'n "*movement*". Kom ons boer jaarliks kaalvoet op **10 Oktober!**

# Hoe om die meeste van die Gebedsfokus te maak.

Hou die volgende in gedagte om die meeste van hierdie gebedsgids te maak:

1. **Beplan en organiseer**

   Benut elke bestaande gebedsgeleentheid. Skep ook nuwe geleenthede om gedurende dié tyd saam met ander mense te bid. Daar is baie moontlikhede, maar dit gaan nie vanself gebeur nie. Julle moet moeite doen en deeglik beplan. Dink aan die volgende:
   - Jou persoonlike **stiltetyd;**
   - Gebede **aan tafel** *(dis dié geleentheid waar mense vir die landbou kan en behoort te bid);*
   - Met **invaltyd, uitvaltyd** of **gedurende middagete-uur** kan tyd aan gebed afgestaan word;
   - Gebruik julle **bestaande kleingroepbyeenkomste;**
   - Tydens **eredienste** kan 'n boer, boervrou, kind, plaaswerker of enige ander lidmaat gevra word om spesiaal vir die landelike en boerderygemeenskap in te tree;
   - **Spesiale gebedsgeleenthede** (bidure), asook **halfnag- of deurnag-gebedswake** kan gereël word;
   - Mobiliseer **bejaardes, kinders, vrouens, gebedsgroepe, ens.** om saam te bid.
   - **Bemark** die *40-Dae Gebedsfokus op die Landbou* so wyd as moontlik. Benut die plaaslike koerante en radiostasies. Onthou, dié riglyne verskyn ook in Afrikaans en Engels op *AMOS* se tuisblad: www.amosafrica.net Dit mag vrylik gedupliseer word.

2. **Lees die Skrifgedeeltes**

   Lees elke dag ten minste die Skrifgedeeltes wat bo-aan elke dagstukkie gegee word. Indien jy net lees wat in die boodskap staan, gaan jy min seën en groei ervaar. Onthou, die belangrikste is om die Gees die geleentheid te gee om deur die Woord aan die woord te kom.

3. **Bely sonde**

Al word dit nie spesifiek by elke dagstukkie genoem nie, is dit uiters belangrik om deurgaans aandag te gee aan die vier belangrike sake wat in **2 Kronieke 7:14** genoem word:

- Laat die Heilige Gees berou in jou bewerk;
- Bid en bely alle sonde waarvan die Gees jou oortuig;
- Vra na die wil van die Here en gehoorsaam dit;
- Draai terug van jou bose weë. Draai jou rug op alles wat in die lig van die Woord nie God se goedkeuring wegdra nie.

4. **Gebedsriglyne**

Die gebedsriglyne is nie wettiese voorskrifte nie. Dis net riglyne. Lees en oordink die gedeelte vir elke dag. Bid dan oor alles wat die Heilige Gees op jou hart plaas.


5. **Kweek die dissipline om te vas en gehoorsaam te wees**

Daar is verskeie goeie boeke op die mark oor vas en gebed. Lees dit gerus. Die 40-Dae Gebedsfokus is ’n ideale geleentheid om jou selfbeheersing en dissipline op te skerp. Jy kan soos Ester-hulle vir drie dae niks eet of drink nie (Ester 4:16), of soos Daniël en sy vriende net groente eet en water drink (Daniël 1:12).

Oorweeg dit om byvoorbeeld vir dié 40 dae te vas van iets waarvan jy baie hou: Drink geen koffie of Coke nie; eet geen lekkergoed of sjokolade nie; eet geen vleis of suiwel of brood nie. Jy kan ook besluit om nie ’n tweede bord kos te eet nie, geen tonikums te drink of ander stimulante te gebruik nie. Gebruik byvoorbeeld liewer die tyd wat jy na ’n spesifieke TV-program sou kyk, om te bid. Daar is soveel moontlikhede. Dis belangrik om self by die Here te hoor wat jy/julle moet doen.

Dis nie net kos, TV, ensovoorts, wat ek en jy moet leer om soms te los nie. Ons moet leer om **altyd ons sonde en ongehoorsaamheid te los.** Ons moet vas van ons bose werke en breek met slegte gewoontes. Gebruik dus ook hierdie 40 dae om die dissipline van gehoorsaamheid aan te leer en in te oefen.

# DEEL 1
## Die groter prentjie



Wanneer jy na een stukkie van 'n legkaart kyk, weet jy nie waar dit inpas nie. As dié stukkie boonop grys is, dink jy dalk die prentjie is donker. Maar wanneer jy na die hele prent kyk, sien jy baie verskillende kleure en tonele. Jy sien selfs dat die donker stukkie nie die prent lelik maak nie. Die hele prentjie plaas die een stukkie in perspektief. Wat jy in jou hand het, is maar 'n klein stukkie van die groot legkaart.

In lyding is dit belangrik om nie perspektief te verloor nie. Moenie vaskyk teen dit wat *jý – nóú - híér* beleef nie. Die werklikheid, ook van lyding en swaarkry, is baie groter as wat jy nou persoonlik ervaar.

Kyk altyd na die groter prentjie. Dis belangrik!

***"Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie"*** (Romeine 8:18).

# Dag 1
## 'n Lied in die nag!
(In gesprek met God oor lyding en swaarkry.)

**Lees:** Job 35:9-10 en Habakuk 3:17-19

’n Vriend van my het deur diep waters gegaan. Hy het al sy tyd, geld en energie in die plaas gesteek en dit tot ’n suksesvolle besigheid opgebou. Maar toe sy pa sterf, het hy nie die plaas en besigheid geërf nie. Hy het Habakuk 3 letterlik beleef. Aanvanklik was dit vir hom onmoontlik, om te midde van wat gebeur het, die Here te bly loof. Volgens hom was dit vir Habakuk maklik om te sê dat hy ***“nogtans”*** in die Here sal jubel, omdat hy nie werklik in die situasie was nie. Daar staan drie keer geskryf: ***“Al sou ...”*** My vriend se teorie was: om te sing wanneer lyding en swaarkry net ’n moontlikheid is, is baie makliker as om te sing wanneer dit jóú werklikheid is.

Lyding is ’n werklikheid. Dit is afskuwelik! Nogtans is ’n ***lied in die nag*** moontlik. Job sê ’n ***lied in die nag*** kom van God af (Job 35:10). Hý gee dit!

Kom ons kyk na ’n paar voorbeelde in die Bybel. *Dawid* is ’n goeie voorbeeld. Die Heilige Gees het hom geïnspireer (2 Timoteus 3:16) om in diep donker tye liedere te skryf. Lees die Psalms. Midde-in die oorlog teen ’n oormag Moabiete en Ammoniete het *Josafat* die sangers lofliedere laat sing (2 Kronieke 20:21-22). *Jesus* het in die nag, net voordat Hy gevang, gemartel en gekruisig is, ’n lofsang saam met sy dissipels gesing (Markus 14:26). *Paulus en Silas* het teen middernag, onder haglike omstandighede in die tronk, lofliedere gesing (Handelinge 16:22-25).

Net wanneer God vir jou ’n groter werklikheid is as jou omstandighede - as jou lyding - kan jy in jou smart ’n ***lied in die nag*** sing. Daarom begeer ek om met ’n ***lied in die nag*** te bevestig dat ek God en sy karakter só goed leer ken het, dat ek bereid is om Hom volkome te vertrou - *in* my lyding en *met* my lyding. ’n ***Lied in die nag*** bevestig die egtheid van my geloof. Dit bevestig dat ek nie ’n slagoffer van my vrees en omstandighede is nie; ek is in alle omstandighede meer as ’n oorwinnaar deur Christus wat my die krag gee!

Om ’n ***lied in die nag*** te sing, kom nie sommer vanself nie. Dis ’n vermoë wat net God kan gee. Vra vir Hom ’n ***lied in die nag*** – jóú nag. Al maak die droogte, siekte, konflik, egskeiding, moord, brand, diefstal, ongeluk, korrupsie, ekonomiese chaos, werkloosheid, armoede, die dood van jou kind, kanker of Covid-19 nie vir jou sin nie, wil God steeds vir jóú ’n ***lied in die nag*** gee.

God gee gewoonlik eers ’n lied wanneer mense eerlik met Hom worstel oor hulle lyding deur sy Woord te lees en na sy Gees te luister. In daardie intieme gesprekke word ’n oorwinningslied gebore, ’n ***lied in die nag***. Mag God gee dat daar uit jou intieme gesprekke met Hom oor die

volgende 40 dae, ’n oorwinningslied gebore word. Begin dan saamsing, al neurie jy net; al is jou stem krakerig, jou oë tranerig en jou melodie heeltemal vals. Begin ’n ***lied in die nag*** sing, want God en sy beloftes is ’n groter werklikheid as jou lyding en omstandighede.

**Gebed:** Here, ek wil ook in my donker nag van lyding en swaarkry ’n lied sing. Ek weet nog nie hoe nie, maar ek weet U wil en U kan my leer. Leer my asseblief in die volgende 40 dae deur u Woord en u Gees. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir al jou familie, vriende en kollegas wat ly, swaarkry en sukkel om te sing.*

† *Bid dat almal wat hierdie Gebedsfokus begin lees het, dit end-uit sal bestudeer. Bid dat die Gees en die Woord vir hulle die groter prentjie sal wys en nuwe insig sal gee.*

† *Vra die Here om in sy groot liefde en genade vir jou en jou mense ’n lied te gee - ’n lied om in julle donkerste nag te sing.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici.

# Dag 2
## Raak betrokke in ’n eerlike gesprek met God.

**Lees:** Job 33:14-19; Job 42:1-6; Hebreërs 1:1-3

Die subtitel van **Lied in die Nag** is: *In gesprek met God oor lyding en swaarkry.* Die enigste manier om by ’n ***lied in die nag*** uit te kom, is om in gesprek met God te tree oor jóú lyding en swaarkry. Géén gesprek, géén lied!

***Job 33:14. God spreek die mens aan,***
***Hy huiwer nie om dit op meer as een manier te doen nie ...***

***Job 33:19. Of Hy spreek die mens aan***
***met ernstige siekte, met pyn wat aan sy liggaam knaag ...***

God praat met ons in lyding. Ek wil jou help om te hoor wat Hy sê. Hy wil ons leer om ’n **lied in die nag** te sing. Hy wil sy kinders versterk en bemoedig. Hy wil ons laat verstaan dat Hy nie verander het toe ons

situasie verander het nie. Hy bly die heilige en almagtige God. Hy is ons liefdevolle Vader in Jesus Christus. Hy wil hê ons moet Hom beter leer ken. Dit is waarom Hy met Job praat (vanaf Job 38 en verder). Ons lees oor Job se reaksie daarop in Job 42:5. ***"Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien."*** Mag dit ook gebeur wanneer ek en jy oor ons lyding met God praat.

Ons moet eerlik met God worstel. In Job 16:9 noem *Job* vir God sy Teëstander. Dis asof hy met die een hand aan God vasklou (want hy het niks en niemand anders om aan vas te hou nie), maar met die ander hand slaan hy na God omdat hy kwaad en stukkend is. Lees asseblief Job 23! Dit wys hoe Job eerlik met God worstel.

*Jeremia* kerm oor die ellende wat hom van sy geboorte af teister (Jeremia 15:10). Hy herinner die Here aan al die beloftes wat Hy aan hom gegee het, en aan wat hy alles vir die Here gedoen het. In Jeremia 15:18 vra hy: ***"Waarom is daar nie 'n einde aan my pyn nie, waarom is my wond ongeneeslik en wil dit nie gesond word nie? Ek kan nie op U reken nie, net so min as op 'n stroom wat nie standhoudend is nie."*** Lees asseblief God se reaksie in vers 19-21. In ons lyding wil God met ons praat, al praat ons onsin (Jeremia 15:19)!

Lees *Dawid* se Psalms. In baie daarvan (bv. Psalm 13 en 54) praat Dawid met God oor sy bitter lyding in die tyd nádat hy as koning gesalf is, tot hy ongeveer 10 jaar later eers koning geword het (Samuel 16-31). Hy stoei met die Here. Hy wil weet waarom die Here so lank vat om hom te help.

In Getsemane worstel *Jesus* so erg met die Vader dat sy sweet soos bloeddruppels op die grond val (Lukas 22:44). Die toestand word ***hematidrosis*** genoem. Dit word veroorsaak deur buitengewone fisiese en emosionele spanning en angs. Aan die kruis roep Jesus kort voor sy dood hard na God: ***"Eloï, Eloï, lemá sabagtani?" Dit is: My God, My God, waarom het U My verlaat?*** (Matteus 27:46).

Wanneer jy swaarkry en ly, móét jy praat. Pasop vir "binnepraat" - 'n gesprek wat jy in jou kop net met jouself voer. So oortuig jy jouself gou dat jy onregverdig ly en jouself maar mag bejammer. Selfbejammering, woede en bitterheid is dikwels die gevolg van 'n aanhoudende en eensydige gesprek met jouself (Vgl. Jona 3:10 – 4:11).

**Gebed:** Help my, Here, om nie net met myself te praat en na myself te luister nie. Help my om in my lyding my hart eerlik voor U uit te stort. Help my om na U te luister en U beter te leer ken. Gee my asseblief 'n breër perspektief en dieper insig. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid dat die Here jou teen bitterheid en selfbejammering sal bewaar.*

† *Bid vir familie en vriende, landbouers en medici wat 'n goeie gesprek met God nodig het, maar nie vir dié gesprek opdaag nie. Bid vir hulle wat nie die Woord wil lees of oor lyding wil bid nie.*

† *Bely die onsin en al die lelike en verkeerde dinge wat jy al in jou lyding kwytgeraak het* (na aanleiding van Jeremia 15:19).

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Suid-Afrika.***

# Dag 3
## Dis 'n luister-gesprek. God openbaar homself!

**Lees:** Johannes 1:18 en 14:8-11; Hebreërs 1:1-3

Na die moord op my broer Albert in 1984 op 'n plaas naby Upington, het baie mense ons probeer troos met dié woorde: *Dit was die wil van die Here. Aanvaar dit, Hý is in beheer.* Dit het my laat dink. Hoe kan dit God se wil wees dat hy vermoor is? In Eksodus 20:13 verbied Hy dit dan. Hy sê: ***Jy mag nie moord pleeg nie.***

Ek het besef ek sal moet dieper dink en die hele Bybel lees om sinvolle antwoorde op al my vrae te kry. Ek sal in 'n persoonlike gesprek met God moet tree en Hom beter leer ken.

Die Bybel is duidelik: **'n Mens kan ongehoorsaam wees aan God se wil. Daarom kan ons nie sê dat alles wat gebeur God se wil is nie.** God kan nie die skuld kry vir die ellende wat op ongehoorsaamheid aan Hom volg nie. Lyding en swaarkry kan net God se wil wees as Satan en die mens altyd aan Hom gehoorsaam is. Maar ons weet dit is nie so nie!

Daarom is dit heeltemal verkeerd om God die skuld vir alle lyding te gee. Dis ook baie gevaarlik. Iemand wat God blameer vir al die boosheid en ellende in die wêreld, sal een of ander tyd sy rug op God draai. Niemand wil 'n god hê wat jou lewe en geluk bedreig en jou na willekeur met rampe

tref nie. Dis beter om so 'n god te ignoreer en jouself te oortuig dat hy nie bestaan nie.

Jy kan God nie reg leer ken deur na lyding te kyk nie. Leer God ken deur sy Woord te lees en sy Seun, Jesus Christus, aan te neem. Dán sal Hy jou leer en wys hoe om oor lyding te dink. As jy jou Godsbeeld op grond van jou ervaring van lyding vorm, gaan jy 'n heel verkeerde idee kry van wie God is. Jy kan net die regte beeld van God kry deur na Jesus te kyk:

***"Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak"*** (Johannes 1:18).

***"Toe sê Filippus vir Hom: 'Here, wys ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.' En Jesus sê vir Hom: 'Ek is al so lank by julle, en ken julle My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan julle dan sê: 'Wys vir ons die Vader?'"*** (Johannes 14:8-9).

***"In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God"*** (Hebreërs 1:1-3a).

In die Bybel leer ons God ken as die Lig (Johannes 9:5; 1 Johannes 1:5), die genadige Vader, die liefdevolle, regverdige en heilige God. Dié Een wat elke vorm van sonde, ongeregtigheid en duisternis so haat dat Hy sy geliefde Seun aan 'n kruis laat spyker het: Hy die onskuldige, vir ons die skuldiges (1 Petrus 3:18). In Jesus Christus leer ons Hom ken as die Een wat triomfeer oor alle magte van vernietiging, ook die dood! Wanneer ons na lyding kyk, vra ons nie: *Hoe lyk 'n god wat verantwoordelik is vir dié chaos?* nie. Nee. Ons kyk na die Woord en wéét dat God Lig is. Daar is geen duisternis in Hom nie. Dan vra ons: *Hoe moet ons, in die lig van sý Woord, die lyding in hierdie wêreld verstaan?*

Moenie uit jóú ervaring redeneer om uiteindelik by God te probeer uitkom nie. Tree in gesprek met God. Glo en aanvaar sy Woord, ongeag jou omstandighede. Leer Hom ken soos Hy Homself in Christus aan ons openbaar. Leer Hom persoonlik ken. Dan sal die Gees van Christus al die verborge dinge van God aan jou bekend maak. Slegs die Gees kan

jou leer wie God is. Net Hy ken die verborge dinge van God. Net Hy weet wat God ons uit genade skenk (Vgl. 1 Korintiërs 2:11-12).

**Gebed:** Here, bewaar my daarvan om na lyding te kyk en op grond daarvan 'n verkeerde idee oor U te kry. Openbaar Uself asseblief aan my deur u Woord, u Seun en u Gees. Help my om dan deur u oë na lyding te kyk. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Vra vergifnis vir die vals beeld van God wat ons vorm omdat ons na lyding kyk, in plaas daarvan om God deur sy Woord en Seun te leer ken.*

† *Bid vir familie en vriende wat hulle rug op God gedraai het omdat hulle hulleself blind staar teen lyding.*

† *Bid dat almal wat met dié Gebedsfokus begin het, daarmee sal volhou. Bid dat die Gees en die Woord hulle nuwe insig sal gee.*

† *Bid dat God Hom deur sy Woord en Gees aan boere en landbouwerkers, dokters en mediese personeel, asook hulle families sal openbaar.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Lesotho.***

# Dag 4
## Lyding: Alles – Almal – Oral – Altyd Maar ...

**Lees:** Genesis 3:14-20; Romeine 5:12; 1 Petrus 5:9; Matteus 6:34

Wanneer 'n mens in 'n geselskap is waar mense oor dinge praat waarby jy nie betrokke is nie, interesseer dit jou nie, want dit raak jou nie. Maar híérdie gesprek is anders. Dit raak jou direk, want dit gaan oor lyding en swaarkry. **Alles** in die skepping ly onder die sonde en ongehoorsaamheid van Adam (Romeine 8:18-23). **Alles** is deur die vloek getref. **Almal** is deur die vloek getref. **Oral** laat die vloek sy letsels. Lyding en swaarkry is **altyd** met ons, want ***"elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie"*** (Matteus 6:34).

Daar is baie soorte lyding en redes vir swaarkry:

- Fisiese pyn: 'n gebreekte arm; hartprobleme; hoofpyne; nierstene; oop wonde; honger en dors; veroudering; ens.
- Emosionele pyn: vrees; verbrokkelde verhoudinge en huwelike; misverstande; beledigings; bitterheid en haat; jaloesie; ens.
- Sosiale pyn: sosiale isolering; eensaamheid; miskenning; veragting en verwerping; diskriminasie; ens.
- Gestremdheid: alle liggaamlike afwykings en/of geestesversteurings wat normale gesonde funksionering moeilik maak, ens.
- Die pyn van teleurstelling: kinderloosheid; 'n onsuksesvolle jaar op skool of 'n doelstelling wat nie bereik kon word nie; 'n oes wat nie realiseer nie; verpletterde drome; ens.
- Ekonomiese lyding: verliese; mislukte planne; korrupsie en uitbuiting; bankrotskap en die gevolge daarvan; rampe; werkloosheid; ens.
- Lyding in die werkplek: oorwerktheid en uitbranding; uitbuiting; misbruik; sukkel en swaarkry; onrealistiese eise; mislukte oeste en/of transaksies; spertye wat gemis word en tydlyne wat nie bymekaarkom nie; ens.
- Natuurrampe, pandemies, disfunksionele regerings, ensovoorts!

Die lys van pyn, lyding en swaarkry is oneindig. Ons vyand, die duiwel wat soos 'n brullende leeu rondloop, soek altyd na nog iemand om te verslind. Nóg iemand wie se lewe hy hel kan maak. Alle gelowiges oor die hele wêreld ervaar dit (1 Petrus 5:8-9).

Onthou dat lyding nie beperk is tot liggaamlike siekte nie. Hartseer kan die gees van die mens net so lamlê as wat siektes die liggaam op 'n siekbed kan vasdruk. In ons soeke na antwoorde op lyding, moet ons antwoorde vind wat omvattend genoeg is om ons in alle lyding-situasies te help.

Elke mens se lyding en swaarkry is vir hom die ergste. Dis persoonlik: dis mý pyn en mý seer. Dis baie erg! Dis hartverskeurend! Moenie jou pyn en lyding ontken nie. As jy dit doen, lieg jy vir jouself. *Lied in die Nag* is vir mense wat met lyding worstel. Dit is vir mense wat met God daaroor wil praat en antwoorde by Hom soek. *Lied in die Nag* wil perspektief op jou seerkry gee.

Moenie jou lyding ontken nie. Dis 'n werklikheid! ***Maar ...*** die gesprek handel nie net oor lyding nie. Daar is méér om oor te praat, méér om na te kyk. Lyding se dae is getel! Christus se opstanding uit die dood en sy oorwinning daaroor bewys dit. Eendag gaan God alles nuut maak. Niks

gaan meer vervloek wees nie (Openbaring 21:5 en 22:3). Die dag gaan kom waarvan die Woord sê: ***Hy*** (God) ***sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan"*** (Openbaring 21:4). En Paulus sê: ***"Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen*** (niks is in vergelyking met) ***die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie"*** (Romeine 8:18).

Maar die gesprek gaan nie net oor die toekoms nie. God se Koninkryk is nie net 'n toekomstige werklikheid nie. Die Koninkryk is besig om te kom. Hier en nou – elke dag meer en meer! In antwoord op die gebede van sy kinders doen God tekens, wonders en kragtige dade. Hy genees en herstel! Hy gee oorwinning oor bose magte. Hy voorsien en sorg op wonderbaarlike maniere. Hy gee wysheid om probleme op te los en kennis om nuwe uitvindings te maak. Net soos lyding die hele skepping binnegedring het, is God se Koninkryk besig om soos suurdeeg die hele skepping binne te dring (Matteus 10:31-33). Wat 'n vreugde! Wat 'n aanmoediging om in ons lyding te bid en met God te praat! Wat 'n motivering om nou al te begin sing!

**Gebed:** Here, ek kan nie van my lyding weghardloop of dit ontken nie. Die lewe is nie altyd lekker nie. Help my asseblief om te glo dat lyding se dae getel is; te glo dat daar 'n dag kom waarop U 'n einde aan alle lyding gaan maak! **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid dat iets van God se Koninkryk vandag, in jóú en jóú gemeenskap se lyding, sal sigbaar word.*

† *Bid vir familie, vriende en kennisse wat op een of ander manier ly, selfs al is hulle fisies gesond.*


† *Bid veral vir mense wat in vrees lewe. Bid vir mense wat nie God, die Vader van ons Here Jesus Christus, ken nie. Bid dat hulle die Vader deur Jesus sal leer ken en dat sý liefde die vrees uit hulle lewe sal dryf* (1 Johannes 4:14-19).

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Swaziland.***

# DEEL 2

## Die Bybel gee méér as een antwoord en méér as een perspektief op lyding en swaarkry.

God én Satan én die mens is altyd al drie betrokke by ons lyding en swaarkry. Elkeen in ooreenstemming met sý eie aard en karakter.




# Dag 5

## Wat is die verband tussen sonde en lyding?

**Lees:** Jesaja 53 en 1 Petrus 1:18

Voor ons oor die verskillende Bybelse perspektiewe op lyding praat, moet ons eers oor die verskil tussen sonde en lyding praat.

**Lyding is nie gelyk aan sonde nie,** al hou dit daarmee verband. **Lyding is die gevolg van sonde** (Genesis 3). Dit was nie van die begin af deel van God se skepping nie. Dit het eers na Adam en Eva se ongehoorsaamheid 'n afskuwelike werklikheid geword (Romeine 5:12).

LYDING ≠ SONDE

SONDE → LYDING

(Die skets toon dat lyding nie sonde is nie, maar lyding is altyd die gevolg van sonde. Dit beteken egter nie dat al jóú lyding die direkte gevolg van jóú eie sonde is nie.)

Sonde en lyding is verskillende dinge. Die Bybel sê 'n mens moet hom van sy sonde bekeer, nie van sy lyding nie. As lyding en sonde dieselfde is, beteken dit dat Christus, omdat Hy gely het, ook gesondig het. Dit is nie waar nie! Die Bybel leer duidelik dat Jesus gely het (Johannes 10:17-18; Handelinge 3:18), maar nóóit gesondig het nie (Johannes 8:46; 2 Korintiërs 5:21 en Hebreërs 4:15 en 7:26-27; 1 Petrus 3:18)!

Hierdie onderskeiding tussen sonde en lyding is belangrik. Wanneer ons praat oor God se betrokkenheid by lyding, mag ons nie sê dat Hy ook by sonde betrokke is nie. God is lig. Daar is geen duisternis in Hom nie, al is Hy betrokke by lyding. Ons hoef nie sy goedheid te probeer beskerm deur sy betrokkenheid by lyding te ontken nie. Ons praat in Dag 7-9 oor hoe God by lyding betrokke is.

Lyding word veroorsaak deur sonde en sonde is die mens se eie skuld. Tog lê die oorsprong van die sonde nie by die mens nie, maar in die engele wêreld (Vgl. Judas 6; 2 Petrus 2:4).

God het die mens die vryheid gegee om self keuses te maak. Waarom weet ons nie, want die Bybel sê dit nie vir ons nie. Die beste antwoord wat ons daarop kan gee, is dat God ons na sy beeld geskep het. Daarom kan ons keuses maak en besluite neem.

Sonde is die oorsaak van lyding! Wanneer ons God die skuld gee vir die <u>oorsaak</u> van lyding, gee ons Hom skuld vir die sonde. Dan doen ons presies wat Adam gedoen het (Genesis 3:12): ons plaas die skuld vir ons eie onverantwoordelikheid op God (Vgl. Spreuke 19:3). Dit mag ons nooit doen nie!

**Gebed:** Here Jesus, ek aanbid U. Dankie dat U ter wille van ons gely het, maar nooit gesondig het nie. Daarom is U ons Verlosser en kan U ons help in ons stryd teen sonde (Hebreërs 2:17-18 en 4:14-16). **Amen**


**Voorbidding:**

- † *Bid vir diep insig in die Woord van God. Bid dat ons almal sal verstaan wat die Bybel oor sonde en lyding sê.*
- † *Bid dat jy en jou geliefdes nooit julle vryheid om te kies, sal misbruik om aan God ongehoorsaam te wees nie. Dit sal julle en ander in ellende dompel.*
- † *Bid dat mense wat ly en versoek word, Jesus as Helper en Verlosser sal leer ken* (Hebreërs 2:17-18 en 4:14-16).

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Namibië.***

# Dag 6
## Méér as een perspektief op lyding

**Lees:** 1 Johannes 4:8; Hebreërs 12:29; 2 Korintiërs 5:21



*Vyf verskillende aansigte van 'n koffie beker*

Elke skets van die beker is waar. Maar elke skets is nie die enigste waarheid nie. In elke skets is daar dele wat jy nie kan sien nie. Tog is hulle daar. Wanneer ons die verskillende sketse (perspektiewe) saamvoeg, sien ons die hele prentjie. Jy moet van al die verskillende kante na die beker kyk om die volle prentjie te sien.

Net so kyk die Bybel uit verskillende hoeke na lyding. Verskillende skrywers en dele gee verskillende perspektiewe. Elke perspektief is waar,

maar gee nie die volle prentjie nie. As ons byvoorbeeld na die kruis kyk, sien ons op grond van sommige Skrifgedeeltes God se liefde raak. Ander Skrifgedeeltes beklemtoon weer sy heiligheid (Hy haat sonde) en sy geregtigheid (Hy moet sonde straf). Al hierdie perspektiewe saam help ons om die boodskap van die kruis beter te verstaan.

Die baie perspektiewe van die Bybel oor lyding maak dit moeilik om kort en eenvoudige antwoorde te vind. Byvoorbeeld: 'n Boer vra: *Is dit omdat ek oneerlik was oor die werklike toestand van die bakkie wat ek verkoop het, dat die hael nou my oes verwoes het?* Hy soek net 'n ***ja óf 'n nee.*** Mense wat ly soek dikwels reguit, eenvoudige antwoorde. Hulle vra nie of dit die regte of die volle antwoord is nie. Maar die Bybel gee nie altyd sulke reguit en eenvoudige antwoorde nie.

Almal se lyding is nie dieselfde nie. Daarom is die Bybel se antwoorde op almal se vrae ook nie altyd dieselfde nie. Jy moet sover moontlik eers al die antwoorde kry. Dan moet jy **self biddend, afhanklik en in intieme worsteling met God by Hom hoor watter antwoorde nóú op jóú omstandighede van toepassing is.** Gister se antwoord was vir gister se lyding. Dit mag dalk later weer van toepassing wees. Maar wat van vandag? Die antwoorde wat ék in mý lyding kry, geld nie noodwendig nét so vir my buurman in sy lyding nie.

Omdat die Bybel verskillende perspektiewe op lyding gee, moet jy hulle almal in gedagte hou terwyl jy jou lyding interpreteer en probeer verstaan. Ek en jy kan nie iemand anders se lyding "verklaar en uitlê nie". Ons kan so iemand wel help om aan die hand van 'n paar Bybelse perspektiewe te soek na sin in sy lyding.

Kom ons aanvaar dit so en geniet die vryheid om te soek na die regte perspektief. Soek na dit wat nóú van toepassing is op jou lyding en jou situasie. Moenie eenvoudige antwoorde ('n enkele teks of twee) wat lukraak vir almal wat ly gegee word, aanvaar nie. Die Here werk nie so met mense nie. Hy weet wie jý is; hoe volwasse jý in jóú verhouding met Hom is; wat jý doen en wat jóú omstandighede is. Hy wil deur sy Woord en Gees persoonlik met jou praat. Dit beteken nie dat mense mekaar nie kan help en raadgee nie. Help mekaar om met God in gesprek te bly.

**Gebed:** Here, help my om te aanvaar dat die Bybel meer as een perspektief op lyding gee. Help my om nie na kort en eenvoudige antwoorde te soek nie. Help my om, wanneer ek ly, kwaliteit-tyd saam met U te spandeer. **Amen**

**Voorbidding:**

- † *Bid vir almal wat behoefte het aan perspektief, eerder as aan 'n "one-size-fits-all"-teks.*
- † *Bid vir almal wat in jou gemeenskap met siek en gestremde mense werk: dokters, tandartse, verpleegsters, aptekers, fisio- en arbeidsterapeute, oudioloë, hospitaalpersoneel, paramedici, ens.*
- † *Bid vir geestelike leiers wie se verantwoordelikheid dit is om gelowiges te help om hulle lyding en swaarkry te verstaan en te hanteer.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Botswana.***

# Dag 7
## Wie is betrokke by jou lyding en swaarkry?

**Lees:** Genesis 50:20 en Job 1:8-12 en 2:3-6

Almal ly die een of ander tyd en kry swaar. Dan vra hulle baie vrae en soek antwoorde: *Waarom gebeur dit? Waarom nou? Waarom so? Waarom ek? Wat nou verder?* Lyding en swaarkry is 'n moeilike vraagstuk. Daar is nie net een maklike antwoord daarop nie. Jy kan nie alle lyding vir alle mense in alle omstandighede met een enkele teks of Skrifgedeelte verklaar of hanteer nie. Die Bybel gee meer as een perspektief op lyding en swaarkry. Onthou die beker!

Wie is almal betrokke by my en jou lyding en swaarkry? Gewoonlik word **óf God, óf Satan, óf die mens** uitgesonder as die oorsaak van lyding en swaarkry. Mense dink dat net een van die drie altyd verantwoordelik is vir ons probleme. Die rede is dat hulle net na een teks kyk. Hulle kyk nie na die baie Skrifgedeeltes oor lyding en swaarkry nie.

Lees die Bybel noukeurig. Jy sal baie tekste oor lyding, swaarkry en probleme daarin ontdek. In sommige tekste is daar 'n verband tussen God en swaarkry. In ander is daar 'n verband tussen Satan en probleme. Nog ander sê dat die mense hulle eie lyding en ellende veroorsaak. Ek gee 'n paar voorbeelde:


- In die volgende tekste is daar 'n verband tussen **God en lyding:**
  1 Petrus 4:17-19
  Klaagliedere 3:31-38
  Jeremia 30:15

- In die volgende tekste is daar 'n verband tussen **Satan en lyding:**
  Markus 5:2-5
  Johannes 8:44
  1 Petrus 5:8
  Openbaring 2:10

- In die volgende tekste is daar 'n verband tussen die **Mens en lyding:**
  Psalm 107:17
  Spreuke 19:3
  2 Timoteus 3:1-4

Dit sal 'n fout wees om nét een teks te kies en te gebruik om uit te vind *wie* 'n rol in jou swaarkry en probleme speel. Jy sal dink dis **God, óf die Satan, óf die mens** (ook jy). Maar kyk mooi na die verskillende perspektiewe wat die Bybel op lyding gee. Jy sal agterkom dat **God én Satan én die mens** altyd 'n rol in alle lyding speel. Soms word net twee van die drie partye genoem, sonder om na die rol van die derde party te verwys. God én Josef se broers (mense) word in Genesis 50:20 genoem. God én Satan word in Job 1:8-12 en 2:3-6 genoem. Die betrokkenheid van Job se vrou (mens) word eers in 2:9 genoem.

Jy is **VERKEERD** as jy sê:
**God óf Satan óf die mens** is betrokke in my lyding en swaarkry.
Jy is **REG** as jy sê:
**God én Satan én die mens** is betrokke in my lyding en swaarkry.



Weet dat **God én Satan én die mens** 'n rol speel in elke geval van lyding en in elke probleem. **Maar onthou: elkeen speel sy rol in ooreenstemming met sý aard en karakter.** Dink aan die volgende: Wanneer 'n dokter my borskas oopsny om my te opereer, is die pyn en seer presies dieselfde as wanneer 'n misdadiger my met 'n mes aanval en my bors oopruk. Tog is daar 'n groot verskil, want elkeen tree in ooreenstemming met sy karakter op. Die dokter wil my help om gesond te word. Hy begeer 'n nuwe lewe vir my. Die misdadiger wil my kwaad aandoen en seermaak. Hy wil my doodmaak. Net so verskil God en Satan se betrokkenheid in my lyding. In ooreenstemming met hulle aard en karakter, wil een my help, en die ander een wil my doodmaak.

Dit word oor die volgende paar dae verder bepreek.

**Gebed:** Here, wys my asseblief hóé U, Satan en mense in my lyding betrokke is. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir almal wat ly as gevolg van 'n natuurramp of 'n pandemie en die sosiale en ekonomiese gevolge daarvan.*

† *Bid dat Christene deur die Woord en Gees hulle lyding en swaarkry beter sal verstaan. Bid dat baie mense **Lied in die Nag** sal bestudeer en met God oor hulle lyding en swaarkry sal praat.*

† *Bid dat mense oor die hele Afrika, veral in landelike gebiede, sal groei in hulle kennis van die Woord van God. Bid dat die Gees aan hulle wedergeboorte en nuwe lewe sal skenk. Bid dat Afrika uit armoede sal opstaan.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Zimbabwe.***

# Dag 8
## God se betrokkenheid (1)

**Lees:** 1 Petrus 1:16; 1 Johannes 4:8; Psalm 119:75b

Ons het al 'n paar keer na 1 Johannes 1:5 verwys. ***"God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie."*** Dit beteken God het nie 'n skadukant nie. Daar is niks in sý aard en karakter wat lelik of boos is nie. Daar is niks leliks in Hom wat dalk onverwags na vore kan kom nie. God is lig!

God is lieflik! God is wie Hy is (vgl. Eksodus 3:14). Oor Hóm kan ons in die middernag sing!

In Eksodus 34:6-7 sê die Here self wie Hy is: ***"Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sondermeer vry nie."***

Jona het die mense van Nineve gewaarsku dat die Here hulle gaan straf. Toe hulle hulle bekeer, het God afgesien van sy plan om hulle met 'n ramp te tref. Jona was kwaad vir die Here daaroor. In Jona 4:2b sê Jona: ***"Ek het geweet U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het."*** Lees ook Nehemia 9:17.

God ***is*** heilig en God ***is*** liefde! Hy ***is*** regverdig, goed, almagtig, vol ontferming en medelye. Ek en jy het ook sekere eienskappe. Soms tree ons daarvolgens op en soms nie. Maar God ***is*** sy eienskappe. Sy wese, karakter en eienskappe kan nie van mekaar geskei word nie. Wanneer God by ons lyding betrokke is, is dit in ooreenstemming met sy onveranderlike karakter.

Hoe is God, in ooreenstemming met sý aard en karakter, by ons lyding betrokke?

- ✓ Volgens Klaagliedere 3:32 kan ons sê dat **lyding God se teensinnige wil** is. God kry nooit lekker as iemand pyn en lyding verduur nie. Wanneer Hy lyding en swaarkry toelaat, is dit altyd met 'n traan in sy oog, 'n klaaglied in sy hart (Jeremia 9:10; 13:17 en 31:20; Hosea 11:8-9). God kry nie sy kinders terug deur hulle te laat swaarkry nie. Dit kan wel die manier wees hoe Hy hulle terugroep.

- ✓ God se betrokkenheid by lyding is altyd ***'n oproep tot bekering of tot 'n terugkeer na Hom.*** In Amos 4:6-12 lees ons byvoorbeeld van hongersnood, droogte, misoeste, pessiektes, oorloë en aardbewings. 'n Mens dink dis maar die gewone natuurlike verloop van sake in 'n landstreek soos Israel. Amos sê duidelik dat dit nie maar net 'n droogte was nie. Hy sê dat *die Here* nie reën gegee het nie, ensovoorts. God het deur natuurrampe gepraat. Só het Hy Israel tot bekering geroep. Vyf keer staan daar: ***"... en tog het julle julle***

***nie tot My bekeer nie, sê die Here."*** Lyding is nooit God se finale wil nie. Dit is sy "vóór-finale" (semifinale) wil. God se finale wil is altyd my en jou heil en redding. Hy wil net die heel beste vir ons hê. (Lees gerus Esegiël 33:11, Hebreërs 12:10 en Openbaring 9:20-21.)

- ✓ ***God is in sy almag betrokke in ons lyding.*** In sy ***almag heers Hy oor en beperk Hy*** ons lyding. God red Dawid op verskillende maniere uit doodsgevaar (1 Samuel 16 – 31). Daniël se vriende verbrand nie in die vuuroond nie (Daniël 3:22-26) en die leeus vreet nie vir Daniël op nie (Daniël 6:22-23). God stel perke aan die omvang en die tydsduur van ons lyding. Lyding kan nie hand uit ruk nie (Job 1:12 en 2:6; Openbaring 2:10; 13:5)! In sy almag laat Hy ook alles vir sy kinders ***ten goede meewerk*** (Romeine 8:28). Hy het selfs die dood oorwin. Niks is vir God onmoontlik nie (Jeremia 32:17 en 27).

- ✓ ***God is ook in sy heiligheid betrokke in ons lyding.*** Deur sonde te straf, handhaaf Hy sy heiligheid en geregtigheid. As Hy dit nie doen nie kan ons dalk dink Hy het soos die goddelose geword (Psalm 50:21-22). God se heiligheid is veral duidelik aan die kruis op Golgota. Sy heiligheid vereis dat sonde nie maar net oorgesien kan word nie (1 Korintiërs 11:17-34).

- ✓ ***God is in sy liefde betrokke in ons lyding.*** Christus het die straf op ons sonde gedra. Vir die Christen verloor lyding sy straf-karakter. In sy liefde en almag laat God alle lyding vir sy kinders ten goede meewerk (Romeine 8:28). Hy voed hulle op tot 'n heilige lewe, geloofsgehoorsaamheid en volwassenheid. Vir die Christen is lyding tug as opvoeding. Dis nie 'n straf nie (Hebreërs 12:4-12. Vergelyk weer Esegiël 33:11). Opvoeding fokus op die toekoms. Straf volg op iets wat in die verlede gebeur het.

God se betrokkenheid in jou lyding maak Hom nie wreed, boos en vyandig nie. Dawid sing: ***"Dat U my laat swaarkry, is 'n teken van u trou*** (Psalm 119:75 – lees ook vers 67 en 71). God bly dieselfde! Hy het jou baie lief. Jóú lyding is ook sý lyding. In jou lyding is Hy áltyd by jou. ***"Dag na dag dra Hy ons!"*** (Psalm 68:20).

Mense wat God in hulle lyding ignoreer is dwaas. Praat met Hom oor jou lyding.

**Gebed:** Here God, ek aanbid U as die Een in wie daar geen duisternis, sonde of boosheid is nie. Ek aanbid U as die onveranderlike God; U is heilig, liefdevol en goed, selfs wanneer ek ly. Dankie daarvoor. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir regerings. Hóé hulle regeer kan baie pyn en lyding veroorsaak of voorkom.*

† *Bid vir bejaardes. Baie is ongeletterd, veral op die platteland. Bid dat hulle God sal leer ken soos Hy Homself in die Woord en deur Christus aan ons openbaar. Bid dat dit sal gebeur vóór hulle sterf.*

† *Bid vir alle landbouers. Bid dat hulle God waarlik sal leer ken.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Mosambiek.***

# Dag 9
## God se betrokkenheid (2)

**Lees:** Hebreërs 1:1-2

God praat met ons deur sy Seun, Jesus Christus (Hebreërs 1:1-2). In Hóm hoor en sien ons hoe God oor ons lyding voel en hoe intens Hy daarby betrokke is.

Al ons ellende het by die sonde en ongehoorsaamheid van Adam begin. Daarom het God sy Seun as tweede Adam gestuur om ons probleem by die wortel aan te spreek. Die tweede Adam het geen sonde gedoen nie. Hy was 100% gehoorsaam aan die Vader. Die eerste Adam het die dood oor ons gebring. Die tweede Adam het vir ons die lewe gebring (Romeine 5:12-21). Hoe kan iemand beweer dat God nie omgee nie? Kyk na Jesus!

Die kruis is 'n prentjie van al God se eienskappe. Dis die volle prentjie van sy betrokkenheid in my en jou lyding.

God is **heilig** (1 Petrus 1:16). Hy haat en verbied sonde. Niks wat onheilig of onrein is, kan in sy teenwoordigheid kom nie. Daarom moet ek en jy eers gereinig word vóór ons verhouding met God herstel kan word. Die bloed van Christus het dit reeds vir ons gedoen (Hebreërs 7:26-27; 9:22; 10:10-20). Wees dankbaar vir God se betrokkenheid in lyding – dis tot ons voordeel.

God is **regverdig** (Jesaja 53:11; Sefanja 3:5; Handelinge 22:14; 1 Johannes 2:1). Hy móét sonde straf. Hy het Jesus gestuur om die straf op ons sonde te dra (Jesaja 53:4-5; 2 Korintiërs 5:21). Wees dankbaar vir God se betrokkenheid in lyding. Dit is tot ons voordeel.

God is **liefde** (1 Johannes 4:8-10). Omdat Hy ons liefhet, was Hy bereid om in ons plek 'n vervloekte te word sodat ons vrygespreek kon word (Galasiërs 3:13). ***"Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ... Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem en óns smarte – dié het Hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom*** (1953-Afrikaanse Vertaling - Jesaja 53:3-5). Die kruisiging van Jesus maak God se liefde vir ons duidelik! Hy het Christus in ons plek gegee toe ons nog sondaars was (Romeine 5:6-8). Wees dankbaar vir God se betrokkenheid by lyding – dis tot ons voordeel.

God is **almagtig** (Jeremia 2:19 en 32:15-17). In sy almag het Hy Christus uit die dood opgewek. Christus het die dood oorwin (Lukas 24:34; Openbaring 1:17-18)! Hy is die groot Oorwinnaar. Die finale Wenner! Dié Een wat die fondasie kom lê het vir God om alles nuut te maak (Kolossense 1:19-20; Openbaring 21)! Wees dankbaar vir God se betrokkenheid in lyding – dis tot ons voordeel.

Die kruis en opstanding wys vir ons hoe intens God by ons en ons lyding betrokke is; hoe lief Hy ons het; wat Hy bereid was om te doen om die oorsaak én die gevolg van ons lyding weg te neem.

Mense wat dink hulle kan God in hulle lyding ignoreer, is dwaas. Praat met Hom oor jou lyding. In Christus het God vir ons kom wys dat ons pyn en lyding vir Hom 'n ernstige saak is. Hy het vir ons kom sê hoe Hy daaroor voel en wat Hy reeds daaraan gedoen het. Praat met Hom oor jou lyding en swaarkry. Luister na Hom.

**Gebed:** Here, help my om altyd die kruis en die leë graf te onthou wanneer ek oor my lyding en swaarkry dink. Help my om, wanneer dit nag is in my lewe, met U te praat. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Loof, prys en aanbid God vir alles wat Hy in Christus Jesus vir ons kom sê en doen het.*


† *Bid vir die bekering van almal wat nog nie in Jesus glo nie – ook die wat saam met jou leef en werk.*

† *Bid vir almal wat steeds weier om met God oor hulle lyding en swaarkry te praat.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Zambië.***

# Dag 10
## Satan se betrokkenheid (1)

**Lees:** Johannes 8:44 en 10:10a




Ons lees in 2 Petrus 2:4 van die engele wat gesondig het. Hulle sonde was waarskynlik selfverheffing, verwaandheid en hoogmoed (Vgl. Judas 6 en 1 Timotteus 3:6). Hulle wou nie langer aan God onderworpe wees nie. Dit is waarom hulle uit die hemel gegooi is.

Soos God in ooreenstemming met sý aard en karakter in ons lyding betrokke is, is Satan ook in ooreenstemming met sý aard en karakter in ons lyding betrokke.

✓ Die Bybel beskryf Satan as die ***vader van die leuen*** (Johannes 8:44). Hy lieg en bedrieg; dis sý aard en karakter. Hy verwar mense wat ly. Hy verdraai alles, praat halwe waarhede en lieg. Hy vertel leuens oor God: hy vertel mense dat hulle God nie kan vertrou nie, nie met

Hom durf praat nie en dat God nie omgee nie. Hy lieg altyd - oor die rede vir jou lyding én die oplossing daarvoor! Hy is in wese ’n leuenaar. Hy vermom homself: hy kom in die gedaante van ’n engel van die lig (2 Korintiërs 11:14); doen hom voor as ’n vriend (Matteus 16:22-23) en maak asof wat hy sê, jou eie gedagte is (Johannes 13:2). Jy het kennis van die Woord en onderskeiding deur die Gees nodig om te weet wanneer en hoe Satan vir jou lieg.

- ✓ Die Woord sê ook dat Satan van die begin af ***’n mensemoordenaar*** is. Een wat ***steel, slag en uitroei.*** Hy is soos ’n brullende ***leeu wat*** sy prooi ***verslind*** (Johannes 8:44 en 10:10 asook 1 Petrus 5:8). Satan is in ooreenstemming met sy bose karakter betrokke in my en jou lyding. Hy skep behae daarin om pyn en lyding te veroorsaak en oral verwoesting te saai. Satan is die primêre oorsaak van al ons ellende.

- ✓ Die Satan is ’n ***listige verleier.*** Hy is nie tevrede met die feit dát jy ly nie. Hy wil ook hê dat jy in jou lyding teen God moet sondig. Hy omskep dus elke situasie van lyding in ’n versoeking (Job 2:7-9; Spreuke 30:7-9; Matteus 4:2-3). Hy gee verkeerde oplossings vir jou probleme: *"Hanteer jou spanning met ’n drankie." "Neem reg in eie hande en neem wraak." "Lieg en bedrieg om uit jou finansiële wurggreep te kom."* Hierdie is só belangrik dat ons in Dag 11 weer daaroor gaan praat.

- ✓ Satan, die ***beskuldiger,*** het die mens voor God aangekla (Job 1:6-9 en Openbaring 12:10-12). Nou sit Jesus aan die regterhand van God en tree vir ons in. Daarom kan Satan ons nie meer voor God aankla nie (Romeine 8:33-34; 1 Johannes 2:1, asook Hebreërs 7:25 en 9:24). Maar nou kla hy ons in ons eie gewete aan. Hy wil hê jy moet aanhou sondig. Daarom is hy nie spesifiek in sy aanklagte en beskuldigings nie. Hy belas jou gewoonlik met algemene, vae skuldgevoelens: *“Jy’s darem so sleg!”* Bid dat jy die vermoë sal hê om te kan onderskei tussen die duidelike stem van die Heilige Gees en Satan se vae, valse beskuldigings.

- ✓ God se aard en karakter is ***liefde*** (1 Johannes 4:8). Satan s’n is ***vrees***. Hy weet wat binnekort op hom wag (Matteus 25:41; Lukas 8:28; Judas 6; Openbaring 12:12). Hy verwag straf en hy vrees dit. Daarom maak hy ons ook bang vir God se straf (1 Johannes 4:14-19). Hy kry dit maklik reg wanneer ons ly en swaarkry. Ons glo so maklik die ergste. Ons probleme word vir ons reusagtige monsters wat ons hele lewe bedreig. Hoekom doen Satan dit? Hy weet dat bang mense maklik foute maak en sondig. Dink maar aan Saul wat vir die manskappe

bang was en toe teen God gesondig het (1 Samuel 15:24; Spreuke 29:25; Jesaja 57:11; Openbaring 21:8). Dink ook aan Petrus wat Jesus voor 'n diensmeisie verloën het omdat hy bang geword het toe hy sien wat met Jesus gebeur (Johannes 18:17).

✓ Satan ***beset en beheer*** nou nog mense (Lukas 8:26 en verder; Markus 1:32). Dit gaan soms gepaard met 'n versteuring, gebrek, siekte of ander vorme van lyding (Matteus 12:22; 17:14-18).

✓ Dit maak nie saak hoe aggressief die Satan is nie. Hy is mos ***reeds oorwin.*** Sy mag en krag is baie beperk (Johannes 16:33; Kolossense 2:15; Hebreërs 2:14-15). Satan is soos 'n kwaai hond of leeu aan 'n ketting. Al hoe hy 'n houvas op gelowiges kan kry, is deur leuens te vertel en paniek en vrees te saai.

**Gebed:** Here, help my om te sien hoe Satan in my lyding betrokke is. Dankie Jesus dat U hom reeds oorwin het. Bewaar en beskerm my asseblief teen sy boosheid. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Loof, prys en dank God dat Satan reeds oorwin is en nie kan doen wat hy wil nie.*

† *Bid vir mense wat gedurig in vrees lewe, omdat ...*
  - *hulle afgode dien en vereer;*
  - *hulle betrokke is by afskuwelike okkultiese praktyke soos in Deuteronomium 18:9-14 genoem word.*

† *Bid dat Christene wat hulle bekeer het van die aanbidding van voorvaders, kragtig sal getuig van die liefde en vrede wat hulle in Christus gevind het.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Malawi.***

# Dag 11
## Satan se betrokkenheid (2): Versoekings

**Lees:** 1 Korintiërs 10:13 en 1 Petrus 1:6

Ons weet al dat die duiwel die **vader van die leuen** is. Hy is in ooreenstemming met sy bose aard en karakter in ons lyding betrokke.

Daarom verwag ons dat hy in ons lyding vir ons sal lieg. Hy doen dit deur vir ons verkeerde raad en vals oplossings te gee.

In Grieks word dieselfde woord vir versoeking en beproewing gebruik. Die Grieke het verstaan dat daar in elke beproewing (alle lyding) ook 'n versoeking skuil. Dié versoeking kom nie van God af nie (Jakobus 1:13).

Satan gebruik ons lyding as 'n geleentheid om ons te versoek. Hy gee vir ons verkeerde raad en valse oplossings. Hy wil ons lyding net vererger deur vir ons slegte raad te gee. Hy is nie tevrede dat ons ly nie. Hy wil hê dat ons in ons lyding teen God moet sondig. Lees Job 2:7-9. Deur Job se vrou versoek Satan vir Job om God te vloek: ***"En sy vrou het vir hom gesê: Bly jy nog steeds vroom? Vervloek God en sterf!"*** Volgens Spreuke 30:7-9 word lyding wat deur armoede kom, 'n versoeking om te steel en so die Naam van die Here oneer aan te doen. Toe Jesus honger was na 40 dae se vas, het Satan Hom versoek om sy mag te misbruik deur klippe in brood te verander (Matteus 4:1-11).

Versoeking kom in verskillende vorms. Baie mense draai hulle rug op God omdat daar so baie pyn en lyding in die wêreld is. Moenie in dié strik trap nie. Jou pyn en ellende sal net erger word. Lees Jeremia 2:19b ***"Jy sal agterkom hoe rampspoedig dit is, jy sal proe hoe bitter dit is om My, die Here jou God, te verlaat, om geen eerbied meer vir My te hê nie, sê die Here God, die Almagtige."***

Dis 'n algemene versoeking **om die reg in jou eie hande te neem** wanneer jy onreg ly. Jy wil self wraak neem. Sodoende oortree jy ook die wet en kan selfs aangekla word.

As Satan jou nie sover kan kry om reg en geregtigheid in eie hande te neem nie, probeer hy jou tot **bitterheid en haat** verlei. Só was die moord op my broer 'n groot versoeking om my sendingroeping prys te gee.

Soos met bitterheid, is **onvergewensgesindheid** ook 'n algemene versoeking. As ons daaraan toegee, kan Satan ons hele lewe verwoes. Bitterheid en onvergewensgesindheid blokkeer God se liefde en vergifnis (Matteus 6:12; 18:21-35): Dit vreet soos kanker aan jou. Dit verwoes jou lewe. Onthou: *Bitterheid is die gif wat jý drink, in die hoop dat iemand ánders daarvan sal doodgaan.*

Baie mense **vloek** wanneer hulle kwaad word (Vgl. Efesiërs 4:25-32 veral vers 26). Hulle misbruik dikwels ook God se Naam. Hulle vloek God en doen wat Job geweier het om te doen (Job 2:9-10).

Vir baie mense is die versoeking groot om **ontrou in die huwelik** te wees. Dit gebeur dikwels dat twee mense uit ongelukkige huwelike, in mekaar se geselskap beland. Hulle het *begrip* vir mekaar. Só versoek die duiwel hulle om'n buite-egtelike verhouding aan te knoop.

**Selfdood** kan 'n versoeking word wanneer omstandighede te veel word of mense hoop verloor.

Die volgende ware storie illustreer die opeenvolgende versoekings van Satan in die lewe van 'n boer wat baie swaargekry het:

Dié boer het as gevolg van verkeerde besluite en 'n te hoë lewenstyl, finansieel begin noustrop trek. Die Satan se "oplossing" was om 'n vals BTW-eis vir R10 000 in te dien. Dit het geslaag, maar toe begin die Satan hom verder teister. Spanning en vrees dat hy uitgevang gaan word, het die boer begin verteer. Ek het aangebied om 'n Christen-prokureur te kry en die boer te help om die bedrog te verklaar en reg te stel. Maar daarvoor het hy nie kans gesien nie. Finansieel het dit steeds slegter en slegter gegaan - bankrotskap het 'n al groter moontlikheid geword. Weereens het die Satan 'n verkeerde oplossing aangebied. Die boer het 'n sangoma gaan raadpleeg. Stadig maar seker was Satan besig om sy lewe te verwoes. Christenvriende het namens God by hom gepleit om hom te bekeer. Maar hy het geen berou gehad nie. Die boer het gekies om sy sonde weg te steek. Algaande het die waarheid van Spreuke 28:13 'n werklikheid in sy lewe geword. Alles het verkeerd geloop. Sy vrou het ook haar werk verloor en die kinders het bitter swaar begin kry. Die boer het God begin beskuldig vir al sy swaarkry, asof Hý die "sondaar" was (vgl. Spreuke 19:3). Toe daag 'n koper vir die boer se grond op. Uiteindelik het 'n skikking moontlik gelyk. Maar toe verdwyn dié koper met al sy mooi beloftes en laat weet uit die buiteland dat hy nie meer belangstel nie. *"God het my weer gedrop"*, het die boer gesê. Nou was God finaal skuldig! Onbetroubaar, verwerplik! Die boer het finale bankrotskap in die gesig gestaar. Weereens was die Satan daar met 'n bose plan. Maar die boer het my eers gebel (want God was in sy groot liefde ook betrokke in die boer se lyding). Hy het ons gesprek beëindig met die woorde: *"Daar bly vir my net een uitweg oor. Ek moet my eie lewe neem. Dan is ek ontslae van al my moeilikheid."* Stadig maar seker was die Satan besig om 'n kosbare lewe te verwoes deur aanhoudend verkeerde oplossings vir dié boer aan te bied. (Ek het nooit weer kontak met die boer gehad nie, maar het wel jare later verneem dat hy nie aan die laaste versoeking, naamlik selfdood, toegegee het nie. Dank die Here!)

Al dié voorbeelde dien as waarskuwing. Pasop vir die versoekings tydens lyding. **Elke keer wanneer jy ly en swaarkry, móét jy stilstaan en vra:** ***Hoe is Satan besig om my te versoek? Watter vals en gevaarlike***

***oplossing stel hy voor?*** Getrou aan sy aard en karakter wil Satan hê dat ek en jy in ons lyding teen God moet sondig! Hy wil ons lyding vererger en ons lewe verwoes.

**Gebed:** Here, dankie dat U ons leer bid het: *Bewaar ons van die Bose* (Matteus 6:13 en Johannes 17:11-15). Help my om aanhoudend te bid dat U my sal bewaar teen die versoekings en strikke van Satan. Beskerm my asseblief elke dag. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir iemand wat jy vermoed, niemand anders voor bid nie. Bid vir die persoon se verlossing van die Bose (Kolossense 1:13-14).*
† *Bely en laat staan alle bitterheid.*
† *Bely en laat staan alle vloekery.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Tanzanië.***

# Dag 12
## Satan se betrokkenheid (3): Vrees

**Lees:** 2 Timoteus 1:7 (vgl. die 1933- of 1953-Vertaling)

Satan is altyd in ooreenstemming met sý aard en karakter betrokke in ons lyding. Hy hou daarvan om ons bang te maak. Dis vir hom maklik wanneer ons ly en swaarkry, en voor groot uitdagings te staan kom. John Maxwell se ***"Reflective thinking turns experience into insight"*** het my oor vrees laat nadink en bid. Ek het tot hierdie insig gekom:

Vrees is 'n mens se grootste vyand. Vrees het nog nooit 'n probleem opgelos nie. Vrees het nog nooit 'n helpende hand aan iemand gegee nie. Vrees het nog nooit werk geskep of 'n siekte genees nie. Vrees het nog nooit iemand laat lag of iemand bemoedig nie. Vrees het nog nooit 'n verhouding herstel of gebou nie, nog nooit 'n huwelik gered nie. Vrees het nog nooit 'n land geplant, iemand kos gegee, 'n besigheid begin of 'n toekoms vir iemand anders geskep nie. Vrees het nog nooit iemand bemagtig vir 'n taak nie. Inteendeel, vrees het wel baie mense lamgelê. **Maar, geloof en liefde doen daagliks alles wat vrees nie doen nie!**

Ek het oor vrees nagedink en verstaan waarom die Here, wanneer Hy 'n opdrag aan iemand gee, altyd byvoeg: *Moenie vrees nie. Moenie bang wees nie! Ek is met jou!*

(vgl. Josua 1:5-9; Jeremia 1:8 en 1:17-19). Vrees het nog altyd tot sonde en ongehoorsaamheid gelei (Openbaring 21:8). Vrees het nog nooit gedoen wat God sê nie, maar altyd reageer met *"Wat as ...?"* Vrees het nog nooit duisternis oorwin nie. Net geloof kan dit doen! Vrees het nog nooit van hierdie aarde 'n beter plek gemaak nie. Net liefde en geloof kan dit doen! **Vrees het nog nooit 'n Christen gehelp om die mag en gesag wat Christus aan ons gegee het, te gebruik om sy Koninkryk te bou nie** (Lukas 9:1-2 en Matteus 10: 1 en 7). Vrees het nog nooit iemand die krag gegee om vas te byt en deur te druk nie. Vrees laat niemand volhard totdat God se beloftes 'n werklikheid word nie. Al wat vrees nog ooit gedoen het, is om gelowiges te laat terugdeins. Dit maak hulle oneffektief .

Vrees teer op die onbekende, die toekoms, die *"wat as?"* van die lewe. Geloof onthou wat God al klaar gedoen het (Psalm 107). Hy het in die woestyn gesorg **én** op Golgota! Vrees werk met leuens en halwe waarhede. Geloof werk met die volle waarheid. Vrees vertel wat drieuur die Vrydagmiddag gebeur het, maar swyg oor wat Sondagoggend gebeur het. Toe "skreeu" die graf dit uit: **Ek is leeg, Hy het opgestaan!** *It may still be dark and feel like Friday, but surely, Sunday is coming!* Behou geloof!

**Reflective thinking turns experience into insight!** Die feit dat ek glo, beteken nie dat ek nooit oordeelsfoute maak of gemaak het nie. Ek is 'n mens en ek hoor nie altyd reg nie. Ek luister nie altyd mooi en goed genoeg nie. Maar my gevolgtrekking is: **Al het my geloof my soms skynbaar in die steek gelaat, het vrees dit *elke keer* gedoen! Geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan, is beter as vrees wat almal lamlê en passief maak.**

Vrees het my nog nooit gehelp nie. Geloof het! God het! Vrees werk nie vir my nie! Ek soek dit nie naby my nie. Ek kies liefde en geloof en 'n verhouding met God! Geloof het my verder in die lewe gebring as wat vrees ooit sal regkry. Vrees het nog nooit my "tenk" volgemaak nie. Dit het my wel sonder "petrol" langs die pad laat staan. Maar geloof het nog altyd weer my leë tenk heel én vol gemaak. Dit het my in staat gestel om in geloof verder te gaan as wat ek gedink het ek kon.

Vrees proklameer nie wat op grond van die kruis en die leë graf móét gebeur nie. Dit beklemtoon net al die negatiewe goed wat die oog sien. Vrees praat óór Goliat en al die reuse wat ons daagliks bedreig. Dit probeer ons oortuig dat die geveg ons s'n is en sê dat ons gaan verloor. Vrees laat ons vergeet dat God met ons is (Matteus 1:23 en 28:20). Dit laat ons vergeet dat God reeds die oorwinning behaal het.

Geloof praat mét die reus. Dit vernietig sy arrogansie, intimidasie en uittarting van God (40-Dae Gebedsfokus op die Landbou 2019 – *In jou sien God vir Hom 'n koning!* Dag 15).

Moenie dat vrees jou oorrompel nie. Vrees kan jou nie help in jou stryd teen lyding en swaarkry nie. Om bang te wees en jou te bekommer, kom nie van God af nie (2 Timoteus 2:7; Filippense 4:6). Jy kan dit oorwin deur met

God te praat.  Gesels met Hom aan die hand van sy Woord en onder leiding van sy Gees.  Moenie bang wees nie.  God is met elkeen van sy kinders.  Dit maak nie saak hoe donker die nag is of hoe groot die uitdaging is nie.

As jy bang is, het jy klaar verloor (Spreuke 24:10).

**Gebed:** Here, dankie dat U my vul met U krag, liefde en selfbeheersing. Dankie dat U my help om niks en niemand te vrees nie.  Ek buig voor U in eerbied en ontsag.  **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir almal wat in vrees lewe.  Bid veral vir mense in tradisionele godsdienste wat deur vrees gevange gehou word.*


† *Bid vir mense wat aan depressie ly.*

† *Praat met die Here oor jou vrees.  Hy sal jou help om vrees te oorwin en te doen wat Hy sê.  Hy sal jou 'n nuwe lied laat sing!*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Angola.***

# Dag 13
## Die mens se betrokkenheid (1)

**Lees:** Romeine 3:9-18




Die mens is nie nét 'n toeskouer of slagoffer van lyding nie.  Lees oor **Judas** in Johannes 13.  Die duiwel het vir hom die gedagte gegee om Jesus te verraai (13:2).  Jesus het geweet wie Hom gaan verraai sodat die

Skrif vervul kon word (13:11 en 17:12). Daarom het Hy die stukkie brood aan Judas gegee (13:26). Toe het die duiwel in Judas ingevaar (13:27) en hy het die brood gevat (13:30). Judas was nie ’n slagoffer nie. Hy was ’n aktiewe rolspeler. Hy het nie per ongeluk die brood gevat nie. Hy was die hele tyd saam met Jesus. Hy het gehoor wat Jesus leer en gesien wat Hy doen. Maar ... sy hart het nooit verander nie. Sy politieke oortuiging (van ’n aardse nasionalistiese koninkryk) en geldgierigheid het ook nie verander nie. Hy het nie vir die armes omgegee nie. Hy het selfs van die bediening se geld gesteel (Johannes 12:5-6). Sy lojaliteit is met geld gekoop (Matteus 26:14-16). Judas het Jesus verraai. Dit was in ooreenstemming met sy aard en karakter. Dit is wie hy was.

Lees Romeine 1:18 en verder. Mense probeer die waarheid oor God wegpraat en wegredeneer. Hulle redenasies is dwaas. Tog glo hulle dat húlle slim en geleerd is. Hulle het geen verskoning vir hulle optrede nie. Hulle verwerp God. Maar hulle aanbid enige ding onder die son: beelde wat lyk soos mense of diere, geld en hulle eie maag (Romeine 1:18-23; Matteus 6:24; Filippense 3:19). Hulle is liewer vir plesier as vir God (2 Timoteus 3:4). As gevolg van hulle eie keuses gee God hulle oor aan hul bose drange, skandelike seksuele drifte en verdraaide opvattings (Romeine 1:24-28). So ontaard hulle heeltemal: ***"Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; Hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en praat kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand; hulle is mense wat kwaad uitdink, ongehoorsaam aan hulle ouers; hulle is onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, hardvogtig. Hulle is mense wat die verordeninge van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen"*** (Romeine 1:29-32).

Paulus beskryf die samelewing in die tyd voor Christus se wederkoms met soortgelyke woorde (2 Timoteus 3:1-5). Om een of ander rede kies die mens ’n lewe van pyn, lyding, ellende en swaarkry. Dis onverklaarbaar en dwaas. Die mens kan nét homself blameer.

Mense se selfsugtige begeertes veroorsaak konflik tussen hulle (Jakobus 4:1-3). Dit lei tot allerhande gemene dade en selfs oorlog. Die mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Mense is net te gewillig om verlei te word (Jakobus 1:13-15).

Sonde verblind mense. Ons sien nie ons eie sonde raak nie (Matteus 7:1-6; Openbaring 3:17). Ons kom nie eers agter hoeveel hartseer en ellende ons veroorsaak nie.

Mense is dikwels hulle eie grootste vyand. Maar elke mens is gou om die skuld vir sy sonde en lyding op iemand anders te pak. Hulle beskuldig selfs vir God en/of Satan.

**Onthou:** Die Bybel gee meer as een perspektief op lyding en swaarkry. Agter my en jou lyding, staan .... **NIE** God **ÓF** Satan **ÓF** die mens **NIE**,
**MAAR,** God **ÉN** Satan **ÉN** die mens.

**Elkeen is betrokke in ooreenstemming met sy eie aard en karakter.** ’n Wedergebore Christen is ’n nuwe mens. Daarom behoort sy betrokkenheid by lyding anders te wees as dié van ongelowiges. ’n Christen is uit God gebore. God is sy Vader (Johannes 1:12-13; Hebreërs 2:11). Daarom moet sy betrokkenheid ooreenstem met die Vader s’n. Ongelowiges se betrokkenheid sal gewoonlik ooreenstem met die aard en karakter van húlle vader – die vader van die leuen, die mensemoordenaar, Satan. Dit is waarom mense verskillend optree tydens ’n pandemie soos Covid-19. Party mense doen alles in hulle vermoë om mense se nood te verlig. Maar ander sien die pandemie as ’n geleentheid om mense uit te buit en geldelike voordeel te trek.

**Gebed:** Here, maak my oë oop vir my eie betrokkenheid by lyding en swaarkry. Help my om verantwoordelikheid te aanvaar vir wat ek dink, sê en doen. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir alle leiers. Wat hulle dink, sê en doen, het ’n groot invloed op baie mense se lewens. Bid dat leiers Jesus as Here sal volg.*


† *Bid vir lui landbouers, lui medici en lui politici. Hulle luiheid lei tot baie lyding vir baie mense.*

† *Bid vir die wedergeboorte en bekering van landbouers en hulle gesinne.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in die ***DRK.***

# DEEL 3


## Lyding kom langs minstens een van vyf verskillende paaie na ons toe.




Wanneer iemand ly, vra hulle altyd ***waarom?*** ’n Mens kry dikwels nie direkte en duidelike antwoorde op jou waarom-vrae nie. Tog is dit belangrik om na ’n paar perspektiewe uit die Woord te kyk. Die Bybel het ***nie net een*** klinkklare ***antwoord*** nie. Daar is ***méér as een antwoord en méér as een perspektief.*** Gewoonlik is ***méér as een gelyktydig*** in ’n spesifieke situasie van toepassing.

# Dag 14
## My sonde en ongehoorsaamheid (1)

**Lees:** Psalm 38:4




Waarom ly ek en kry ek swaar? Daar is ***meer as een antwoord*** op hierdie vraag. Die eerste, mees voor die hand liggende antwoord is gewoonlik: **Oor mý sonde!**

Daar is ten minste vyf moontlike redes vir jou lyding en swaarkry. Lyding **kán** die gevolg van jou **persoonlike sonde, dwaasheid, ongehoorsaamheid en onverantwoordelikheid** wees, **maar dit is nie noodwendig so nie.** Dit kán as gevolg van jóú sonde wees, **maar dit is nie noodwendig so nie.** Dit is gevaarlik om net een standpunt te hê wanneer jy oor lyding en persoonlike sonde praat.

Om vir iemand wat ly te sê: ***Al*** *jou lyding is* ***altyd*** *die gevolg van jou eie persoonlike sonde,* is gevaarllik. Dis onwaar en jy laai 'n geweldige swaar las op dié persoon. Dit is ook verkeerd om vir iemand wat ly te sê: *Lyding is* ***nie/nooit*** *die gevolg van jou persoonlike (eie) sonde nie.* Moenie sulke stellings maak nie. Christene is nie verhewe bo sonde nie (1 Johannes 1:8). Sonde dra die kiem van lyding (Vgl. Jeremia. 7:16-20).

Dit is duidelik: alle lyding hou verband met sonde. Slegs sommige lyding is die direkte gevolg van jou persoonlike sonde.

In die Bybel is voorbeelde waar mense se lyding duidelik die gevolg van húlle sonde is:

- **Gierigheid / leuens** en Gehasi se melaatsheid (2 Konings 5:19-27);
- **Owerspel / moord** en die dood van Dawid en Batseba se kind (2 Samuel 12:13-14);
- **Ongehoorsaamheid** en Lot se vrou (Genesis 19:16-26);
- **Diefstal** en die dood van Akan en sy familie (Josua 7);
- **Ongehoorsaamheid / vrees** en Saul se verwerping as koning (1 Samuel 15);
- **Ongeloof** en die stomheid van Sagaria (Lukas 1);
- **Leuens** en die dood van Ananias en Saffira (Handelinge 5);
- **Ongepaste gebruik van nagmaal** en die siekte en dood van sommige nagmaalgangers (1 Korintiërs 11:17-34).

In 1 Korintiërs 5 lees ons oor die kerklike tug. Hier het sonde en lyding 'n direkte verband met mekaar. Die tug handel oor 'n spesifieke sonde van 'n spesifieke persoon. God, Satan en die mens se betrokkenheid kom in 1 Korintiërs 5 duidelik na vore. Die doel van tug (lyding) is die redding van die sondaar en die eer van God (vers 5).

Praktiese voorbeelde uit ons alledaagse lewe:

- **MIV/vigs** kan op baie maniere oorgedra word. Maar daar is 'n direkte verband tussen seksuele losbandigheid en perversiteit, en hierdie siekte.
- Baie motorongelukke is die direkte gevolg van **drankmisbruik.** Drankmisbruik lei ook tot liggaamlike en fisiese aftakeling. Baie huweliks- en gesinsprobleme is die gevolg van dronkenskap;
- **Rook en slegte eet- en drinkgewoontes,** is die direkte oorsaak van baie bloed-, long-, hart- en ander probleme.

Ons weet dat lyding 'n verband het met sonde. Ons weet ook dit kan die gevolg wees van persoonlike sonde. Daarom moet ons onsself ondersoek en verootmoedig wanneer ons ly en swaarkry. Praat met God oor jou lyding én die oorsaak daarvan. As die Gees van God jou oortuig van 'n spesifieke sonde, bely dit. Hy het Hom al in Eksodus 34:6-7 aan ons openbaar: ***"Ek die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sondermeer vry nie ..."*** Hy het sy Seun in jou plek gestraf om jou sonde te vergewe en jou vry te spreek (2 Korintiërs 5:21; 1 Johannes 1:7-10). Aanvaar sy vryspraak. Breek met jou sonde. Jy sal genade ontvang (Spreuke 28:13)! Jy hoef nie jou lyding te vererger deur

jouself te verwyt en te kasty of om allerhande offers te bring nie. Met Christus se offer is alles afgehandel (Hebreërs 10:11-18). Toe dit in die middel van die dag vir Jesus nag geword het (teen 12 uur het dit donker geword), was Hy bitter eensaam en van God verlaat. Maar toe Hy sterf, het die voorhangsel in die tempel van bo na onder geskeur (Matteus 27:45-51). Só het ek en jy toegang tot die heiligdom, die troon van genade, gekry (Hebreërs 10:19-22 en 4:16). Gebruik hierdie geleentheid! Dis 'n voorreg!

God kan mense aan Satan en/of hulleself oorgee indien hulle steeds geen berou oor sonde het nie, al ly hulle as gevolg daarvan. Dan verwoes en vernietig hulle hul eie lewe (Romeine 1:18-32). Wee die mens wat God in lyding laster (Vgl. ook Openbaring 9:20-21; 16:9, 11, 21).

Daar is nie altyd **'n direkte verband** tussen iemand se sonde en lyding nie.

- Die blinde man in Johannes 9:2-3;
- Die Galileërs wat Pilatus laat doodmaak het en die 18 wat dood is toe die toring van Siloam op hulle ingestort het (Lukas 13:1-5);
- Job se bitter lyding (Job 1 tot 42);
- Asaf wat in Psalm 73 worstel met die voorspoed van hooghartige en goddelose mense.
- Droogtes in die Noord-Kaap beteken nie die mense van die Noord-Kaap is groter sondaars as die mense wat in hoë reënvalgebiede woon nie.

Daarom moet ons verder soek en dieper delf vir nog antwoorde.

**Gebed:** Vader, dankie vir die offer van Jesus, die vergewing van sonde en die oop pad na u troon van genade. Ek wil met U praat oor my sonde en die gevolge daarvan. Wys my asseblief alles wat ek moet bely en laat staan. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir mense wat in hulle sonde volhard, al ly hulle. Vra die Heilige Gees om hulle oë en ore oop te maak. Vra dat hulle sy uitnodiging sal hoor en na Hom sal kom.*

† *Bid vir 'n boer, sy gesin en al sy werkers.*

† *Seën alle dokters en mediese personeel wat jy ken.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in die ***Kongo.***

# Dag 15
## My sonde en ongehoorsaamheid (2):
## Neem tog my sonde weg!

**Lees:** Psalm 51

Psalm 51 is 'n lied! Dis 'n lied wat Dawid geskryf het na sy owerspel met Batseba. Die lewe was vir hom nag. Sy sonde het hom ingehaal. Die lied is geïnspireer deur die Heilige Gees (2 Timoteus 3:16). Ek kan nie dink aan meer opregte woorde om in ons gebrokenheid mee na God te gaan nie. Maak die woorde van hierdie Psalm die opregte gebed van jou hart.

3 ***Wees my genadig, o God,***
***in u troue liefde,***
***wis my oortredings uit***
***in u groot barmhartigheid!***
4 ***Was my skoon van my skuld,***
***reinig my van my sonde!***
5 ***Ja, my oortredings ken ek***
***en van my sonde bly ek altyd bewus.***
6 ***Teen U alleen het ek gesondig,***
***ek het gedoen wat verkeerd is in u oë.***
***U uitspraak is dus reg***
***en u oordeel regverdig.***
7 ***Ek was al skuldig toe ek gebore is,***
***met sonde belaai toe my moeder***
***swanger geword het.***

8 ***Maar U verwag opregtheid***
***diep in 'n mens se hart:***
***laat ek dan diep in my binneste weet***
***hoe U wil dat ek moet lewe.***
9 ***Neem tog my sonde weg***
***dat ek rein kan wees,***
***was my dat ek witter as sneeu kan wees.***

*10 Laat my weer blydskap*
*en vreugde belewe.*
*U het my verbrysel;*
*laat my weer jubel.*
*11 Moet tog nie ag slaan*
*op my sondes nie,*
*wis al my skuld uit!*
*12 Skep vir my 'n rein hart, o God,*
*vernuwe my gees*
*en maak my standvastig.*
*13 Moet my tog nie van U af wegdryf*
*en u Heilige Gees*
*van my af wegneem nie!*
*14 Laat my weer blydskap ervaar*
*van iemand wat deur U verlos is,*
*laat my U weer met toewyding dien.*
*15 Dan sal ek oortreders leer*
*wat U van 'n mens verwag;*
*dat die sondaars hulle tot U sal bekeer.*

*16 Red my van ondergang,*
*o God, my Redder,*
*dat ek kan jubel oor U verlossingsdaad.*
*17 Here, gee my die woorde*
*om u lof te verkondig.*

*18 'n Offer vra U nie,*
*anders sou ek dit bring;*
*'n brandoffer wil U nie hê nie.*
*19 Die offer wat U wil hê, o God,*
*is verootmoediging:*
*U sal 'n hart vol ootmoed en berou*
*nie gering ag nie, o God. ...*

**Gebed:** Dankie Here dat U na my Psalm 51-gebed luister. U ken my hart. U verhoor my gebed! U herstel ons verhouding! U uitspraak is regverdig as U my vryspreek, want ek glo in Jesus (Romeine 3:26 se laaste deel!) **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid Psalm 51 vir iemand wat jy liefhet, maar wat nog nie gereed is om self die Psalm te bid nie.*


† *Bid vir die redding van jou ouers, indien hulle nog ongered is.*

† *Seën alle onderwysers en onderwys-leiers wat jy ken.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Rwanda.***

# Dag 16
## Ander mense se sonde

**Lees:** 2 Timoteus 3:1-5




***Ander mense*** ('n spesifieke persoon en/of groep mense en/of selfs voorgeslagte en/of die hele samelewing en mensdom) se sonde, ongehoorsaamheid en onverantwoordelikheid kan jou ook laat ly en swaarkry.

Ons leef in 'n goddelose wêreld. Almal, Christene en nie-Christene, is verbind deur sosiale, ekonomiese, historiese en kulturele bande. Daarom beïnvloed ons mekaar op alle gebiede. Ook negatief. Paulus noem dit in 2 Timoteus 3:1-5 swaar tye. Dit impliseer lyding (vgl. ook Romeine 1:29-31). Hierdie "swaar tye" is nie as gevolg van groot natuurrampe of die

geweldige dinge wat Christus se wederkoms voorafgaan nie. Dit is die gevolg van die karakter en optrede van mense. Paulus beskryf mense se lewe negatief: Hulle is ***ón-mense***: ***ón***gehoorsaam aan hulle ouers, ***ón***dankbaar, ***sonder*** natuurlike liefde, ***ón***heilig, ***ón***versoenlik en ***ón***godsdienstig. Hulle optrede is ***ón-menslik.*** Hulle is grootpraterig, bandeloos en wreed. Die woord "wreed" beteken eintlik ***ón***getemd, soos wilde diere. Hulle is barbaars! Hierdie mense is nét lief vir hulleself, geld en genot. Alles draai om hulleself. Hulle wil eet en drink en die lewe geniet. Hulle stel nie belang in die opstanding uit die dood nie en wil niks weet van 'n ewige oordeel nie.

'n Voormalige raadgewer van oud-president Jimmy Carter van Amerika, het die woord **"tittitainment"** geskep. *"This word is a combination between "entertainment" en "tits" – the American slang word for female breasts. It describes the need for plenty of entertainment and enough food to keep the world's frustrated 80 precent in a good mood! What a world to live in!"* [1]

In só 'n samelewing kry almal swaar – Christene en nie-Christene. Ék én jý! Dink net: As ouers só ón-menslik is, hoe seer kry kinders? Hoeveel trane stort ouers as hulle kinders só ón-menslik optree? Hoeveel lyding veroorsaak politici en regerings vir landsburgers as hulle só ón-menslik is? As landbouers só ón-menslik is, watter invloed het dit op die mense aan wie hulle veronderstel is om genoeg goeie en gesonde kos te voorsien? As godsdienstige kerkleiers só ón-menslik is, dink wat gebeur met hulle arme lidmate. As dokters só ón-menslik is, wat word van hulle pasiënte? As pasiënte só ón-menslik is, hoe moeilik maak hulle die lewe vir dokters en ander gesondheidswerkers? Watter invloed het dit op my en jou as groot maatskappye wat saad vir die landbou produseer, of entstowwe teen groot pandemies, só ón-menslik word? Ón-menslike navorsers en wetenskaplikes maak biologiese en chemiese oorlogvoering meer as net 'n afskuwelike moontlikheid. Dit kan oornag 'n skrikwekkende werklikheid word. Wat kan jy verwag van 'n ón-menslike polisieman en 'n ón-menslike onderwyser? As ryk mense só ón-menslik is, wat word van die armes? As arm mense só ón-menslik word, hoe veilig is ryk mense? In só 'n samelewing, is lyding en swaarkry 'n afskuwelike werklikheid vir ons almal!

Wanneer ek en jy hierdie dinge aan ons lyf voel, móét ons perspektief behou. Al gaan die wêreld hóé teen God te kere en al dink hulle hulle het

---

[1] (Business Unlimited by J. Gunnar Olson, page 207)

die grootste mag en die laaste sê: God lag hulle uit. Hy spot met hulle (Psalm 2:4 en 37:13)!

Maar onthou: Christene is geroep om sout vir die aarde en lig vir die donker wêreld te wees (Matteus 5:13-16). Duisternis het nie, en sal ook nooit die lig oorwin nie (Johannes 1:4-5)! Maak 'n verskil. Wees sout en wees lig!

Moenie verbitterd raak nie. Bitterheid kan niks doen om jou lyding te verminder of jou las ligter te maak nie. Dit verwoes net jou eie lewe. *Bitterheid is die gif wat jy drink in die hoop dat iemand anders sal doodgaan.* ***"Moenie sê: 'Ek wil my wreek oor die kwaad wat my aangedoen is' nie; vertrou op die Here, en Hy sal jou help"*** (Spreuke 20:22). Laat dit aan God oor om te straf (Romeine 12:17-21). Onthou: ek en jy kan ook pyn en lyding in ander se lewe veroorsaak. My mislike houding, slegte gesindheid en onverantwoordelike optrede veroorsaak lyding vir ander. Daarom móét ek, terwyl ek ly as gevolg van ander se sonde, ook selfondersoek instel. Ek moet my skuld voor God en ander bely. Só sal ek en jy gesond word (Jakobus 5:16).

**Gebed:** Here, ons leef in 'n donker wêreld vol ón-menslike mense. Help my om nie bitter te word nie. Help my om sout en lig vir die wêreld te wees. U lig kan nie uitgedoof word nie. Laat u lig deur my skyn. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bely alle bitterheid en wraakgierigheid.*


† *Bid vir almal wat deur hulle ón-menslike ingesteldheid en optrede, die lewe vir jou hel maak. Wees gehoorsaam aan Jesus se opdrag in Lukas 6:27-31 en seën hulle.*

† *Vra die Heilige Gees om jou te wys wat jy doen wat ander laat ly en swaarkry. Bely dit en hou op daarmee.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Burundi.***

# Dag 17
## Die algemene gebrokenheid van die skepping en die lewe

**Lees:** Genesis 3:17-19; Romeine 8:20-22




Die wêreld is sedert die sondeval stukkend en onvolmaak. Mense kry swaar. Daar is oral probleme sonder dat ons altyd weet waarom dit so is. Lyding en swaarkry is dikwels onverstaanbaar en onverklaarbaar.

Na Adam en Eva se ongehoorsaamheid het God die aarde vervloek (Genesis 3:17-19). In Christus het Hy weer alles met Homself versoen (Kolossense 1:19-20). Maar tot en met die wederkoms van Christus bly die hele skepping gebroke en verganklik. Daar is altyd iets wat skeefloop; iets wat nie werk nie; iets wat breek; iets wat vanself agteruit gaan. Die hele skepping is vol pyn en frustrasie. Die skepping is nog nie bevry van al die gevolge van die sondeval nie. Eers wanneer Christus weer kom, sal God die aarde heeltemal nuut maak (2 Petrus 3:13; Openbaring 21:1-5). Die nuwe aarde sal pas by die heerlikheid van God se kinders.

Jou fiets word oud en breek uiteindelik, al pas jy dit hoe goed op. Dis nie die gevolg van iets wat jy verkeerd doen nie. Niks in die wêreld is volmaak nie. Niks hou vir altyd nie. Alles moet gedurig in stand gehou word, anders gaan dit vanself tot niet. Dit geld vir huise en geboue; paaie en voertuie; meubels en klere. Dit geld selfs vir verhoudings tussen mense.

Daar sal onkruid in jou land opkom, al dien jy die Here. Dit sal vir jou probleme gee as jy dit nie vroegtydig skoffel nie (Genesis 3:18). Brande, vloede, storms, droogtes, aardbewings en die gevolge van aardverwarming tref alle mense, ook Christene. Omdat die wêreld stukkend en gebroke is, is daar lyding en baie probleme. Ons verstaan nie alles nie en kan nie alles verklaar nie. Dis deel van die onvolmaakte wêreld en stukkende lewe! Eers op die nuwe aarde sal niks meer die littekens van die vloek dra nie (Openbaring 22:3a).

Die gebrokenheid van die skepping raak ons nie net fisies nie. Alles in die skepping is gebroke. As gevolg daarvan kan ons nie altyd tussen reg en verkeerd kies nie. Soms moet ons tussen sleg en sleg kies. Dink aan die moeilike besluite wat regerings, besighede en individue tydens die wêreldwye uitbraak van die Covid-19 pandemie in 2020 moes neem. Stel hulle die fisiese gesondheid van mense voorop, is daar baie slegte ekonomiese gevolge. Dit lei weer tot 'n hele reeks ander ellendes. Stel hulle 'n gesonde ekonomie wat werksgeleenthede kan bied, voorop, het dit weer groot implikasies vir mense se gesondheid. Daar is eenvoudig nie 'n regte keuse nie. Daarom verskil mense (bv. ekonome, medici en politici) só heftig van standpunt. Wanneer dit gebeur, het ons baie wysheid nodig. Ons het die leiding van die Heilige Gees nodig om te weet watter een van die twee slegte opsies beter is.

Botsende belange is 'n algemene verskynsel in die lewe. Een groep wil minerale myn op dieselfde plek as waar ander wil boer. Dink aan al die moeilike besluite wat boere moet neem in en na 'n uitmergelende droogte, groot vloede of 'n verwoestende haelstorm. Om méér skuld te maak om op die korttermyn te oorleef, hou geweldige risiko's op die langtermyn in. Om nie skuld te maak nie, kan óók jou ondergang beteken. Dit bly 'n moeilike keuse tussen twee slegte moontlikhede.

Om in swak ekonomiese tye werkers af te dank, veroorsaak baie ellende vir die werker en sy gesin. Om nie werkers af te lê nie, kan tot die hele besigheid se ondergang lei. Die eienaar word gedwing om tussen sleg en sleg te kies.

God haat egskeiding (Maleagi 2:15-16 en Matteus 19:6). Dit is altyd verkeerd. Maar dis ook verkeerd om binne 'n huwelik te bly waar gesinsgeweld en mishandeling plaasvind. Daar is nie 'n "goeie keuse" nie. Jy moet met verantwoordelikheid teenoor God tussen sleg en sleg kies. Kies dit wat die minste sleg is. Bely jou sonde. Aanvaar God se vergifnis en gaan dan aan met jou lewe.

Baie lyding is die gevolg van die algemene gebrokenheid van die skepping as gevolg van sonde. Alle mense oor duisende geslagte sedert Adam (Romeine 5:12-21) dra saam die verantwoordelikheid en skuld vir dié lyding. Daarom moet elkeen wat ly homself ondersoek en voor die Here verootmoedig.

**Gebed:** Here, gee asseblief aan my u wysheid om die beste besluit te neem wanneer ek tussen sleg en sleg moet kies. Help my om veral in sulke tye, baie tyd in gesprek met U deur te bring. Bewaar my van impulsiewe, liefdelose, selfsugtige en gevaarlike besluite. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir dokters wat dikwels uiters moeilike besluite moet neem, wetende dat "lewe en dood" in 'n groot mate in hulle hande is.*

† *Bid vir regerings wat regverdig oor almal moet regeer: ryk en arm; geleerd en ongeletterd; oud en jonk; stedelinge en die plattelandse gemeenskap.*


† *Bid vir landbouers wat daagliks in 'n gebroke, stukkende wêreld moet kos produseer.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Uganda.***

# Dag 18

## Medelye met mense wat ly en swaarkry (1)

**Lees:** 1 Korintiërs 12:26 en 2 Korintiërs 8:1-5



’n Mens kan ook swaarkry omdat jy kies om medelye met mense in nood te hê - veral ander gelowiges. *As een lid ly, ly al die lede saam* (1 Korintiërs 12:26). Ouers kry saam met hulle kinders swaar, en kinders saam met hulle ouers. Jou hart pyn wanneer jy honger mense sien; die lot van talle MIV/vigs-lyers aanskou; na die storie van ’n verkragte vrou luister; op die afgebrande grond van jou buurman staan; die begrafnis van ’n vermoorde vriend bywoon; die huil-roep van ’n verwaarloosde kind hoor; of iemand wat werk soek se pad kruis.

Dit vra ’n prys wanneer jy uit liefde by mense se nood betrokke raak. Jy moet iets van jouself gee! Jóú tyd! Jóú aandag! Jóú hand! Dalk moet jy ook jou beursie oopmaak (Lukas 10:33-35), jou spaarrekening leegmaak, jou plaashek oopgooi of die voer uit jou skuur wegry. My skoonouers het vertel van ’n man wie se hele plaas afgebrand het. Hy het baie vee verloor. Baie mense het hom besoek en *gesê* hoe jammer hulle hom kry. Maar een ou boer het die man na buite genooi, na sý bakkie gewys en gesê: *Daar staan my barmhartigheid* (medelye) *agter op my bakkie. Waar kan ek vir jou die paar ooitjies aflaai sodat jy weer kan opstaan en aangaan?* Êrens in die geskrifte van die vroeë kerk het ek gelees dat gelowiges in die eerste eeu na Christus, dikwels gevas het om kos te kon hê om met dié wat honger gely het, te deel. Ons moet die beeld en karakter van ons Vader vertoon: Hy is barmhartig (Lukas 6:36). Wat Hy aan ons doen, moet ons aan ander doen (2 Korintiërs 1:3-4; Efesiërs 4:32; 1 Johannes 4:19). Medelye en barmhartigheid is deel van Christen-wees (Hebreërs 10:32-34). In Job 6:14 staan: ***“Wie medelye met ’n vriend beskou as ’n las, het die eerbied vir die Almagtige verwerp.”***

Ons moet medelye hê met mense wat swaarkry en probleme het. Ons moet hulle help om hulle las te dra. Dis wat Christus vir ons gedoen het (Jesaja 53:4-5 en Johannes 10:10 en 18).

Medelye vra baie van ’n mens. Daarom beveel Paulus Christene om nie moeg te word om goed te doen nie (Galasiërs 6:9-10 en 2 Tessalonisense 3:13). Die opdrag om aan te hou goed doen, bevat ook ’n belofte! Op die bestemde tyd sal dit ’n oes oplewer! Hou aan goed doen! Onthou om altyd met ’n dankbare hart medelye te betoon. As jy skuldig of verplig voel om goed te doen, sal jy moeg word en tou opgooi.

Om regtig medelye met ander te hê, moet ons dink aan hoe God in Christus met ons medelye gehad het en steeds het.

**Gebed:** Here, help my deur die Heilige Gees om nie moeg te word om goed te doen nie. Maar help my ook om met wysheid goed te doen, sodat my "goeddoen" nie tot gevolg sal hê dat ander lui, sleg en onverantwoordelik raak nie. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Vra die Heilige Gees om jou 'n hart vol medelye te gee sodat dit nie vir jou 'n las sal wees nie. Dit moet vir jou 'n lus wees.*

† *Bid vir almal met wie jy medelye het.*

† *Bid vir almal met wie jy geen medelye het of wil hê nie. Praat met die Here oor jou redes daaroor. Doen wat Hy sê.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Kenia.***

# Dag 19
## Medelye met mense wat ly en swaarkry (2)

**Lees:** Hebreërs 4:14-16 en Jesaja 53:4-5

Soms kom medelye spontaan: 'n traan in die oog wanneer jy iemand sien swaarkry. Hierdie emosionele reaksie is die uitnodiging tot DAAD-werklike medelye. DAAD-werklike medelye is 'n keuse. Dis 'n voortdurende keuse. Beslis nie 'n maklike keuse nie.

Toe ons in die allergrootste ellende beland het vanweë ons sonde en ongehoorsaamheid, het God ons jammer gekry. Maar, Hy het nie net oor ons gehuil nie (Jeremia 13:17). Hy het DAAD-werklik medelye met ons gehad: Jesus het vanuit sy heerlike hemelse woonplek na ons gebroke wêreld vol gebroke mense gekom. Hy het Hom met ons vereenselwig. Dit het Hom 'n geweldige prys gekos. Hy het óns lyding sý lyding gemaak. Só het Hy ons lyding minder gemaak en uiteindelik heeltemal weggevat. Hy het gekies om saam met ons, vír ons, én in ons plek te ly. Sy medelye het Hom laat bloed sweet (Lukas 22:44). Dit het Hom op 'n aaklige plek gebring – Kopbeenkoppie – Golgota. Hy is as 'n vervloekte aan 'n stuk hout opgehang (Galasiërs 3:13; Filippense 2:6-8). Die kruis is die simbool van DAAD-werklike medelye! Maar selfs daar het Hy nie gesê *"genoeg is genoeg"* nie. Dit was nie die einde van sy medelye nie!

Nou, terug by sy Vader in die hemel, het Hy as Hoëpriester steeds *medelye* met ons swakhede. Hy bewys steeds barmhartigheid aan ons (Hebreërs 4:15-16).

Medelye verbind Johannes 3:16 met 1 Johannes 3:16-18! Hieruit kan ons sien wat medelye doen: dit skep werk; versorg; bedryf 'n kinderhuis; besoek 'n gevangene (Hebreërs 10:33-34); plant 'n groentetuin; betaal iemand se skuld of studiegeld. Medelye spring uit die motor en betaal 'n verleë bestuurder se tolgeld terwyl ander toeter druk en skel. Medelye laat jou nagte deur worstel om planne vir werkloses te maak. Dit laat jou bid as ander lekker slaap. Dit laat jou nóg iemand besoek wat jou gees, siel en liggaam dreineer. Medelye raak soms so erg soos geboortepyne – dis geen grap nie (Galasiërs 4:19)! Om 'n besigheid te red en só werksverliese te voorkom, is bitter harde werk. Jy kan net aanhou om mense se probleme te help oplos en hulle lewe beter te maak as die Opper-Leier jou ook lei. Almal wat verantwoordelik is vir 'n *Medelye-bediening* sukkel en word moeg. Hulle voel hulle swem gedurig stroom-op. Die versoeking om tou op te gooi is groot!

Moenie moeg word nie, al is die prys hoe hoog. Laat die liefde van God jou dring en die voorbeeld van Christus jou inspireer! John Maxwell vertel dat hy, nadat hy gesien het wat gebeur met mense wat **"quit"**, opgestaan het, 'n skêr gevat het, en toe die woord **"quit"** uit sy woordeboek uitgesny het. Deur dit te doen, het hy die woord ook uit sy denke gesny! **"Quit"** is nie 'n opsie nie!

Doen wat Christus vir jou gedoen het! **Betoon medelye!** Hou aan dien. Hou aan lei. Hou aan probleme oplos. Maak mense se laste ligter.

**Gebed:** Here Jesus, baie, baie dankie vir U medelye met my. Help my om medelye met ander te hê, selfs al vra dit baie van my. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir organisasies, groepe en individue wat hulle oor mense in nood ontferm en DAAD-werklik iets doen om te help.*


† *Bid vir kerke en kerkleiers.*

† *Bid dat gelowiges mekaar se laste sal dra en só uitvoering sal gee aan die wet van Christus* (Galasiërs 6:2).

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Somalië.***

# Dag 20
## Mense ly omdat Satan en sy bose magte Christus en sy kerk haat. (1)

**Lees:** Johannes 15:18 tot 16:4




In die Ou Testament skryf Dawid: ***"Omdat ek op U vertrou, word ek beledig en verkleineer. Ek het vreemd geword vir my broers, my familie wil my nie meer ken nie. Omdat ek u huis liefhet, moet ek ly; die beledigings teen U het ook vir my getref"*** (Psalm 69:8-10).

Die wêreld haat Christus en sy kerk. Daarom ly jy omdat jy Hom liefhet en gehoorsaam. Paulus skryf aan Timoteus: ***"Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word"*** (2 Timoteus 3:12). Paulus het dit self beleef (2 Korintiërs 11:22-29).

Miljoene Christene moes deur die eeue dié keuse maak: Verloën Christus en ons spaar jou lewe, óf bely Christus en ons maak jou dood! Baie ís doodgemaak! ***" ... hulle het nie hulle lewens so liefgehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie"*** (Openbaring 12:11. Vgl. ook Handelinge 20:23-24; Hebreërs 11:35-40).

As Christen moet jy bereid wees om Jesus se lot te deel (Matteus 16:24-28). Wie lyding wil vermy deur 'n vriend van die wêreld te word, is 'n vyand van God (Jakobus 4:4-5).

Eerlike Christene betaal meer belasting, omdat daar baie goddelose mense is wat belasting ontduik. Eerlike mense kry dikwels nie kontrakte nie, omdat dit slegs met omkopery (wat die Christen nie mag of wil doen nie – Psalm 15:5 en Eksodus 23:8) bekom kan word. Ek is op universiteit en in die weermag baie gespot en uitgetart. Dit was 'n *"foltering vir my opregte gemoed"* (vgl. 2 Petrus 2:7-8). Vêrregse boere het in die vroeë negentigerjare geweier om my te groet en my selfs met gewere probeer wegjaag uit Memel, ons dorp wat hulle 'n sogenaamde "volkstaat" verklaar het. Die "vervolging" in en deur die kerk in die jare 90, was op 'n stadium so pynlik dat ek die boek van Gene Edwards, *"Healing for those who have been Crucified by Christians"*, herhaaldelik moes lees om gesond te word.

Baie Christene word sleg behandel en selfs wreed vervolg deur hulle eie familie as hulle wegbreek van hulle tradisionele godsdienste en Jesus as hulle enigste Verlosser en Koning aanvaar. Dit gebeur met Moslems, Hindus of Boediste wat tot bekering kom. Dit gebeur met mense wat nie meer die geeste van dooies wil raadpleeg nie (vgl. Deuteronomium 18:9-14). Dit gebeur met mense wat wegbreek uit 'n vriendekring waar almal gewoond is aan losbandigheid, wellus en partytjies waar almal te veel eet en drink (1 Petrus 4:3-4).

Hoewel sommige mense Christene sleg behandel, weet ons dat hulle nie die eintlike vyand is nie. Dis die duiwel en die bose geeste in die lug. Die Bybel sê duidelik dat Christene altyd in 'n oorlog gewikkel is (Efesiërs 6:1-10).

Dit is 'n voorreg om te ly as jy aan God getrou is. Petrus sê dit bevestig dat die Heilige Gees op jou rus (1 Petrus 4:12-16). Jesus sê dat ek en jy bly moet wees as ons ter wille van Hom gehaat en sleg behandel word (Lukas 6:22-23).

**Gebed:** Here, ek is bang vir lyding en vervolging. Help my om nie aan groepsdruk toe te gee in 'n poging om nie beledig, gespot en verwerp te word nie. Help my om U nooit te verloën nie. Help my om in hierdie geestelike stryd getrou en staande te bly. Vul my asseblief met u Woord en Gees. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir Christene wat vervolg word omdat hulle Jesus as enigste Verlosser bely.*

† *Bid veral vir jongmense wat bang is om los te breek uit godsdienstige tradisies wat in stryd met God se Woord is. Leer hulle om gereeld in klein groepies bymekaar te kom om mekaar op te bou en te versterk* (Prediker 4:9-12).

† *Bid dat geestelike leiers nie halwe waarhede sal verkondig in 'n poging om populêr te wees, of om groot kerke te bou en baie geld te kry nie.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Ethiopië***

# Dag 21
## Mense ly omdat Satan en sy bose magte Christus en sy kerk haat. (2)

**Lees:** Johannes 10:10 en 1 Petrus 5:8-9

***"Die dief kom nie behalwe om te steel, dood te maak en te vernietig nie; ..."*** (Johannes 10:10a Interliniêre Bybel – Grieks Afrikaans – Direkte Vertaling). ***"Wees helder van denke en waaksaam. Julle vyand, die duiwel, loop rond* 'soos 'n brullende leeu' *en soek iemand om te verslind"*** (1 Petrus 5:8 Interliniêre Bybel – Grieks Afrikaans – Direkte Vertaling).

Die aanslag van die Bose teen die kerk van Christus is nie net 'n teorie nie. Dis 'n werklike, strategies-beplande oorlog! Een voorbeeld hiervan is die *"Groot Plan"* van Allice Ann Bailey[2]. Dié plan sê hoe die invloed van die Christelike godsdiens in die wêreld vernietig kan en moet word. Die plan en boeke van Bailey word gefinansier deur die Lucis Trust. Die naam van dié Trust was eers Lucifer Publishing Company. Dis dus duidelik waarvandaan die inspirasie vir dié plan kom.

Jy kan **Alice Ann Bailey** (1880-1949) se *Tien-punt-plan* vir die vernietiging van die Christendom op die internet kry:

1. Take God and prayer out of the education system;
2. Reduce parental authority over the children:
   a) promote excessive child rights;
   b) abolish corporal punishment;
   c) teachers are the agents of implementation;

[2]Dr. Arno van Niekerk gee in sy boek, Genoeg! Hoekom is ons hier? in hoofstuk 1 'n volledige bespreking van dié Groot Plan. Die boek is in 2015 Gepubiseer deur Hope 2 Overcome (info@hope2overcome.org) ISBN – 978-0-620-68339-5

3. Destroy the Judeo-Christian family structure or the traditional Christian family structure:
   a) promote sexual promiscuity;
   b) use advertising industry, media – TV, magazines, film industry to promote sexual enjoyment as the highest pleasure in humanity;
4. If sex is free, then make abortion legal and make it easy;
5. Make divorce easy and legal, free people from the concept of marriage for life;
6. Make homosexuality an alternative lifestyle;
7. Debase art, make it run mad;
8. Use media to promote and change mindsets;
9. Create an interfaith movement;
10. Get governments to make all these law and get the church to endorse these changes.

Dit is presies wat vandag gebeur. Almal wat téén Bailey se 10 punte gekant is, word op een of ander manier *"vervolg"*. Jy word as liefdeloos uitgekryt wanneer jy standpunt teen homoseksuele verhoudings inneem. Ouers word met die wet gedreig as hulle hul kinders op 'n verantwoordelike Bybelse manier tug. Dokters kry die wind van voor as hulle weier om aborsies op aanvraag in staatshospitale te doen. Al is huweliksbevestigers op grond van die Woord van God oortuig dat die huwelik 'n *lewenslange verbintenis tussen één man en één vrou* is, mag hulle, omdat hulle deur die staat aangestel word, nie weier om mense van dieselfde geslag te "trou" nie. Lande word al meer gedwing om die standpunte van Bailey te aanvaar as hulle in aanmerking wil kom vir internasionale hulp en/of handelsooreenkomste. Die Verenigde Nasies omarm reeds baie van Bailey se beginsels. Maar Bailey se plan is definitief nie die enigste plan nie. Daar is meer sulke bose planne, bv. agter die wêreldekonomie.

Satan voer sy stryd deur vrees, intimidasie, manipulasie en openlike vervolging. Christene moet wakker en waaksaam wees, maar nie paniekbevange nie. Neem kennis van Psalm 2 en 37! ***"Die konings van die aarde is in opstand, die leiers span saam teen die Here en teen sy gesalfde en sê: 'Kom ons maak ons vry en gooi hulle juk af!' Hy wat in die hemel woon, lag hulle uit, die Here spot met hulle"*** (Psalm 2:2-4). ***"Die goddelose soek die ondergang van die regverdige***

***en bedreig sy lewe. Die Here lag vir die goddeloses, want Hy sien hulle dag kom"*** (Psalm 37:12-13).

Intussen het Jesus gekom en die finale oorwinning behaal (Kolossense 2:15). Hy sit op die troon. Hy is die Heerser. Hy is die Koning oor die konings van die aarde (Openbaring 1:5). Ons kan 'n lied in die nag sing, want Hy lag vir die arrogante en tevergeefse pogings van Satan en sy trawante om die Kerk van die Here Jesus te vernietig (Matteus 16:18 en Openbaring 1:17-18).

***Gebed:*** Here Jesus, U is die Koning wat heers oor al die konings en leiers van die wêreld. U is die Oorwinnaar! Help my om te onthou dat U nie bedreig word deur Satan en sy bose magte nie. U lag vir hulle *stupid* arrogansie. Help my dat ek nie bang sal word nie. Help my dat ek my nie deur hulle sal laat intimideer of manipuleer nie. Ek het u Woord lief! U Woord is die Waarheid! **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid dat Christen-presidente, -politici en -leiers die moed en oortuiging sal hê om standpunt in te neem teen die bose planne wat goddelose mense op hulle en hulle lande wil afdwing.*

† *Bid vir Christene wat vervolg word.*

† *Bid dat die Kerk van Christus nooit kompromieë oor die waarhede van die Woord sal aangaan nie.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Soedan en Suid-Soedan.***

**Samevatting:**

1. Jy kan nie alle lyding en probleme aan die hand van een teks in die Bybel verklaar nie. Die Heilige Gees het die skrywers van die Bybel geïnspireer om vanuit verskillende hoeke na lyding te kyk en dus verskillende perspektiewe daarop te gee.
2. Probleme kom gewoonlik langs een van bogenoemde vyf paaie na jou toe. Dikwels kom dit langs twee of drie, ja selfs vier of al vyf hierdie paaie gelyktydig. Wanneer jy ly en swaarkry, moet jy oor ál hierdie moontlikhede met God praat. Vra Hom om alles vir jou duidelik te maak.

# Dag 22
## Lied in die Nag

**Lees:** Jesaja 40:25-31

Dis kort na middernag – die oggend van 10 Junie 2020. Ek voel oorweldig. Ons gaan deur die moeilikste tyd ooit in ons lewe. Nie die slegste tyd nie, maar beslis die moeilikste. Ek het nie die krag om aan te gaan nie, maar ook nie die oortuiging om op te hou nie. Die uitdagings lê soos berge reg rondom ons - berge wat ek oortuig is die Here gesê het ons moet skuif. Maar met pikke en grawe en grondverskuiwing-masjienerie gaan ons dit nie geskuif kry nie. Daar is net een manier om dit reg te kry: Glo en aanvaar die ***outoriteit*** wat Christus ons gegee het. ***Praat met die berge en sê*** (proklameer) wat op grond van die kruis, opstanding en oorwinning van Jesus aan die kruis, in die huidige omstandighede móét gebeur (Markus 11:23-25).

Vermoeid, moeg, afgemat, oorlaai met take en verantwoordelikhede, broos en bang, omring deur berge, begin ek bid en notas in my stiltetyd-joernaal maak. Die Gees herinner my aan Jesaja 41:8-20 asook aan die nota wat ek lank gelede dáár gemaak het: *Onthou wie God is. Onthou wie jy is. Onthou wat Hy deur jou kan doen. Dink aan die "onmoontlike" wat julle sáám kan regkry!* (Ek weet ek redeneer nou soos die mier wat op die olifant se poot gesit het toe hulle oor die hangbrug gestap het. Hy het gesê: Kyk hoe laat óns die brug bewe!) Maar dis toe dat my oog Jesaja 40:27 vang. In my hart het ek só gevoel: ***"Die Here sien nie raak wat van my word nie, my reg gaan by my God verby."*** Ek was lus om die Here te verwyt in die woorde van die dissipels in Markus 4:38 tydens die storm op die see: ***"..., gee U dan nie om dat ons vergaan nie?"*** Ons is in 'n storm wat ons lewe en voortbestaan bedreig, en U lê en slaap! Watse soort Vriend is U?

Maar toe wys die Gees my wie God is. Dít het dadelik my verwyt in 'n loflied verander. 'n Lied in die nag – mý nag! Lof en aanbidding was my spontane reaksie! Kyk wat staan daar in vers 28!

Daar is géén beperking op God se tyd nie!
    Hý is ewig!
Daar is géén beperking op God se vermoë nie!
    Hý is die Skepper van hemel en aarde!

Daar is géén beperking op God se energie nie!
Hý word nie moeg of afgemat nie!
Daar is géén beperking op God se insig, wysheid of begrip nie!
Sý verstaan van dinge is ondeurgrondelik!

Ek het besef dat God genoeg tyd het om my deur hierdie krisis te dra. Ek hoef Hom nie aan te jaag nie. Sy vermoë is groot genoeg om my te help. Hy het alles geskep deur net te praat! Ek hoef nie te twyfel nie. God het genoeg energie, wysheid, insig en verstand om my behoorlik te help. Jy sien, God het nie net al dié vermoëns nie. Hy laat dit deurvloei na my en jou. ***Hy gee die vermoeide Hennies krag. Hy versterk dié Hennies wat nie meer kan nie. Hy laat Hennies wat plat op die grond lê, weer hoog vlieg.*** Lees vers 29-31!

Here, ek is nie meer bang die tyd gaan my vang nie,
***WANT U*** is ewig!
Here, ek is nie meer bang vir die "jy-kan-nie-spook" nie,
***WANT U*** is die Almagtige Skepper!
Here, ek vrees nie meer dat my lyf dit nie gaan maak nie,
***WANT U*** energie vloei deur my are (Kolossense 1:29)!
Here, ek is nie meer bang vir radeloosheid nie,
***WANT U*** insig is onbeperk!

Here, ek sing oor U! Ek sing nie oor my omstandighede nie. Ek sing oor wie U is en oor wat U doen! Ek sing oor my reg wat nie by my God verbygaan nie. Ek sing oor die kruis wat dit bewys. Dáár het U regverdig geoordeel deur Jesus as vervloekte in my plek te behandel (Galasiërs 3:13). Dáár het U aan my reg gedoen deur my een met Hom te maak (2 Korintiërs 5:21). U het reg aan my laat geskied deur my vry te spreek van die ewige oordeel wat wag op almal wat nie in Christus glo nie (Romeine 3:25-26). O, my reg het nooit by my God verby gegaan nie! Hoe dwaas was ek om dít van U te dink! Vergewe my asseblief!

**Gebed:** Halleluja, ek loof U, Here my God! U is wie U sê U is! U doen wat U sê U doen! U gee wat U belowe! U is in my en ek in U (Johannes 15:4-8). Daarom moet en sal berge padgee! Halleluja! Loof die Here! **Amen**

**Voorbidding:**

- † *Vra die Here om Hom opnuut aan sy kinders te openbaar sodat al hulle verwyte teen Hom in lofliedere sal verander.*
- † *Bid vir mense wat steeds glo dat God nie omgee wat van hulle word nie. Vra dat hulle God se GROOT OMGEE in die kruis van Jesus sal raaksien.*
- † *Vra dat die Heilige Gees jou daagliks aan God se eienskappe sal herinner. Vra dat Hy alle vrees uit jou lewe sal verdryf!*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in die ***Sentraal-Afrikaanse Republiek.***

# DEEL 4
## Jy het keuses wanneer jy ly en swaarkry.


Jy weet al dat die Bybel nie vanuit net een hoek na lyding en swaarkry kyk nie.  Een teks gee nie al die perspektiewe nie. Dit beantwoord nie al ons vrae nie.

Wie speel dus ’n rol in jou lyding?  Die antwoord:  God én Satan én die Mens.  Dis nie óf ... óf nie.  Maar onthou:  Elkeen is betrokke in ooreenstemming met sy eie aard en karakter.

En langs watter pad daag lyding by jou op?  Die antwoord:  Gelyktydig langs een of meer van die volgende paaie:

1. Jou persoonlike sonde en ongehoorsaamheid, én/óf ...
2. Ander se sonde en ongehoorsaamheid, én/óf ...
3. Die gebrokenheid van die skepping, én/óf ...
4. Medelye met ander wat ly en swaarkry, én/óf ...
5. Omdat Satan en die wêreld Christus en sy kerk haat.

Wat moet my en jou reaksie op lyding moet wees?  Dieselfde gebeur.  Die Bybel gee meer as een antwoord.  Ek en jy moet altyd op meer as een manier op lyding reageer.  Die volgende skets word meer volledig in hierdie deel bespreek.



# Dag 23
## Twee donkies leer ons ’n les:
## Jou reaksie op lyding is belangrik!

**Lees:** Spreuke 25:28; 2 Timoteus 1:7

God het ons almal na sy Beeld geskep. Daarom het ons die vermoë om keuses te maak en besluite te neem. God respekteer jou vryheid om te kies hoe jý op jóú lyding wil reageer. Om self te kies, is ’n baie groot verantwoordelikheid. Jy moet mooi dink voor jy doen.

Stephan Covey sê: ***Between stimulus and response is our greatest power – the freedom to choose.***[3] Wanneer jy impulsief op ’n situasie (lyding) reageer, gee jy jou vryheid prys. Jy verloor jou krag. Jy stop nie en dink nie. Jy neem nie ’n goeie besluit nie. Jou emosies en begeertes kry die oorhand. Dit maak jou weerloos en kwesbaar (Spreuke 25:28).

Ek het eendag ’n storie gelees. Al is dit nie waar nie, is dit ’n goeie voorbeeld van hoe belangrik jou reaksie op lyding is. Dis ’n saak van lewe of dood.

Eendag was daar ’n ou donkie wat per ongeluk in ’n droë put geval en seergekry het. Hy het twee dae in die put gelê voordat die boer hom daar gekry het. Die boer kon aan geen plan dink hoe om die donkie uit die put te kry nie.

*“Ag, die donkie is tog al oud,” het die boer gesê. “Kom ek maak sommer die put sy graf en gooi hom net toe.”* Die boer het sy graaf gevat en die put begin toegooi. Toe die eerste klippe en grond op die donkie val, het die donkie van die pyn gebalk en gekerm: “*Auk! Sjoe! Eina! Arme ek! Nou het ek regtig ’n probleem – ek is magteloos hier onder in die put. Ek kan nie weghardloop nie. Die lewe is nie regverdig nie. Wat het ek gedoen om dit te verdien? Asof dit nie erg genoeg is dat ek in die put geval het nie, word ek nou ook nog met klippe en grond gegooi. Die boer is sleg en wreed! Hy behoort my beter te behandel na al die jare wat ek vir hom gewerk het. Hy moes lankal die droë put toegegooi het, dan het ek nie daarin geval nie.”*

Toe het **die donkie gaan lê** en gewens dat hy gou mag sterf om van sy pyn en probleme verlos te word. Hy het die grond wat op hom geval het, sy *doodskombers* gemaak. Hy het daaronder gaan lê en gewag om te vrek.

---

[3] Bladsy 70 Stephan Covey: The Seven Habits of Highly Effective People

Dieselfde het met 'n tweede donkie gebeur. Maar daar was 'n groot verskil tussen dié twee donkies. **Die tweede donkie het anders na sy probleem gekyk. Hy het onthou dat hy kan kies hoe hy op sy lyding gaan reageer. Toe het hy 'n besluit geneem.**

*"Selfbejammering gaan nie my probleem oplos nie. Om die boer sleg te sê, gaan niks help nie. Ek sal my nie deur my probleem laat onderkry nie. Ek sal nie gaan lê en aanvaar dat hierdie put my graf word nie. Ek moet 'n plan maak,"* het die tweede donkie gesê.

In plaas daarvan om homself te bejammer en die boer sleg te sê, het die donkie met die bietjie krag wat hy nog gehad het, begin om so goed as wat hy kon te koes vir elke graaf vol grond. Toe die grond en klippe hom wel tref, het hy sy seer lyf geskud sodat die grond kon afval. **Dan het hy bo-op die grond en klippe gaan staan.**

*"Ek moet net moed hou. Die put sal vol word en as ek elke keer op die bietjie grond kan klim, sal ek later bo uitkom. Elke graaf vol grond kan my help om nader aan my vryheid te kom. Aanhouer wen!"* het die donkie gesê. Toe die boer later sien dat die donkie se ore bo by die put begin uitsteek, het hy besluit om nie die donkie te probeer toegooi nie, maar hom eerder te help.

Dieselfde lot het beide donkies getref. Net hulle reaksie daarop het verskil. **Dis nie lyding wat jou maak of breek nie. Dis jou reaksie op lyding wat jou kan maak of breek.** Die eerste donkie het homself verontskuldig. Hy het met verwyte, beskuldigings, bitterheid en selfbejammering reageer. Dit het nié sy probleem opgelos of sy lyding versag nie. Dit het net tot sy dood gelei. Die grond het sy *doodskombers* geword.

Die tweede donkie het anders reageer. Hy het na 'n geleentheid in sy verleentheid gesoek. Hy wou beter word in plaas van bitter. Hy wou lewe in plaas van sterwe. In plaas daarvan om onder sy lyding te gaan lê en wag vir die dood, het hy trappies van die grond gemaak . So is hy bevry.

Wanneer ons ly, word ons altyd versoek om soos die eerste donkie te reageer. Maar selfbejammering, beskuldigings, verwyte, beledigings, laster (vgl. Openbaring 16:11 en 21) en bitterheid, het nog nooit iemand se lyding draagliker gemaak nie.

Jy kan selde of ooit kies wat met jou gebeur. Maar jy kan **áltyd** kies hoe jy gaan reageer op wat met jou gebeur. Kies reg!

**Gebed:** Dankie Here dat ek kan kies hoe ek op my lyding gaan reageer. Help my om dit nooit te vergeet nie. Help my om nie my vryheid van keuse prys te gee nie. **Amen**

**Voorbidding:**

- † *Bid vir mense wat in selfbejammering verval het en nie meer hulle probleme wíl oplos nie.*
- † *Vra God se hulp, raad en wysheid om die regte besluite te neem wanneer jy ly en swaarkry.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Gaboen.***

# Dag 24
## Watter pad kies jy? (1)

**Lees:** 2 Korintiërs 7:8-11; Handelinge 26:9-15; Psalm 119:71

Om op lyding te reageer soos God wil, móét jy onder beheer van die Heilige Gees lewe. Die vrug van die Gees is selfbeheersing. Sonder selfbeheersing kan ek en jy nie reg reageer op lyding en swaarkry nie. Jy moet jou gedagtes beheer; jou emosies in toom hou; jou woorde tel; jou optrede beplan. Ek het onlangs die getuienis gehoor van 'n man wat 38 jaar onskuldig in die tronk was. Die opmerking wat my getref het, was: *"Al was ek in die tronk, het ek gesorg dat my gedagtes nie ook 'getronk' word nie."* Hy het selfbeheersing toegepas - self beheer wat in sy kop gebeur.

Jou eerste reaksie op lyding moet altyd wees: **Stop!** Kry beheer oor jou denke, emosies, woorde en dade. Dink en besluit wat jy gaan doen. Jy het 'n keuse! Jou **reaksie** op lyding het 'n groter invloed op jou lewe as wat jou lyding het. Waak teen impulsiewe reaksies. Beheer jou eetgewoontes – as jy impulsief begin eet om van frustrasie ontslae te raak, vererger die situasie. Beheer die manier hoe jy geld spandeer – as jy impulsief begin koop om jou geestelike honger te stil, gaan jy in die skuld beland. Beheer jou tong – daarmee kan jy ander diep seermaak of 'n groot vuur aansteek wat moeilik geblus kan word.

Selfbeheersing gee jou daardie nodige tydjie om te dink, om weer te onthou dat God, Satan en die mens in al jou lyding betrokke is. Elkeen van die drie is betrokke in ooreenstemming met sý eie aard en karakter.

God is betrokke. Daarom moet ek vra: *Wat wil God met my lyding bereik? Hoe wil Hý hê moet ek dit hanteer?* In jou reaksie op lyding, moet jy God bly gehoorsaam. Jy moet reageer soos Hy wil hê! Alleen dán sal jy Hom in jou lyding verheerlik. Hoe jy op jou lyding reageer, is belangrik. Jou reaksie kan sin en betekenis aan jou lyding gee.

In jou lyding het jy drie keuses:

1. Jy kan die pad van **versoeking** kies en in jou lyding teen God sondig (vgl. Dag 10 en 11);
2. Óf jy kan probeer om van lyding ontslae te raak deur 'n **skyn-bekering;**
3. Óf jy kan reageer **soos God wil hê** jy moet.

Ek glo God wil hê jy moet altyd op drie maniere reageer:

- ✓ **Gebruik jou lyding** as 'n geleentheid, want God wil dit vir jou ten goede laat meewerk;
- ✓ **Bestry jou lyding,** want Satan wil jou lewe deur lyding verwoes;
- ✓ **Bly hoopvol in jou lyding en aanvaar** dat alle lyding eers met Jesus se wederkoms tot 'n einde gaan kom.

God het jou na sy beeld geskep. Daarom respekteer Hy jou vryheid om self te kies hoe jý op jóú lyding wil reageer. Maar omdat Hy jou baie liefhet, sê Hy vir jou watter pad die beste is. Hy gee jou goeie raad, maar dit is jóú keuse of jy sy raad gaan volg of nie. In Deuteronomium 30:19 sê Moses: ***"Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan julle voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe."***

***Gebed:*** Gees van God, gee my asseblief die selfbeheersing om altyd eers te stop en te dink vóór ek op my lyding reageer. Help my om my gedagtes, emosies, woorde en dade onder u beheer te bring. Bewaar my van impulsiewe reaksies. Dit stel net my lewe verder in gevaar. **Amen!**

**Voorbidding:**

- † Vra dat die Here jou en jou mense sal bewaar teen die versoekings van lyding.
- † Bid vir iemand wat ly se opregte berou en bekering.
- † Vra die Heilige Gees om jou te leer hoe om in ooreenstemming met God se wil, op jou lyding te reageer.

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Ekwatoriaal-Guinee.***

# Dag 25
## Watter pad kies jy? (2)

**Lees:** Job 33:14-21

In jou lyding het jy drie keuses:

1. Jy kan die pad van **versoeking** kies en in jou lyding teen God sondig (vgl. Dag 10-11);
2. Óf jy kan probeer om van lyding ontslae te raak deur 'n **skyn-bekering;**
3. Óf jy kan reageer **soos God wil hê** jy moet.

Die volgende is 'n voorbeeld van wat die keuses in praktyk beteken: Drie boere ly as gevolg van 'n verskriklike droogte.

Boer A ***stop nie en dink nie*** mooi nie. Hy trap in die strik van Satan. Hy gee toe aan die versoekings wat saam met lyding kom. Hy wil ten alle koste sy weelderige lewenstandaard handhaaf. Hy dink nie aan die wil van God nie. Daarom raak hy oneerlik. Hy knoei met belasting (Markus 12:17). Hy peuter met syfers, gewigte en getalle (Levitikus 19:36; Spreuke 11:1 en 20:23). Hy lieg en maak beloftes wat hy nie van plan is om na te kom nie (Eksodus 20:16 en Psalm 15:4). Hy koop mense om (Eksodus 23:8). Hy verneuk ander en hou die loon van werkers terug (Jakobus 5: 1-6). Boer A sondig teen die Here en erger lyding wag op hom. ***"Kos wat oneerlik verkry is, smaak miskien goed, maar agterna sal jy klippe kou"*** (Spreuke 20:17). ***"Besittings wat oneerlik verkry is, maak jou op die lang duur nie gelukkig nie"*** (Spreuke 20:21). ***"Skatte wat met bedrog versamel is, verdwyn in die wind en bring die dood"*** (Spreuke 21:6).

Boer B ***kom skynbaar tot bekering.*** Hy bely sy sonde en dit klink opreg. Hy begin gereeld kerk toe gaan, getuig en *"vir die Here werk"*. Sy hand gaan oop en hy gee meer as wat hy kan bekostig. Met die eerste oogopslag lyk sy reaksie goed. Maar diep in sy hart skuil daar 'n verkeerde motief: Selfsug! As hy uit sy ellende kan kom deur die Here oënskynlik te dien, hoekom dan nie? Dit gaan vir Boer B nie om die eer en verheerliking van God nie. Dit gaan net om sy eie belang. Al wat hy

wil hê, is dat die Here sy nood verlig. Hy "glo" in God ter wille van sy eie voordeel. Maar sy liefde vir God ***"...is soos 'n môrewolkie: dit verdwyn so vinnig soos dou"*** (Hosea 6:4). Nadat die Here uitkoms gegee het (bv. reën na die droogte), het Boer B nie meer 'n behoefte aan Hom nie. Hy vergeet van God totdat hy Hom in 'n volgende krisis nodig kry. Die enigste rede waarom Boer B dus na die Here draai, is om van sy lyding ontslae te raak. Dit was ook die aanklag van Satan teen Job: *Job dien U ter wille van die voorspoed wat U hom gee* (vgl. Job 1:9-11).

Boer C ***stop en dink deeglik na*** oor wat gebeur. In sy lyding wil hy nog steeds aan God gehoorsaam bly. Deur sy reaksie wil Hy God verheerlik! Daarom ***gebruik hy sy lyding*** as 'n geleentheid om na te dink oor wat God vir hom in sy lyding wil sê (Job 33:14 en 19). Hy wil uitvind watter geleentheid daar vir hom in sy verleentheid is. Hy ***bestry en beperk*** sy lyding deur sy boerderymetodes en -praktyke te verander. Hy begin slimmer boer. Hy fokus op die effektiewe en volhoubare benutting van sy veld en water. Hy doen deeglike finansiële beplanning en bly gedissiplineerd binne sy begroting om te verhoed dat hy later alles verloor. Ten spyte van die nag rondom hom, ***bly hy hoop*** op sy hemelse Vader wat weet wat hy nodig het en wat belowe het om vir hom te sorg (Matteus 6:25-30). Sonder om bitter te word ***aanvaar (berus)*** hy dat alle lyding en swaarkry, ook alle droogtes, eers met die wederkoms van Christus finaal tot 'n einde sal kom. Eers dan gaan God alles 100% nuut maak (Romeine 8:18-21; Openbaring 21 en 22). Maar nóú bly hy aan God getrou, selfs al verander sy lydingsnag nie onmiddellik nie. (Die woorde van Daniël se drie vriende in Daniël 3:16-18 inspireer hom.) Omdat hy op sy lyding reageer soos God wil, ontdek hy dat daar tog sin in sy lyding is. Hy leer om saam met Habakuk 'n lied in die nag te sing:

***Al sou die vyeboom nie bot nie***
***en daar geen druiwe***
***aan die wingerde wees nie,***
***al sou die olyfoes misluk***
***en die lande geen oes lewer nie,***
***al sou daar geen kleinvee***
***in die kampe meer wees nie***
***en die beeskrale sonder beeste wees,***
***NOGTANS sal ek in die Here jubel,***
***sal ek juig in God,***
***my Redder*** (Habakuk 3:17-18).

Wat is jou reaksie op jou lyding? Sing jy ’n lied in jou nag?

**Gebed:** Here, help my asseblief om in my swaarkry tot stilstand te kom. Help my om nie al vinniger te hardloop nie. Help my om steeds stiltetyd te hou en tyd saam met U te spandeer. Praat met my deur u Woord en u Gees. Leer my wat om te doen. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Pleit dat jou familie en vriende in lyding tot stilstand sal kom en met God praat.*

† *Bid vir mense wat nie die versoekings in hulle lyding raaksien nie, en dan in Satan se strikke trap.*

† *Vra die Heilige Gees om vir jou ’n lied te gee, al is dit nag om jou.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Kameroen.***

# Dag 26
## My Een-vers-Lied-in-die-Nag

**Lees:** Psalm 102:3, 7-8 en 18

Die Psalms is liedere! Baie daarvan is geskryf en gesing toe dit nag was in die lewe van dié psalmdigters. Dié liedere, geïnspireer deur die Heilige Gees (2 Timoteus 3:16), is gesing deur mense wat hulle pyn, frustrasie, oorlewingstryd, geloof en lof na die Here toe gebring het. Die verkeerdste ding wat ek en jy in ons lydingsnag kan doen, is om ons gesprek met God kort te knip. Dis om ons stiltetyd te verwaarloos. Dis om op te hou praat en op te hou luister. Moet dit nie doen nie, al voel jy so.

Toe dit gevoel het of God sy rug op my gedraai het; toe ek so verlate gevoel het soos ’n pelikaan in die woestyn, soos ’n uil tussen murasies, soos ’n eensame voël op ’n huis se dak; toe ek alles verloor het (of só het dit vir my gevoel), het die Here my in sy troue liefde na Psalm 102 gelei. Dáár het ek die woorde gekry om my emosies mee te verwoord. Maar dáár het ek ook die Een-vers-lied gekry om in die nag te sing!

Hou aan sing, al is dit net Psalm 102 vers 18!

***“Hy luister na die gebed van dié wat alles verloor het,***
***Hy sal hulle gebed nie verag nie.”***

Die *Amplified Bible* gebruik die woord *“destitute”*. Dit beteken *“extremely poor and lacking the means to provide for oneself”*. Ek weet nie wat die **“alles”** is wat jý verloor het nie. Maar dis die dinge wat jou magteloos laat; radeloos, sonder planne en sonder die vermoë om jou eie lot te verander. Dit kan jou gesondheid wees wat jy deur kanker, ’n beroerte of wat ook al verloor het. Dit kan jou plaas wees wat jy as gevolg van droogte of ’n misoes verloor het. Dit kan jou man, vrou, kind of ouers wees wat jy deur Covid-19 verloor het. Dit kan jou hele inkomste wees wat jy verloor het omdat jý ook jóú werk verloor het. Dit kan jou maagdelikheid wees wat jy as gevolg van ’n verkragting verloor het. Dit kan jou vryheid deur tronkstraf wees of jou krag en onafhanklikheid weens ouderdom. Dit kan jou intieme verhouding met jou ma, wat nou aan Alzheimer ly, wees. Dit kan enige iets wees, want wanneer ’n mens ly en swaarkry, voel enige iets soos alles! Maar as jy alles verloor het, ...

Hou aan sing, al is dit net Psalm 102 vers 18!
***“Hy luister na die gebed van dié wat alles verloor het,***
***Hy sal hulle gebed nie verag nie.”***

As jý nou dáár is – magteloos, radeloos, sonder planne en sonder die vermoë om jou eie lot te verander – kan jy steeds kies om ’n lied te sing. Want jy hoef nie te sing oor wat jy verloor het nie. Sing oor die ***“Hy”*** in vers 18. ***Hý is steeds*** die Verhoorder van gebed! ***Hý is steeds*** die Een wat geen bidder verag nie.

Hou aan sing, al is dit net Psalm 102 vers 18!
***“Hy luister na die gebed van dié wat alles verloor het,***
***Hy sal hulle gebed nie verag nie.”***

Toe maak Hý weereens sy Woord waar! Toe hoor Hy die Een-vers-lied wat ek oor en oor sing! Oor en oor sing, nie omdat Hý doof is nie, maar omdat Hý gedurig geprys moet word as die Verhoorder van gebed! Die Verhoorder van mý gebed!

Hy is wie Hy sê Hy is! Hy het my lot verander! In die middel van die nag het Hy uitkoms gegee! Nie soos ek gedink het of deur wie ek gedink het nie, want Hý is God. Hy is nie magteloos soos ek nie.

Daarom sal ek aanhou sing, al is dit net Psalm 102 vers 18!
***“Hy luister na die gebed van dié wat alles verloor het,***
***Hy sal hulle gebed nie verag nie.”***

Begin asseblief saamsing! Kom ons vorm 'n koor! Hy is waardig om geprys te word. Hy het nie verander nie, al het ek en jy alles verloor!

***Gebed:*** Here, ek loof U vandag omdat U is wie U sê U is. Omdat U doen wat U sê U sal doen! Omdat U die gebede hoor van almal wat alles verloor het! Laat ek hierdie Een-vers-lied aanhou sing al is dit nag om my. Dankie dat U my nag nog altyd weer in 'n helder dag verander het! Halleluja – ek prys U, Here! **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir mense wat alles verloor het. Mense wat magteloos is om hulle eie lot te verander. Bid ook vir lande in Afrika wat alles deur burgeroorlog verloor het. Lande wat hulle vryheid verloor het omdat hulle van buitelandse hulp en kos afhanklik geword het.*

† *Gesels met die Here oor hoe jy, deur medelye, die lot van iemand anders kan verander of help verander.*

† *Bid dat mense wat ly, nie hulle stiltetyd sal verwaarloos en hulle gesprek met God sal kortknip nie. Vra dat mense in hulle lyding méér tyd met die Woord en in gebed sal spandeer.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Nigerië.***

# Dag 27

## Reageer soos 'n wenner. Jy is een!

**Lees:** 1 Korintiërs 15:3-8 en 15:23-28

In sport praat ons dikwels van die voordeel daarvan om op jou tuisveld te speel. Dis mos net soveel makliker om op jou tuisveld te wen. Dieselfde geld vir 'n oorlog. Dis makliker om te veg nadat die beslissende veldslag reeds gewen is. Dis makliker om te wen as jou basis op rééds verowerde grondgebied is. Daarom is dit belangrik om te weet waar jy in jou stryd met lyding en swaarkry is. Jy moet weet in wie se gebied jou basis is. Die antwoord is kort en kragtig: Die beslissende veldslag is rééds gewen. Jesus Christus het die grondgebied rééds herower. **Ons is wenners mét 'n tuisveldvoordeel!** Ons kan die stryd met selfvertroue aanpak!

Die KRUIS en die OPSTANDING het alles vir ons én die skepping verander. Dit het 'n onstuitbare proses van oorwinning op oorwinning aan

die gang gesit. God het Jesus Christus uit die dood opgewek. Hy het Jesus, as Oorwinnaar, die hoogste ereplek in die hele skepping gegee. Dit bevestig dat God sy offer aanvaar het (Handelinge 3:15; 1 Korintiërs 15:3-4; Efesiërs 1:18-23; Kolossense 1:15-20; Filippense 2:5-11).

**Dit beteken:** Ons is verlos! Ons is vrygespreek! Ons is met God versoen (Romeine 4:25 – 5:11)! Ons is ingesluit in Jesus se sterwe en opstanding (Romeine 5:12 – 6:14). In Hom het ons 'n nuwe identiteit gekry. Hy het ons sy kinders gemaak (Johannes 1:12-13; 2 Korintiërs 5 :17-18a; 1 Johannes 3:1-3). Christus het oorwin. Omdat ons in Hom en Hy in ons is, is ons ook oorwinnaars. Ek en jy is tot alles in staat deur Christus wat vir ons krag gee (Filippense 4:13). Luister wat sê die Woord:

1 Johannes 2:12-14
***"Ek skrywe vir julle, liewe kinders, omdat julle sonde vergewe is in die Naam van Jesus. Ek skrywe vir julle, vaders, omdat julle Jesus ken wat van die begin af daar was. Ek skrywe vir julle jongmense, omdat julle die Bose oorwin het. Ek het vir julle geskrywe, kinders, omdat julle die Vader ken. Ek het vir julle geskrywe, vaders, omdat julle Jesus ken wat van die begin af daar was. Ek het vir julle geskrywe, jongmense, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het."***

1 Johannes 4:4 (Direkte vertaling – Interliniêre Bybel – Grieks-Afrikaans)
***"Julle is uit God, kindertjies, en julle het hulle oorwin omdat Hy wat in julle is groter is as hy wat in die wêreld is."***

1 Johannes 5:4-5 (Direkte vertaling – Interliniêre Bybel – Grieks-Afrikaans)
***"... want elkeen wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en hierdie is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, ons geloof. En wie is hy wat die wêreld oorwin, anders as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?"***

Dit is duidelik. Ons is wenners. Met dieselfde krag waarmee God Christus uit die dood opgewek het en Hom aan sy regterhand in die hemel laat sit het, werk Hy ook in ons (Efesiërs 1:19-21). Ons is meer as oorwinnaars. Selfs die dood kry ons nie dood nie (Johannes 11:25-26). Ons sal ook opstaan (1 Korintiërs 15)! In Christus is jy 'n wenner. Daarom kan jy met selfvertroue op lyding se aanslag reageer.

Christus se sterwe en opstanding het ook verreikende implikasies vir die hele skepping. ***"God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen"*** (Kolossense 1:19-20). Die hele skepping sug nog in pyne van verwagting. Maar God gaan dit ook bevry en nuut maak om te pas by die heerlikheid van sy kinders (Romeine 8:18-25). Met Christus se sterwe en opstanding is die grondgebied herower en van die vyand afgevat. Ons het tuisveldvoordeel!

Dit is wat gaan gebeur:

1. Hy gaan weer kom (1 Korintiërs 15:23);
2. Hy gaan alle bose magte finaal vernietig (1 Korintiërs 15:24);
3. Hy gaan die dood finaal vernietig (1 Korintiërs 15:26);
4. Hy gaan die koningskap aan God die Vader oordra en Homself aan die Vader onderwerp (1 Korintiërs 15:24-28);
5. Dan sal God alles wees vir alles (1 Korintiërs 15:28b).

Christus se sterwe en opstanding het betekenis vir alles en almal. Dit verander die manier hoe ek en jy op lyding reageer. Ons probeer nie self, in eie krag, oorleef nie. Ons reageer as oorwinnaars, want ons is in Christus, die Oorwinnaar.

***Gebed:*** Here, dankie dat ons in ons stryd teen lyding, wenners met 'n tuisveldvoordeel is. Leer ons om soos wenners te reageer omdat ons in Christus wenners is. Ons sien só uit na die dag waarop U alles gaan wees vir alles. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid dat God se kinders sal onthou wie hulle in Christus is.*

† *Bid dat veral jongmense 'n lewe van oorwinning in Christus Jesus sal leef. Die gemiddelde ouderdom van Afrika se bevolking is tans 19.7 jaar. Afrika is 'n kontinent vol jong mense!*

† *Vra die Heilige Gees om jou denke oor lyding en swaarkry te vernuwe sodat jou reaksie daarop ook kan verander en God kan verheerlik* (vgl. Romeine 12:1-2).


**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Ghana.***

# Dag 28
## Gebruik jou lyding. Dis 'n geleentheid. (1)

**Lees:** Romeine 8:28; Galasiërs 4:13

Ons weet nou **hóé** belangrik ons reaksie op lyding en probleme is. Nou moet ons leer **wat** die régte reaksie daarop moet wees. Hoe wil God hê moet ek en jy op ons lyding, swaarkry en probleme reageer?

Jy weet reeds dat die Bybel van baie kante af na lyding kyk. Daarom het die Bybel ook nie net een antwoord daarop nie. Die Bybel se antwoord word in drie woorde saamgevat:




Jy kan nie net een van die drie kies nie. **Jy moet áltyd ál drie gelyktydig doen.** Vra die Here se raad. Hy sal jou deur sy Gees en Woord lei om reg te reageer.

Om lyding te gebruik, beteken nie dat lyding goed is nie. Lyding bly verskriklik. Dis aaklig. Dit was nie van die begin af deel van God se goeie plan en wonderlike skepping nie. Lyding het te doen met sonde. Dit mag nie as iets wonderliks voorgehou word nie. Dit is nie waar dat iemand wat ly, altyd 'n beter mens sal word nie. Inteendeel, lyding bring dikwels die lelik in mense na vore. Lyding is nie positief nie. Lyding kan wel positiewe gevolge in die lewe van God se kinders hê. Dis net moontlik omdat God sin en betekenis aan die lyding van sy kinders gee. Dink weer aan die kruis. God het sin en betekenis aan Jesus se lyding gegee ten spyte van die haat van Joodse leiers en die barbaarse optrede van Romeinse soldate. God het die kruis in goeie nuus verander. Hý het dit 'n krag tot redding gemaak vir elkeen wat glo (Romeine 1:16 en 1 Korintiërs 2:1-5).

Dit is moontlik dat jy as Christen jou lyding kan gebruik om God te verheerlik. Dis moontlik omdat God in jou lyding betrokke is. Hý gee sin en betekenis daaraan. Hý belowe dat Hy ons lyding ten goede sal laat meewerk vir almal wat Hom liefhet (Romeine 8:28). Dink aan Josef. Sy broers was jaloers op hom. Hulle het hom gehaat, hom in 'n put gegooi en daarna as slaaf verkoop. Luister wat sê Josef in Genesis 50:20: ***"Julle het wel kwaad teen my bedink, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het."***

Wanneer ek en jy bid dat God ons lyding vir ons ten goede moet laat meewerk (Romeine 8:28), moet ons kies om sy medewerkers te word. Ons moet elke **pyn-verleentheid** gebruik as 'n **groei-geleentheid:** 'n geleentheid om tot seën te wees; om ons karakter te ontwikkel; om ons vaardighede te verbeter en om beter in plaas van bitter te word.

***"God het deur Paulus wonderbaarlike dinge gedoen. Selfs doeke en voorskote wat aan sy lyf geraak het, is op siekes gesit en dan het hulle siektes verdwyn; en die bose geeste het uit hulle uitgegaan*** (Handelinge 19:11-12). Maar Paulus het siek geword toe hy deur Galasië gereis het. Sy siekte was dalk vir hom 'n verleentheid. Hoe kon hy die goeie nuus van die Koninkryk (Matteus 10:1 en 7-8; Lukas 9:1-2) aan vreemdelinge verkondig terwyl hy self siek was? Maar in Galasiërs 4:13 lees ons dat Paulus sy verleentheid in 'n geleentheid omskep het. Hy skryf aan die Galasiërs: ***"Julle onthou mos nog hoe dit gekom het dat ek die eerste keer die evangelie aan julle verkondig het – dit was deurdat ek siek geword het."*** In Filippense 1:12 en verder lees ons hoe Paulus sy tyd in die tronk ook gebruik het om die Woord van God te verkondig. Het jy al die wagkamer by die dokter se spreekkamer gebruik om die evangelie te verkondig?

Al is lyding nie sinvol nie, kan jy met God saamwerk en **jou lyding sinvol maak.** Jy kán **lyding tot jou voordeel gebruik, want dis wat God daarmee wil bereik – iets wat vir jou en ander ten goede is!**

***Gebed:*** Dankie Here, al is dit nou vir my verskriklik moeilik en baie pynvol, ek hou vas aan U belofte. Ook dit wat nóú met my gebeur, sal U vir my ten goede laat meewerk. Ek glo dit, al weet ek nie hoe U dit gaan doen nie. Help my om met U saam te werk. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid dat mense sal verstaan hoe belangrik hulle reaksie op lyding is.*

† *Bid vir iemand spesifiek wat baie swaarkry en sukkel. Vra dat die Here hom/haar deur sy Woord en Gees, en deur jou getuienis, sal leer hoe om hulle pyn-verleentheid in 'n groei-geleentheid te omskep.*

† *Bid vir boere wat ly as gevolg van droogte, brande, vloede, haelstorms, swartryp, diefstal, ensovoorts.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in die ***Ivoorkus.***

# Dag 29

## Gebruik jou lyding. Dis 'n geleentheid. (2)

**Lees:** 1 Samuel 22:2, asook 30:6 en 22

In 1 Samuel 16 tot 31 lees ons die verhaal van Dawid. Hy was 'n jong skaapwagter toe Samuel hom in opdrag van die Here as koning gesalf het (1 Samuel 16:13a). Maar Dawid kon nie dadelik op die troon gaan sit nie. Hy moes eers baie nuwe dinge leer en die Here moes eers sy karakter ontwikkel. Hy het eers ongeveer 10 jaar later in Hebron koning geword. Nog sewe jaar later het hy koning in Jerusalem geword (2 Samuel 5:4-5). Dawid het in dié 10 jaar baie geleer in die "skool" van lyding, swaarkry en probleme. Die Here het sy geloof versterk en sy karakter gebou. Hy het hom nuwe vaardighede geleer en goeie ervaring laat opdoen. Dawid moes ook leer om 'n goeie leier te wees. Daarom het die Here hom eers leier van 'n klein groepie bitter moeilike mense gemaak. Ons lees dat hulle emosioneel verwond was (verbitterd); ekonomies verarm (het skuldeisers gehad) en sosiaal problematies (sleg, nikswerd en gedurig in die moeilikheid). Hulle was kort van draad en wraakgierig (gou gereed om klip te gooi)! Dit was moeilik om sulke mense te lei terwyl hy self gedurig vir sy eie lewe moes vlug. Maar Dawid het dié pynlike ervaring benut as 'n geleentheid om sy leierskap te ontwikkel. Daarom kon hy later vir 40 jaar suksesvol as koning oor God se groot volk regeer.

'n Engelse uitdrukking is hier van toepassing: ***As the builder builds the house, the house builds the builder!*** Met die likwidasie van Coniglio Rabbit Meat Farm (Pty) Ltd in 2019, het die konynbedryf in Suid-Afrika 'n geweldige knou gekry. Ek glo die Here het my geroep om leiding te neem en die bedryf op Bybelse fondasies te help herbou. Dit was en is 'n berg wat geskuif moet word – nie met pikke en grawe en grondverskuiwings-

masjienerie nie. Dis alleen moontlik deur te sê wat móét gebeur, op grond van die gesag en outoriteit wat Christus aan ons gegee het (Markus 11:23-24). Die gevolg van hierdie opdrag was dat ek deur die moeilikste, maar ook die beste tyd in my hele lewe is. Ek het gegroei in my geloof. Ek het geleer om, wanneer alles nag en donker om my is, soos 'n vlieënier in digte wolke, net op my Instrumente (die Woord en die Gees) te vertrou. Ek het geleer om fyner te luister na die stem van die Here. Ek het die waarde van elke *God's Way*-kenmerk opnuut ontdek.[4] Ek het meer afhanklik van God geword en daarom ook meer geseënd (Matteus 5:3). Ek het tot 'n dieper besef van my eie sonde gekom. Ek het weer geleer om in gebrokenheid voor die Here te huil. Die Woord het vir my lewend geword. Elke swaarkry-verhaal in die Bybel het betekenis gekry: Abraham se 25 jaar wag; Josef se onskuldige jare in die tronk; Moses tussen die see en die Egiptiese weermag; Gideon met 300 man teenoor 135 000 Moabiete (Rigters 7:7 en 8:10); ensovoorts. Ek het geduld en volharding geleer. My leierskap het ontwikkel. Ek moes nuwe kennis en vaardighede bemeester en dit waag om meer Engels te praat. Ek moet bely, die konynbedryf het my meer gebou as wat ek die konynbedryf gebou het. Ek het geleer hoe om met God saam te werk ten einde hierdie krisis vir sy kinders ten goede te laat meewerk. Ek weet steeds nie waarop alles gaan uitloop nie, maar in die geloof hou ek aan God se belofte vas: ***"Ten goede"*** (Romeine 8:28); ***"Ek sal die Akorlaagte 'n poort tot 'n nuwe toekoms maak"*** (Hosea 2:14 met verwysing na Josua 7:26). Ek verstaan nou ook waarom ek al vroeër in my lewe soveel pynlike ervarings moes deurgaan. Só het God my elke keer voorberei en toegerus vir 'n volgende moeiliker opdrag.

Moenie impulsief op lyding of 'n krisis reageer nie. Reageer met die selfbeheersing van 'n wenner en in biddende afhanklikheid van God. Dan hoef moeilikheid en probleme nie tot jou nadeel te wees nie. Dit kan en sal ten goede wees. Dis wat God sê!

***Gebed:*** Here, help my om nie altyd te kerm en te kla as U besig is om my gereed te maak vir 'n volgende taak nie. Maak my bereid om geleer en gevorm te word. Ek wil beter en nie bitter word nie. Dankie vir elke uitdaging. Gee my asseblief die oortuiging in my hart dat ek tot alles in staat is deur Christus wat my krag gee. **Amen**

---

[4] Living and Farming God's Way – 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou 2018

**Voorbidding:**

† *Bid vir iemand wat besig is om bitter te word, in plaas van beter.*

† *Vra die Here om jou ’n inspirerende rolmodel vir jongmense te maak en hulle te help om deur hulle swaarkry sterker en beter te word.*

† *Bid vir die opleiding en ontwikkeling van ’n nuwe generasie jong Christen-leiers in Afrika: geestelike leiers en leiers in die landbou, sakewêreld, onderwys, politiek, ensovoorts.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Liberië.***

# Dag 30

## Gebruik jou lyding. Dis ’n geleentheid. (3)

**Lees:** 2 Kronieke 7:14

Meeste mense waag eers iets nuuts wanneer ’n krisis of probleem hulle uit hulle gemaksone dwing. Krisisse soos die Eerste en Tweede Wêreldoorloë het geweldige tegnologiese vooruitgang tot gevolg gehad. Net so dwing die Covid-19-pandemie van 2020 ons almal om nuut te dink.

Ons is geroep om probleme te gebruik om nuwe oplossings te vind. Ons is geroep om behoeftes te identifiseer en aan te spreek. Lyding moet ons leer om nie net harder te werk nie. Ons moet beter en slimmer werk! Ons is geroep om reg te laat geskied waar daar onreg is. Hoop te gee waar daar wanhoop is. Hoe ons op lyding reageer, moet help om die Koninkryk te laat kom.

***Reflection turns experience into insight*** (John Maxwell). Dis presies hoe ons op lyding moet reageer. Stop. Dink. Vra die regte vrae om nuwe insig te kry en so jou lewe te verander. Praat met God oor jou lewe, karakter, roeping en situasie.

- Is daar iets in my lewe waarvan U nie hou nie?
- Wat wil U vir my sê?
- Waarmee moet ek ophou?
- Waarmee moet ek aanhou?
- Wat moet ek anders en beter doen?
- Wat moet ek nou begin doen?
- Watter vaardighede moet ek aanleer?
- Watter gewoontes moet ek afleer?

- Waarop vertrou ek regtig (Jeremia 9:23-24 en Spreuke 12:12)? My krag? My geld / besittings? My wysheid / geleerdheid? Verkeerde dade?
- Glo ek net ***in*** U, of glo ek U?
- Is my Hoop op U gevestig (Romeine 4:18 en 2 Korintiërs 1:8-11)?
- Kyk ek in U oë omdat ek U liefhet, of kyk ek net na u hande omdat ek iets nodig het, omdat ek iets van U wil hê?
- Leef ek in 'n intieme verhouding met U of is ek net godsdienstig?

Bid die volgende wanneer jy ly:

***Here, wys my wat ek moet sien;***
***Leer my wat ek moet weet;***
***Sê vir my wat ek moet doen, en***
***Maak my wat ek moet wees, u Beeld. Amen***

Jou lyding en swaarkry hoef nie tot jou nadeel te wees nie. Gebruik dit tot jou voordeel. Moenie impulsief daarop reageer nie. Praat met God daaroor. Luister wat Hý vir jou sê.

In Psalm 119 sing Dawid van die voordeel wat sy lyding vir hom ingehou het: ***"Voordat ek swaargekry het, het ek gedwaal, maar nou hou ek my aan u woord"*** (vers 67). ***"Dit is vir my goed dat ek swaargekry het, want daardeur het ek u voorskrifte geleer"*** (vers 71). God is goed en doen goed (Psalm 119:68). Daarom is daar mooi en goeie geleenthede in lyding.

Lees 2 Korintiërs 1:3-5. Paulus sê dat hy dit wat hy in sy eie swaarkry geleer het, gebruik om ander mense te leer en te bemoedig. In vers 8-9 getuig hy van nog 'n kosbare les wat hy geleer het: ***"Die swaar wat ons moes verduur, het ver bo ons kragte gegaan, sodat ons selfs die hoop om te bly lewe, laat vaar het. Trouens, dit het vir ons gevoel asof die doodvonnis klaar oor ons uitgespreek is. Maar dit het gebeur sodat ons nie op onsself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe."***

***Gebed:*** Here, leer my om in my lyding die regte vrae te vra, sodat die antwoorde tot my ewige voordeel sal wees. Help my om te leer wat ek nou in hierdie moeilike omstandighede móét leer. Mag die lesse wat ek leer, ander help en inspireer. **Amen**

**Voorbidding:**
† *Bid vir gestremdes.*
† *Bid vir kinders wat ly en swaarkry.*
† *Bid die volgende gebed vir jou familie en vriende wat swaarkry:*

Here, wys hulle wat hulle moet sien;
Leer hulle wat hulle moet weet;
Sê vir hulle wat hulle moet doen;
Maak hulle wat hulle moet wees, u Beeld. Amen

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Sierra Leone.***

# Dag 31
## Gebruik jou lyding. Dis 'n geleentheid. (4)

**Lees:** Esegiël 33:11 en 1 Johannes 5:11-13

Die uiterste vorm van lyding is hel. Omdat God liefde is, wil Hy hê dat alle mense gered moet word (Matteus 18:14; Lukas 19:10; 1 Timoteus 2:3-4; 2 Petrus 3:9)! God is betrokke in my en jou lyding. Hy is altyd betrokke in ooreenstemming met sy aard en karakter. Hy gebruik lyding soos 'n luidspreker om my en jou hard en duidelik na Hom toe terug te roep. Ons roep mos gewoonlik eers na God wanneer ons in die moeilikheid is (Psalm 107:6, 13, 19 en 28). Maar sommige mense weier steeds om hulle te bekeer (Amos 4:6-13 en Openbaring 9:20-21 en 16:9). Hulle kies om bitter in plaas van beter te word. Dís bitter jammer! Waarom kies mense die dood bo die lewe?

Lyding kan uitloop op die dood! Wat dan? Dan is alle kanse verby. Dan kom die oordeel (Hebreërs 9:27). Is jy gereed om voor die regterstoel van God te verskyn (Romeine 14:10-12; 2 Korintiërs 5:10)? Lyding is God se roepstem! Dis die ideale geleentheid om jou saak met Hom reg te maak. Dis nie moeilik nie! Hy het klaar jou saak met Hom reggemaak. Glo dit net!

***"Ons tree dus op as gesante van Christus, en dis God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat***

***ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees"*** (2 Korintiërs 5:20-21***).***

God sal jou nie roep as Hy nie wil hê jy moet kom nie! En as jy naderkom, sal Hy jou nie wegstoot nie (Johannes 6:37; Psalm 50:15). Hy sal jou nie teleurstel nie, want die Woord sê: ***"Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie."*** En ***"Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word"*** (Romeine 10:11-13).

Deur jou geloof in Christus kan jy vrygespreek word en daar kan vrede tussen jou en God wees (Romeine 5:1). Jy kan lewe al sterwe jy ook (Johannes 11:25-26). Jy kan die ewige lewe kry! Jy kan sekerheid oor jou ewige bestemming hê (1 Johannes 5:11-13).

Jy kan self die Here in gebed aanneem. Sê net vir Hom dat jy aanvaar wat Hy vir jou gedoen het. Vra Hom om deur sy Gees en Woord in jou te kom lewe. Vra Hom om jou hele lewe nuut te maak (2 Korintiërs 5:17-18a). Gee jou lewe aan Hom oor sodat Hy as Koning oor jou hele lewe kan regeer (Lukas 6:46). Jy kan die ***Woordelose Boekie*** en ***Goeie Nuus*** by Amos Agrimin bestel (secretary@amosafrica.net) of dit gratis van die webblad aflaai (www.amosafrica.net). Beide die boekies sal jou help om die eerste treë op jou geloofspad te gee.

***Gebed:*** Here God, ek bely al my sonde. Ek wil lewe en nie sterwe nie. Jesus, ek het U nodig, want U is die opstanding en die lewe. U is die lewe en U gee lewe (1 Johannes 5:20). Ek aanvaar die versoening met God wat U vir my bewerk het. Ek waardeer dit! Baie, baie dankie. Kom woon asseblief deur U Gees in my. Kom wees my Koning en maak my hele lewe nuut. Leer my om uit dankbaarheid nét vir U te lewe. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Vra dat die Here jou deur die Heilige Gees krag sal gee om oral en altyd 'n getuie vir Hom te wees.*


† *Bid vir die bekering van familie, vriende, bure, leiers, werkgewers en werknemers wat nog nie vir Jesus aangeneem het nie.*

† *Bid dat kinders Jesus op 'n jong ouderdom sal aanneem* (Matteus 18:14).

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Togo*** *en* ***Benin.***

# Dag 32
## Bestry en veg teen lyding.
## Dit bedreig jou lewe.  (1)

**Lees:** Matteus 4:23-24 en Johannes 10:10




Dis noodsaaklik om reg te reageer op lyding.  Onthou dat God en Satan ook in jou lyding betrokke is.  Elkeen is betrokke volgens sy aard en karakter.  God laat jou lyding ten goede meewerk.  Maar Satan wil jou breek en vernietig.  Soos in skaak: ***Dink voor jy 'n skuif maak.  Jou opponent wil jou in skaakmat sit.***  Net een verkeerde skuif maak die wêreld vir jou bitter moeilik.

Daar is baie redes waarom ek en jy nie net ons lyding kan ***gebruik (benut)*** nie, maar tegelykertyd ook daarteen moet ***stry en veg:***

1. Satan is betrokke (Efesiërs 6:10-12);
2. Daar is 'n verband tussen lyding en sonde, al is daar nie altyd 'n direkte verband tussen iemand se persoonlike lyding en sý sonde nie (Johannes 9:1-3);
3. Christus het deur sy sterwe en opstanding reeds die geveg gewen en as Oorwinnaar uit die stryd getree (Kolossense 2:15);
4. Hy het ons bemagtig.  Hy het ook vir ons die opdrag gegee om die duisternis te verdryf en sý Koninkryk te vestig (Matteus 10:1 en 8-9;  Lukas 9:1-2;  1 Korintiërs 12);
5. Dit is duidelik dat ons en die skepping nie bedoel is om vir altyd te lyk soos ons lyk en te pyn soos ons pyn nie (Romeine 8:18-30).  God gaan alles nuut maak.  Kom ons begin solank daarmee!

Op die grond veg ons teen lyding en swaarkry.  Maar in die lug veg ons teen Satan en sy bose magte.  Die Bybel praat van 'n geestelike oorlog.

Maar onthou, in hierdie oorlog gaan dit nie oor **wie die sterkste is** nie. Dit gaan oor **wat die waarheid is.** Dis nie meer 'n ***mag***-stryd nie, maar 'n ***waarheid***-stryd. Satan en sy bose magte is reeds oorwin. Hulle is ontwapen en as verloorders ten toon gestel (Kolossense 2:15). Die ***mag***-stryd is verby! Volgens Matteus 28:18, Efesiërs 1:18-22 en Kolossense 2:9-10 behoort **ALLE** mag nou aan Christus. Satan kan op **GEEN** mag aanspraak maak nie. Jesus ís die Oorwinnaar. In Hom ís ons meer as oorwinnaars. Die enigste manier waarop Satan invloed oor my en jou kan kry, is as hy ons kan oortuig om sy leuens te glo. Hy is die vader van die leuen. Hy doen alles in sy vermoë om mense met sy leuens te mislei.[5]

Ons kan lyding en swaarkry oorwin omdat Christus reeds die GROOT oorwinning behaal het. Sý oorwinning verander alles. Ons veg vanuit 'n magsposisie. Ons tree tot die stryd toe as oorwinnaars. Ons kan wen want Hy het klaar gewen (Johannes 16:33)!

Jesus se ***opstanding*** maak ons ***opstandig*** teen lyding. Jesus se ***opwekking*** maak ons ***opgewek*** ten spyte van lyding. Kom ons skep moed en pak die stryd aan! In ons stryd kan ons reeds oorwinningsliedere sing!

***Gebed:*** Here, dankie dat ons as wenners tot die stryd kan toetree! Dankie dat pyn en lyding nooit die laaste sê oor ons het nie! Dankie dat u Koninkryk kom. Dankie dat niks en niemand dit kan keer nie (Jesaja 9:6 en Markus 4:30-32). Ek prys U vir oorwinning op oorwinning! **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid dat mense die Waarheid sal ken, en dat die Waarheid hulle sal vrymaak.*

† *Vra bewaring en beskerming teen die Bose, soos Christus ons geleer het* (Matteus 6:13 en Johannes 17:11 en 15).

† *Bid vir die kerk van die Here Jesus Christus. Bid dat die kerk aan die waarheid van die Woord sal vashou.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in ***Burkina Faso.***

---

[5] beVry om op te staan: 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou 2014 – Dag 7

# Dag 33
## Bestry en veg teen lyding. Dit bedreig jou lewe. (2)

**Lees:** 1 Timoteus 2:1-2

Lyding en swaarkry het die ***hele*** skepping ***oral*** binnegedring. Daarom moet lyding op ***alle*** terreine en op ***baie verskillende maniere*** bestry en beveg word:

**1. Glo in die Here Jesus Christus!**

Sorg dat jy in die wenspan speel! Die ergste vorm van lyding is hel. Dis 'n ewige vuur wat nooit geblus word nie. Dit help nie jy doen alles om jou daaglikse lyding en swaarkry te oorkom, maar is steeds op pad hel toe nie. Die eerste en belangrikste wat moet gebeur is: Glo in Jesus en aanvaar wat in Kolossense 1:13-14 staan: ***"Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sonde."*** Is jy gered?

**2. Leef in gehoorsaamheid aan God.**

Dit het pynlike gevolge as jy jou rug op God draai en Hom ignoreer. ***"Jy sal agterkom hoe rampspoedig dit is, jy sal agterkom hoe bitter dit is om My, die Here jou God, te verlaat, om geen eerbied meer vir My te hê nie, sê die Here God, die Almagtige"*** (Jeremia 1:19b). In God se Koninkryk word oorwinning altyd deur geloof en gehoorsaamheid behaal, nie deur krag en geweld nie (vgl Sagaria 4:6). Jesus het deur sy gehoorsaamheid tot in die dood die grootste oorwinning ooit behaal. Só het Hy ons van baie lyding verlos (Filippense 2:8-11). Leef in gehoorsaamheid aan God onder beheer van die Heilige Gees. Só voorkom jy ellende én maak jy 'n einde aan baie lyding. Is jy gehoorsaam?

**3. Bid!**

Mense bid oor alles, maar min bid dat die Here hulle van versoekings en die Bose sal bewaar. Tog het Hy ons geleer om spesifiek dáárvoor te bid (Matteus 6:13 en Johannes 15:11 en 15). Bid dat jy nie in versoeking kom nie. Bid dat die Here jou van spesifieke sondes sal bewaar (bv. drankmisbruik,

pornografie, woede-uitbarstings, huweliksontrou, skelmstreke, ens.). Bid vir beskerming teen siektes, plaasaanvalle, verkragting, en nog meer. Gebed is die kragtigste wapen wat ons het om die werk van die Bose te bestry (2 Korintiërs 10:3-5). Die hele wapenrusting van God moet biddend gebruik word (Efesiërs 6:18)!

***"Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid"*** (1 Timoteus 2:1-2). Wat 'n effektiewe manier om lyding te bestry! Bid vir leiers! Bid ook vir die brandweer, verkeerspolisie, paramedici, maatskaplike werkers en gemeenskapsontwikkelaars. Is jy 'n bidder?

**4. Leef jou identiteit as sout en lig uit!**

Die Here het op 'n keer vir my gesê dat net 'n paar gelowiges in 'n plattelandse gemeenskap dikwels keer dat die hele gemeenskap in duisternis, sonde en ellende verval. Ons identiteit en ons opdrag is om sout en lig te wees (Matteus 5:13-16). As ons dít uitleef, keer ons die verrotting van 'n hele gemeenskap en verdryf ons die duisternis. Is jy sout en lig?

**5. Aanvaar jou outoriteit. Gaan voort met Jesus se bediening!**

Jesus het ons lyding bestry deur siekes gesond te maak; duiwels uit te dryf; honger mense kos te gee; dooies op te wek en die Koninkryk te verkondig. Hy het aan ons die opdrag en die gesag gegee om daarmee voort te gaan (Johannes 17:18). ***"Gaan verkondig: 'Die Koninkryk van die hemel het naby gekom'. Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet*** (Matteus 10:7-8). ***"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies..."*** (Matteus 28:18). Jesus het ons deur sy Gees toegerus met al die gawes en vermoëns wat Hy in sy bediening gebruik het (Handelinge 1:8; 1 Korintiërs 12; Romeine 12:3-8). In sy Naam kan ons berge versit (Markus 11:23-24). Lyding is een van daardie berge. Is jy besig om lyding te bestry deur Jesus se bediening in sý Naam met sý outoriteit voort te sit (vgl. Handelinge 3:6, 11-12, 16)?

## 6. Wees verantwoordelik in jou werk en doen dit goed!

Daniël het sy gewone werk uitsonderlik goed gedoen (Daniël 6:5). Dawid het die volk met integriteit en vaardigheid gelei (Psalm 78:72). Vir Paulus was geen opoffering of gevaar te groot nie – hy wou net sy werk só klaar maak dat niemand 'n klag teen hom kon lê nie (Handelinge 20:24-27). Onthou, ander moet ook uit jou werk voordeel trek, nie net jyself nie (1 Timoteus 6:2).

'n Onderwyser, dokter, polisieman, tegnikus, motorwerktuigkundige, boer, bouer, ingenieur of staatsamptenaar wat halwe werk doen en swak diens lewer, veroorsaak baie ellende. Luiheid is sonde en moet gestraf word (2 Tessalonisense 3:6-15). Daarteenoor word lyding en swaarkry voorkom deur almal wat kwaliteit werk doen en goeie diens lewer. Getrouheid in die werkplek bestry lyding (Spreuke 27:18 en 23-27). <u>Is jy getrou en verantwoordelik in jou gewone dagtaak</u>?

***Gebed:*** Here, ek wil lig en sout wees. Ek wil die gesag en die gawes wat U my gegee het, gebruik om u bediening voort te sit. Help my om elke dag só te werk dat ek sal help om mense se lyding minder te maak en nie meer nie. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid dat Christene die Evangelie in die werkplek sal uitleef – in kantore en fabrieke en op die plaas.*

† *Bid dat alle boere sal streef na **Living and Farming God's Way.***

† *Bid dat Christene se werk gekenmerk sal word deur: **On Time; High Standard; No Wastage and With Joy.***[6]

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in **Guinee-Bissau** en **Guinee,** asook **Gambië** en **Senegal** in Wes-Afrika.

[6] 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou 2018: Living and Farming God's Way – Dag 31-37. www.amosafrica.co.za

# Dag 34
## Bestry en veg teen lyding.
## Dit bedreig jou lewe. (3)

**Lees:** Spreuke 22:3

Hier volg nog 'n paar maniere om lyding te bestry.

**7. Dink vooruit! Tree voorkomend op!**

Die mier maak reeds in die somer sy kos vir die winter bymekaar (Spreuke 6:8). Die huiseienaar moes tralies om sy huis se plat dak sit om te voorkom dat iemand af val en sterf (Deuteronomium 22:8). Josef moes in die sewe goeie jare voorsorg tref vir die sewe jaar droogte wat sou volg (Genesis 41). Dit sou verhoed dat baie mense sterf (Genesis 50:20). ***"'n Verstandige mens sien onheil kom en vermy dit; onervare mense loop oop oë daarin en boet daarvoor"*** (Spreuke 22:3 en 27:12).

Baie siektes kan voorkom word deur reg te lewe:

- Seksuele reinheid voorkom die verspreiding van seksueel oordraagbare siektes.
- Gesonde eetgewoontes voorkom baie gesondheidsprobleme.
- Brassery (om te veel te eet en drink) is sonde en veroorsaak lyding (Romeine 13:13 en Galasiërs 5:21). Jy kan jou letterlik dood eet.
- Jy kan jou siek rook en dood drink!

Stop dit! Wat help dit om God te vra om jou gesond te hou (Eksodus 15:26), as jy dinge doen wat jou siek maak? Goeie oefening en gereelde rus kan jou spanning verlig en jou gesondheid verbeter.

Beskerm jou gesondheid deur 'n paar goeie gewoontes aan te leer. Leef skoon en higiënies:

- Was gereeld jou hande;
- Moenie oor ander mense hoes of nies nie;
- Bly sover moontlik weg van mense as jy 'n aansteeklike siekte het;
- Suiwer besmette water deur dit te kook. So word Cholera voorkom;
- Ensovoorts.

Goeie kommunikasie voorkom konflik. 'n Duidelike, skriftelike ooreenkoms voorkom later 'n gestryery.

Voorkom ongelukke deur nie jou motor onder die invloed van drank te bestuur nie; hou jou voertuig in 'n padwaardige toestand; moenie te vinnig ry nie; en moenie bestuur as jy baie moeg of vaak is nie.

Goeie opleiding en betroubaarheid in jou werk kan voorkom dat jy jou werk verloor. Dink en beplan jy vooruit?

**8. Benut die wetenskap en tegnologie!**

God het onbeperkte potensiaal in sy skepping ingebou! Deur die regte tegnologie op die regte manier te gebruik, kan ons die lewe vir onsself baie makliker maak met, bv. selfone, motors, entstowwe, elektriese gereedskap, rekenaars, landbou-implemente, ensovoorts. Baie siekte en pyn is al met behulp van die mediese wetenskap en tegnologie bestry. Benut jy die voordele van die wetenskap en tegnologie?

Maar wees versigtig. Soos meeste dinge in die lewe, kan wetenskap en tegnologie ook misbruik word. Net soos daar goed is wat jy met 'n geweer of mes mág doen, en ander goed wat jy nié daarmee mag doen nie, is dit ook met wetenskap en tegnologie. Daar is Goddelike grense. Ons mag nie alles doen wat ons kan doen nie.

**9. Vergewe almal wat jou kwaad aangedoen het!**

Bitterheid is aansteeklik. Dit veroorsaak eindelose moeilikheid (Hebreërs 12:15). Dis die gif wat jy drink in die hoop dat iemand anders sal doodgaan. Om kwaad met kwaad te vergeld, ontaard gou in 'n spiraal van geweld. Die beste manier om die ellende wat bitterheid veroorsaak, te bestry, is om te vergewe! ***"'n Verstandige mens beteuel sy humeur en stel sy eer daarin om vergewensgesind te wees"*** (Spreuke 19:11). Wanneer jy iemand vergewe, vernietig jy Satan se poging om verhoudinge te versuur/vernietig (Spreuke 17:9). Het jy almal vergewe wat jou kwaad aangedoen het?

**10. Gebruik stelsels en sisteme in die gemeenskap.**

In die Ou Testament vind ons verskeie stelsels en sisteme wat lyding en swaarkry moes beperk. Byvoorbeeld:

- 'n Man moes met sy broer se kinderlose weduwee trou om te voorkom dat sy onversorg is en sy broer se nageslag uitsterf (Deuteronomium 25:5-7).

- Om te voorkom dat iemand permanent in armoede verval, is daar ’n Sabbatsjaar en Hersteljaar aangekondig. Dan moes alle skuld afgeskryf en alle grond teruggegee word. Slawe moes vrygestel word (Levitikus 25 en Deuteronomium 15).

Hierdie reëlings was om lyding te bestry.

Vandag is daar ander stelsels en sisteme met dieselfde oogmerk: mediesefondse, pensioenfondse, groep-lewensversekering, lewens-polisse, oesversekering, ens. Die oorspronklike doel daarvan was om, tot álmal se voordeel, sáám te spaar en sáám te belê. Dit was om mekaar se finansiële las te help dra en só ’n bydrae te lewer tot die bestryding van lyding.

Maar, wees gewaarsku: hierdie finansiële skemas kan ook as gevolg van selfsug misbruik word. Selfsug is sonde. Dit vererger lyding. Dit bestry nie lyding nie. Byvoorbeeld: Wanneer mediesefondse om selfsugtige redes onverantwoordelik “getap” word vir die persoonlike voordeel van die lid, die hospitaal óf die dokter, ondermyn dit die bestryding van lyding. Dan styg premies en bybetalings. Dan raak fondse onbekostigbaar vir meeste mense. Om dié hoë premies te betaal, word dan net so pynlik soos die finansiële las wat die mediesefonds in die eerste plek wou beveg.

Daar is ook ander gevare. Jy kan aftree omdat jy genoeg geld het en nie meer wil werk nie, al is die taak wat die Here jou gegee het, nie klaar nie. Jou motorversekering kan daartoe lei dat jy meer onverantwoordelik bestuur. Vrees en onsekerheid kan maak dat jy soveel geld op polisse, beleggings en versekering spandeer, dat jy nie jou dag-tot-dag verantwoordelikhede behoorlik kan nakom nie. <u>Gebruik die stelsels en sisteme tot jou beskikking</u>. Maar waak teen selfsug. Wees verantwoordelik. Moenie die stelsels misbruik nie. Dit benadeel ander en veroorsaak lyding.

***Gebed:*** Here, leer my om vooruit te dink en my werk behoorlik te beplan. Help my om altyd verantwoordelik op te tree sodat my optrede nie vir ander tot nadeel is nie. Seën asseblief die werk van my hande sodat dit ook vir ander tot seën sal wees. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid dat mense in jou gemeenskap sal leer om vooruit te dink en te beplan.*

† *Vergewe mense en vra dat die Here julle verhouding sal herstel.*

† *Bid vir versoening tussen individue, etniese groepe, politieke partye en Christelike kerke. Konflik veroorsaak lyding.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in **Mauritanië, Wes-Sahara** en **Marokko**. Die lande is in Wes-Afrika.

# Dag 35

## Bestry en veg teen lyding. Dit bedreig jou lewe. (4)

**Lees:** 2 Kronieke 26:3-5 en 15b-16; Psalm 78:72

Daar is nog twee maniere om lyding te bestry.

**11. Kies die regte mense om oor jou land te regeer.**

Regerings het baie mag, maar nie altyd baie integriteit of vaardighede nie. Mag is gevaarlik. Dit lei maklik tot verwaandheid. Verwaande mense soos koning Ussia dink hulle het die reg om te doen wat hulle wil. Wanneer 'n politieke party nie meer die land se mense dien nie, maar net daarop fokus om mag te behou, begin dinge vinnig skeefloop: Dán word vriende in plaas van kundige en vaardige mense in sleutelposte aangestel; dán word kiesers met leë beloftes omgekoop; dán word korrupsie toegesmeer; dán bepaal selfsug, eiebelang en partybelang alle besluite; dán word politieke belange bo landsbelang gestel; dán word diskriminerende wette teen minderhede gemaak; dán word onmiddellike voordele bo langtermyn volhoubaarheid gestel; dán word meer en meer wette gemaak om groter staatsbeheer op elke terrein te verkry; dán begin die staat, soos koning Ussia (2 Kronieke 26:16-21), op terreine inmeng wat nie sy verantwoordelikheid is nie. Ons sien dit oral. Wanneer daar 'n magsbeheptheid, maar terselfdertyd 'n gebrek aan integriteit en vaardigheid by regerings is, veroorsaak dit onbeskryflike ellende vir alle landsburgers. Alles gaan agteruit: paaie, onderwys, die ekonomie, mediese sorg, veiligheid, ens.

Om hierdie lyding te bestry, móét elke Christen die volgende doen:

1. Bid gedurig, by elke geleentheid vir alle leiers, veral politieke leiers (1 Timoteus 2:1-3);[7]

---

[7] Leer meer oor hoe en wat om vir regerings te bid in Boer voor die Troon: 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou – Handleiding - Hoofstuk 11, bladsy 43-46

2. Stem vir leiers en politieke partye wat integriteit én vaardigheid het (Psalm 78:72; Eksodus 18:21); leiers wat onomkoopbaar is (Eksodus 23:e en 6-8; 2 Kronieke 19:6-7); leiers deur wie die Here self oor die land kan regeer (1 Kronieke 28:5).

Leer en motiveer ander om te bid en met verantwoordelikheid te stem.

**12. Moenie lui wees nie, maar rus genoeg.**

Deesdae is baie mense werkloos. Ander is oorwerk. Beide veroorsaak ellende.

Lui mense het baie verskonings hoekom hulle nie kan werk nie (Spreuke 26:13 en 16), en daarom ly hulle honger (Spreuke 12:27; 13:4; 20:4). Aan die ander kant is daar weer mense wat hulle afsloof en uitbrand ter wille van meer geld, maar hulle kry nooit genoeg nie (Spreuke 23:4 en Prediker 5:9).

Werk hard (Spreuke 31:10-31; Efesiërs 4:28), maar rus ook genoeg. Uitbranding is ’n siekte van ons tyd. Dit vat baie lank (soms jare) om daarvan te herstel. Moenie God se opdrag om te rus ignoreer nie (Eksodus 20:8-11). Gereelde rus is noodsaaklik.

Om te rus is ’n daad van geloof. Dis ’n belydenis dat alles in die lewe nie van my geswoeg afhanklik is nie, maar van God se seën (Spreuke 10:22). Dis ’n belydenis dat ek versorg is op grond van wat God sê, en nie op grond van wat ek doen nie. Wanneer ons rus, bely ons dat God vir ons sorg (Deuteronomium 8:3 en Matteus 4:4). Om nie te rus nie, is ongeloof. God sê Hy sal vir my sorg, ook terwyl ek rus en slaap (Psalm 127:2), maar ek glo Hom nie. Ek is oortuig ek kan dit beter doen deur dag en nag te swoeg en sweet. Om nie te rus nie, is ook afgodery. Dis om myself en my eie vermoë heeltemal te oorskat. Hy sê ek moet rus, maar ek sê dis nie nodig nie.

Baie van ons doen net *“iets anders”* in plaas van rus. Ons werk nie, maar rus ook nie: Ons put onsself verder uit met ’n oorvol program van sport en ontspanning; laatnag-TV en flieks; ronddwaal op die internet en die lees van sinlose inligting en angswekkende slegte nuus. Dis nie rus nie.

Adam Mabry het ’n boek geskryf: ***The Art of Rest* = *faith to hit pause in a world that never stops.*[8]** Dis sonde om nie te rus nie. En die vrug van sonde is lyding. Om lyding te bestry, moet ek en jy gereeld rus: daagliks,

---

[8] Uitgegee deur The Good Book Company 2018. ISBN 9781784983208

weekliks, maandeliks en jaarliks. Kry ’n rus-ritme. Jou gees, siel en liggaam moet verkwik word. Skep rustige tye waarin jy kan terugdink en onthou:

- Wie die Skepper van hemel en aarde is (Eksodus 20:8-11);
- Wie die God is wat jou verlos het (Deuteronomium 5:12-15);
- Wat jou identiteit in Christus is;
- Wat jou nuwe verhouding met God in en deur Christus is;
- Wat jou skeppingsdoel en roeping is. Vra: hoekom is ek hier?[9]

Gereelde rus bestry lyding op ’n manier wat God verheerlik.

**Gebed:** Here, ek huil oor politici en regerings wat weens hulle gebrek aan integriteit en vaardigheid meer lyding veroorsaak as wat hulle bestry. Help my om vir hulle te bid. Here, leer my hoe om te rus in die gejaagde wêreld waarin ons leef. Ek wil rus. U weet dat ek dit nodig het. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir politieke leiers en –partye. Bid vir die volgende verkiesing in jou land.*

† *Vra dat die Here jou die geloof en dissipline sal gee om gereeld te rus.*

† *Vra die Here om jou daaglikse stiltetyd en weeklikse rusdag ’n tyd te maak waarin jy aan bogenoemde kan dink. Dit sal voorkom dat jou lewe nutteloos is en ’n teleurstelling word* (vgl. Psalm 119:31 en 37).

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in **Niger en Tsjad**.

# Dag 36
## Verkeerde en gevaarlike maniere om lyding te bestry

**Lees:** Spreuke 11:4 en 12:12

Lyding en swaarkry het die ***hele*** skepping binnegedring. Daarom moet dit ***oral*** en op ***baie maniere*** bestry en beveg word. Waak teen die volgende:

[9] 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou 2019: In jou sien God vir Hom ’n koning – Dag 37-40

## 1. Eensydige optrede

Lyding word nie net bestry deur mediese hulp of versekeringspolisse nie. Onthou om altyd alles te doen wat reeds bespreek is.

Moenie Goddelike genesing **mét** behulp van die mediese wetenskap en Goddelike genesing **sónder** die hulp van die mediese wetenskap teen mekaar afspeel nie. Wie mediese hulp weier asof dit nie ook van God af kom nie, beperk God se aktiewe betrokkenheid by sy ganse skepping. Hy is ook die God van wetenskap en tegnologie. Wie nie glo en aanvaar dat God dikwels direk ingryp en mense "bonatuurlik" genees nie, beperk weer God se almag en verwerp die waarheid van sy Woord. God is wie Hy sê Hy is en Hy doen steeds wat Hy sê Hy doen. Jesus het mense "bonatuurlik" genees. Deur die Gees van Christus gee God 'n verskeidenheid gawes aan gelowiges om die bediening van Christus voort te sit en mekaar op te bou (1 Korintiërs 12). Onder hierdie baie veskillende gawes, is ook die gawes van genesing. Let op die meervoud – genadegawe**s** van gesondmaking (1 Korintiërs 12:9 en 28). Ons het 'n duidelike opdrag om vir siekes te bid; hande op hulle te lê en hulle met olie te salf (Jakobus 5:13-16); om die Koninkryk te verkondig én as teken daarvan siekes te genees (Lukas 9:1-2). Bestry lyding dus deur die mediese wetenskap én gebed én deur die gawes van genesing te gebruik!

## 2. Teenstrydige optrede

Om motorversekering uit te neem, maar roekeloos en nalatig te bestuur, maak nie sin nie. Om duur te betaal vir 'n mediese fonds **én** vir 'n ongesonde leefstyl, is 'n mors van geld. Om vitamien-aanvullers te neem **én** bitterheid in jou hart te bêre, werk teen mekaar. Moenie deur wat jy doen, jou pogings om lyding te bestry, ondermyn nie.

## 3. Desperate optrede

Wanneer mense desperaat raak, sukkel hulle om te onderskei tussen God se voorsiening en die strikke van Satan. Wees versigtig. Stop en dink!

Moenie by okkultiese praktyke betrokke raak om van jou lyding te probeer ontslae raak nie. Onthou dat Satan valse tekens en wonders doen om mense wat nie die waarheid ken en liefhet nie, te mislei (2 Tessalonisense 2:9. Maar neem ook kennis van vers 8!).

Moenie allerhande goed met sogenaamde magiese krag by jou deure ophang of rondom jou huis begrawe of in jou motor hang nie. Moet dit nie

om jou nek, arms, middellyf of enkels dra nie. Dit kan jou nie teen enige siektes, gevare en bose geeste beskerm nie! Moenie hulp en beskerming op verkeerde plekke gaan soek nie. Moenie die hulp van sangomas of waarsêers inroep om jou gesteelde vee terug te kry, jou liefdesprobleme op te los of jou finansieel voorspoedig te maak nie. Jou ellende sal net toeneem! Luister wat sê die Woord in Levitikus 19:31; 20:6 en 27; Deuteronomium 14:1; 18:9-14; 32:17; 2 Kronieke 33:5-6; Psalm 106:37; Jesaja 8:19-20; 47:12 en verder; 57:8-13; 1 Korintiërs 6:9-10; Galasiërs 5:19-20; Openbaring 9:20-21. Die lys is lank! Weet net dit: Jy kan nie duisternis met duisternis wen nie! Jy kan nie die duiwel met die duiwel se metodes en vermoëns beveg nie! Jy kan nie lyding bestry deur die hulp in te roep van Satan nie. Hy is die vader van die leuen, die eerste moordernaar, die dief wat kom om te steel, te slag en te verwoes (Lukas 11:17-18; Johannes 8:44 en 10:10). Roep die hulp van die Oorwinnaar in! Jesus Christus is die Here!

Moenie soos 'n goddelose mens optree nie. ***"Die goddelose soek sy veiligheid in verkeerde dade, die regverdige staan vanself vas"*** (Spreuke 12:12).

## 4. Valse gerustheid

Baie mense leef met 'n valse gerustheid. Hulle dink hulle is so veilig dat selfs God hulle nie sal kan bykom nie.

***"So sê die Here: Die wyse man moet nie in sy wysheid roem nie, die soldaat nie in sy krag nie, die ryk man nie in sy rykdom nie. Laat hom wat wil roem, daarin roem dat hy insig het en My ken. Ek is die Here. Ek bewys liefde, reg en geregtigheid op aarde, want dit is wat Ek wil hê, sê die Here"*** (Jeremia 9:23-24). Die konteks hiervan is: God spreek 'n oordeel oor sy volk uit in 'n poging om hulle na Hom terug te roep. Hy sê dat sy volk hulle nie teen hierdie oordeel sal kan beskerm nie! Dit beteken: niemand kan deur wetenskaplike kennis en geleerdheid; fisiese krag en militêre wapens; óf rykdom en ekonomiese welvaart teen God se oordeel beskerm word nie. Moenie dat goud, eiendomme, polisse, beleggings en mediesefondse julle valse gerustheid gee nie. Die Woord is duidelik: ***"Rykdom baat nie wanneer die Here straf nie; om te lewe volgens sy wil, red van die dood"*** (Spreuke 11:4).

## 5. Onthou om jou lyding te gebruik, te bestry én te aanvaar!

Volgens die Bybel moet ons lyding **gebruik**, **bestry** en **aanvaar**. Deur jou lyding te **gebruik** én te **aanvaar**, voorkom jy dat die bestryding van jou lyding in bitterheid ontaard. Deur jou lyding te gebruik én te bestry, voorkom jy dat die aanvaarding van jou lyding in passiwiteit en niksdoen ontaard. Onthou, jy moet jou **lyding gelyktydig gebruik én bestry én aanvaar.** Dan sal jy nie bitter óf passief raak nie.

***Gebed:*** Vader, Seun en Heilige Gees, bewaar en beskerm my asseblief teen verkeerde en gevaarlike maniere om lyding te bestry. Help my om nie bitter te word in my stryd teen lyding nie. Help my om nie eers daaraan te dink om by okkultiese dinge betrokke te raak nie. Help my om te glo dat U die oorwinnaar is en dat u hulp voldoende is. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir dokters, verpleeg- en hospitaalpersoneel, paramedici, tuisversorgers en mediese navorsers.*


† *Bid dat die Gees aan meer Christene die gawes van genesing sal gee. Bid ook dat meer bekwame dokters in Afrika, vir Afrika opgelei sal word om die geweldige nood in Afrika te help verlig.*

† *Bid vir mense wat met 'n valse gerustheid lewe. Mense wat dink hulle geleerdheid, geld of fisiese krag kan hulle teen God se oordeel beskerm.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in **Mali** en **Algerië**.

# Dag 37
## Aanvaar jou lyding. (1)
## Aanvaarding is om geduldig in jou lyding te wees.

**Lees:** Jakobus 5:7-11; Daniël 12:12




Volgens die Bybel moet jy jou lyding aanvaar terwyl jy dit gebruik én bestry. Daar is twee belangrike redes waarom ons lyding en probleme moet aanvaar:

**Eerstens: God is ten goede betrokke in ons lyding!**
God is betrokke in ons lyding. Hy laat alles vir ons ten goede meewerk (Romeine 8:28). Hy het Christus se lyding vir ons ten goede laat meewerk! Hy het Josef se lyding ten goede laat meewerk (Genesis 50:20). *God laat geen lyding in die lewe van sy kinders toe wat Hy nie vir hulle ten goede kan en wil gebruik nie.* Ek herhaal: *God laat geen lyding in die lewe van sy kinders toe wat Hy nie vir hulle ten goede kan en wil gebruik nie.* Omdat ek dít glo, ervaar ek die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan (Filippense 4:6). Dit is ’n onlogiese vrede. ’n Vrede wat nie vir die wêreld sin maak nie. Hierdie vrede keer dat ek nie bitter word in my stryd teen lyding nie. Dis ’n vrede wat my rustig maak. Dit help my om my lyding te aanvaar. Dis ’n vrede wat my laat onthou dat ek meer werd is as ’n mossie; dat selfs die hare op my kop getel is en dat ek veilig en versorg is in die hand van my Vader (Matteus 6:25-34 en 10:29-31).

**Tweedens: Jesus het lyding effektief bestry!**

God gaan alles nuut maak *omdat:*

- ✓ Jesus alles met God versoen het;
- ✓ God Jesus se offer aanvaar het (Hy het Hom uit die dood opgewek);
- ✓ Jesus die bose oorwin het;
- ✓ Jesus nou as Koning 'n ereplek in die hemel aan die regterhand van God het!

Die Almagtige God gaan beslis met die wederkoms van Christus ál sy kinders se lyding vir altyd heeltemal tot 'n einde bring. Glo dit, want dit is 'n betroubare woord! Dit is waar (Openbaring 21:3-5)! Ons kan nie hier en nou 'n einde aan alle lyding maak nie. Maar, ons weet die Here gaan dit eendag doen. Lyding se dae is getel. Lyding is tydelik. Daar kom 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waar die wil van God volkome heers en niks meer vervloek sal wees nie (Vgl. 2 Petrus 3:13; Openbaring 21:1 en 22:3)! Al wen ons nie elke keer die stryd teen lyding nie, is die geveg daarteen nie verlore nie. Die oorlog is gewen, al kry ons hier en daar in 'n skermutseling seer. Daarom kan ons ons lyding aanvaar terwyl ons dit ook gebruik en bestry.

Dit bring ons by die vraag: Wat beteken aanvaarding? Dit beteken nie om passief te wees en net jou skouers op te trek nie. Aanvaarding is nié om niks te doen wanneer jy ly nie.

Aanvaarding is om geduldig te wees in jou lyding. Geduld beteken om nie tou op te gooi nie en nie moed op te gee nie. Dit is om verby die onmiddellike situasie te kyk en iets beters te verwag. Daarom moet ouers geduldig wees in die opvoeding van hulle kinders. Dit neem tyd. Dis 'n proses! Maar wie aanhou, kry uiteindelik 'n beter kind. Geduld is ook om verdraagsaam te wees teenoor iemand wat jou kwaad of seer wil maak. Paulus skryf dat hy baie ***geduld*** beoefen ***in verdrukking, ontbering en nood*** (2 Korintiërs 6:4b). Geduld is om anders op te tree as wat algemeen verwag sou word.

Om geduldig te wees is om verdraagsaam te wees. Ons lees dikwels in die Bybel dat God die optrede van mense met groot geduld verdra, in die verwagting dat hulle tog eendag tot bekering sal kom (Jeremia 31:3; 1 Petrus 3:20; 2 Petrus 3:9 en 15). ***"God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld"*** (Romeine 2:4).

Die vervulling van God se beloftes volg op geduld en volharding. ***"Julle moet dus nie traag word nie, maar die voorbeeld navolg van dié wat deur geloof en geduld deel gekry het aan die dinge wat God beloof het"*** (Hebreërs 6:12; 10:33-36; Jakobus 5:10-11). As jy te gou tou opgooi,

gaan jy dalk nooit kry wat God vir jou bedoel het nie: 'n gelukkige huwelik (Spreuke 18:23); 'n nuwe werk en beter werksomstandighede; 'n pa of ma se verlossing van drank; die vaardigheid om weer te leer praat en loop na 'n beroerte, of om 'n suksesvolle besigheid te besit.

Om lyding te aanvaar, is om solank iets sinvol te doen terwyl jy geduldig wag vir dié antwoord, dié oplossing, dié uitkoms, dié genesing, dié deurbraak waarop jy, op grond van God se Woord en beloftes, bly hoop. Josef was sinvol besig in die tronk, terwyl hy, op grond van die twee drome wat God hom gegee het (Genesis 37:1-11), geduldig op sy vrylating gewag het (Genesis 39:20-23). Wat doen jy terwyl jy wag dat die Covid-19- inperking opgehef word? Wat doen jy terwyl jy in 'n lang tou moet wag? Wat doen jy terwyl die droogte voortduur? Gaan jy al jou tyd en energie mors deur heeldag te kla? Óf gaan jy jou omstandighede aanvaar en solank iets sinvol begin doen? Ek het byvoorbeeld gedurende die Covid-19-inperking Gunnar Olson se boek, *"Business Unlimited – Memories of the Coming Kingdom"* bestudeer om myself beter toe te rus vir my roeping en taak na die inperking. Gunnar is die stigter van ICCC (International Christian Chamber of Commerce). Ek het ook Covid-19, die geweldige droogte by ons in die Noord-Kaap, die versuip van ons groente by Jaco-hulle (ons seun) in die Vrystaat en die krisis in die konynbedryf in Suid-Afrika aanvaar as die regte geleentheid om hierdie gebedsfokus, ***Lied in die Nag***, te skryf.

Hou vas aan God se Woord en beloftes. Wees geduldig. Aanvaar dat God in prosesse werk. [10] Alles gebeur nie altyd dadelik nie.

***Gebed:*** Dankie Vader, Seun en Heilige Gees, dat U ten goede in my lyding betrokke is. Dankie Jesus dat U die geveg teen die Bose, teen lyding en swaarkry klaar gewen het. Gee my asseblief die genade om in my lyding geduldig te wees. Leer my om sinvol besig te bly terwyl ek geduldig wag. **Amen**

**Voorbidding:**

- † *Bid vir familie en vriende wat baie geduld, geloof en volharding nodig het om te kry wat God aan hulle beloof het.*
- † *Vra wysheid oor hoe om sinvol besig te wees terwyl jy geduldig op die vervulling van God se beloftes wag. Vra ook wysheid oor hoe om op 'n gebalanseerde manier jou lyding te gebruik en te bestry, terwyl jy dit ook aanvaar.*
- † *Bid vir geduld. Dis deel van die vrug van die Gees* (Galasiërs 5:22).

---

[10] 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou 2018: Living and Farming God's Way – Dag 27-28

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in **Djiboeti** en **Eritrea**.

# Dag 38
## Aanvaar jou lyding. (2)
## Berusting is om jou hoop op God te vestig.

**Lees:** Romeine 4:18; 5:4; 15:13; 1 Korintiërs 13:11; Hebreërs 11:1

As die Bybel van hoop praat, verwys dit nie na iets wat onseker is nie. Hoop is nie 'n *"miskien-ding"* nie. Hoop is 'n diepgewortelde geloofsoortuiging waaraan Christene vasklou. Maar ons klou nie net aan 'n oortuiging vas nie. Ons klou vas aan die Oorsprong, die Bron, die Gewer van daardie oortuiging. God is die bron van hoop (Romeine 4:17-21 en 15:13)! Om te hoop, is om oortuig te wees dat God nie kan lieg nie (Numeri 23:19). Hy doen wat Hy sê. Hy vervul al sy beloftes (Josua 21:45 en 23:14; 2 Korintiërs 1:18-20). Dis om oortuig te wees dat God ook in my lyding betroubaar is (Psalm 119:75). Al die verse wat jy aan die begin gelees het, koppel geloof en hoop aan mekaar. Om te hoop, is om te glo en om te glo, is om te hoop. Ons glo God! Daarom hoop ons op Hom en alles wat Hy belowe. Sommige van sy beloftes is vir eendag, ander is vir nou!

Die Bybel is God se Woord. Dis geskryf vir die eerste mense wat dit sou lees, binne hulle tyd en omstandighede! Maar dis ook geskryf om alle gelowiges deur die eeue heen hoop te gee (Romeine 15:4). Dis propvol tydlose waarhede. Maar die Heilige Gees wat in die kinders van God woon, verander soms die ***logos***-woord (die algemene tydlose woord vir almal) in 'n ***rhēma***-woord. Hy maak dit 'n spesifieke woord, binne 'n spesifieke situasie, vir 'n spesifike persoon – vir jóú. Dis wat in Lukas 1:37-38 met Maria gebeur het. Dis 'n algemene waarheid: niks is vir God onmoontlik nie (Jeremia 32:17 en 27). Dié algemene woord het op 'n bepaalde dag, binne spesifieke omstandighede, 'n woord vir háár geword. Sý moes dit glo en aanvaar! Sý moes háár hoop daarop vestig en daarvolgens optree.

Wat 'n voorreg om 'n kind van God te wees: om die Heilige Gees in jou te hê; om te ervaar hoe die Gees in jóú moeilike omstandighede vir jóú 'n spesifieke ***rhēma***-woord gee. 'n Woord waarop jý in hierdie oomblik jou hoop kan bou. 'n Belofte waaraan jý in hierdie tyd kan vashou. Die Heilige Gees doen dit gewoonlik wanneer God iemand vir 'n spesifieke taak roep.

Hy doen dit ook wanneer Hy sy kinders in moeilike omstandighede wil bemoedig en hoop gee; wanneer Hy iemand se geloof wil versterk. Dis waarom godsdiens sonder 'n intieme verhouding met God so sinneloos is. Daar is géén persoonlike en intieme kommunikasie nie. Geen gesprek met God in lyding nie.

Só het die Here byvoorbeeld spesifiek vir my gesê dat die GF4GF-Centres (GF4GF = Good Foundations for Good Fruit – www.gf4gfcentres.co.za) ***'n bron en simbool van seën*** moet wees. Hy het gesê dat Hy deur landbou vir die sentrums gaan sorg (Sagaria 8:9-13 - Nuwe Lewende Vertaling). Met die krisis in die konynbedryf gedurende 2019, het die Here spesifiek vir my gesê dat Hý die ***Akkorlaagte 'n poort na 'n nuwe toekoms maak*** en dat ek moet opstaan en leiding neem (Hosea 2:13-22 en 1 Kronieke 28). My persoonlike ervaring is dat die Here ten opsigte van belangrike sake nie net een keer uit een Skrifgedeelte met iemand praat nie. Ons is mense en hoor maklik verkeerd. Daarom moet jy oor 'n lang tydperk met God daaroor praat. Hy sal sy Woord bevestig. Hou vas aan hierdie rhēma-woorde. Proklameer dit hardop wanneer die vyand jou wil lamlê met twyfel en vrees, veral wanneer iets nie so vinnig gebeur soos jy verwag nie (Habakuk 2:2-3). Hou aan om die Here aan sy beloftes te herinner (Jesaja 62:6-7). Al is dit nag om jou, al is omstandighede hoe donker, vestig jou hoop volkome op God! Daniël se vriende is vir ons 'n goeie voorbeeld. Hoor wat sê hulle vir die koning wat hulle met 'n vlammedood gedreig het: ***" ... Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie"*** (Daniël 3:17-18).

Jesus is die beste voorbeeld van berusting. Gedurende sy hele lewe op aarde is Hy gedra deur die verwagting (hoop wat vas en seker is) dat alles vir Hom in vreugde sal eindig (Hebreërs 12:2-3). Teen die einde het Hy soveel spanning beleef dat Hy letterlik bloed gesweet het (Hematidrosis). Hy het drie keer in gebed met sy Vader geworstel. Sy vaste oortuiging dat Hy die Vader selfs in hierdie bloedsweet-oomblikke kan vertrou, het vir Hom berusting gebring. ***"Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied"*** (Lukas 22:42-45). Toe kon Hy opstaan en die pynlikste deel van sy taak aanpak. Hy het berus in wat besig was om te gebeur omdat Hy by die kruis verby kon kyk en Homself weer in heerlikheid by sy Vader kon sien. Ek en jy kan ook verby ons dood kyk en in die gees ons eie opstanding sien (vgl. 1 Korintiërs 15).

Aanvaarding en berusting is om jouself aan God oor te gee. Dis om oortuig te wees dat jy Hom ***in*** jou lyding en ***met*** jou lyding kan vertrou. Dis om seker te wees dat, wat ook al gebeur, jy vir ewig saam met Hom gaan fees vier. By dié fees sal niemand oor die ou dae van pyn en swaarkry praat nie. Almal gaan God vir ewig loof en prys.

**Gebed:** Ek gee oor Vader! Ek gee alles in u hande. U weet die beste. Doen wat die eer van u Naam vereis! Doen wat vir my op die langeduur die beste is. Doen wat die Bose in hierdie stryd die seerste gaan maak. In u hande is ek veiliger as in my eie planne. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Bid vir familie en vriende om by 'n punt van volkome oorgawe, aanvaarding en berusting te kom.*

† *Bid dat elke Christen 'n intieme verhouding met God sal hê. Bid dat elkeen 'n intieme gesprek met Hom sal hê en deur die Gees sal hoor wanneer God vir hom of haar 'n **rhēma**-woord gee.*

† *Bid dat mense (noem hulle name) die Here sal aanhou dien, selfs al sou Hy hulle nie uit 'n spesifieke situasie red nie.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in **Tunisië** en **Libië.**

# Dag 39

## Aanvaar jou lyding. (3)

## Aanvaarding is om 'n lied in die nag te sing.

**Lees:** Psalm 40 (veral vers 4) en Psalm 69 (veral vers 31-33)

'n Mens kan in alle omstandighede sing en dans. Sommige sing en dans terwyl hulle kwaad is en teen iets protesteer. Dis toi-toi. Ander sing oorlogsliedere, gebore uit haat en bitterheid. Maar 'n ***lied in die nag*** word slegs gebore uit hoop. Dit word gesing in 'n atmosfeer van aanvaarding. 'n ***Lied in die nag*** is 'n gawe van God. Dié lied verheerlik God én bemoedig mense. Die lied, ***Father into thy hands***[11] is 'n pragtige voorbeeld van 'n ***lied in die nag.*** Dis 'n lied van oorgawe en vertroue in

---

[11] Geskryf deur Jenny Hewer. Dis opgeneem in verskeie Anglikaanse en ander gesangeboeke.

’n tyd van lyding en swaarkry. Dis ’n lied oor intimiteit met die Vader en volkome rus in sy teenwoordigheid. Hierdie lied inspireer en motiveer my om met hoop en geduld te volhard. Ek kan my Vader volkome vertrou!

**Father into thy Hands**

Father, I place into Your hands the things I cannot do.
Father, I place into Your hands the things that I’ve been through.
Father, I place into Your hands the way that I should go,
For I know – I always can trust You!

Father, I place into Your hands my friends and family.
Father, I place into Your hands the things that trouble me.
Father, I place into Your hands the person I would be,
For I know, I always can trust You!

Father, we love to see Your face, we love to hear Your voice.
Father, we love to sing Your praise and in Your name, rejoice.
Father, we love to walk with You and in Your presence rest,
For we know – we always can trust You!

Father I want to be with You and do the things You do.
Father I want to speak the words that You are speaking too.
Father, I want to love the ones that You will draw to You,
For I know – that I am one with You!
For I know – that I am one with You!

Lees Romeine 8! Om ’n ***lied in die nag*** te sing, móét jy terugdink en onthou wat God reeds gedoen het. Hy het reeds die Gees van Christus gestuur om in jou te woon en jou te lei. Hy het jou reeds in ’n Vader-kind-verhouding met Hom gebring. Hy het jou ’n erfgenaam saam met Jesus gemaak.

Om ’n ***lied in die nag*** te kan sing, móét jy ook vas oortuig wees dat die lyding wat jy nou verduur, absoluut niks is in vergelyking met die heerlikheid wat in die toekoms op jou wag nie (vers 18). Ons sal soos Jesus wees en in sy heerlikheid deel. Hierdie belofte vir die toekoms is só seker dat dit beskryf word as iets wat reeds gebeur het (vers 29-30).

Om ’n ***lied in die nag*** te sing, moet jy aan al hierdie dinge dink. Jy moet besef en wéét: *God is vir ons! Hy hét .... en Hy sál ....* (Romeine 8:31-32). Dié oortuiging bring berusting! Dié oortuiging laat jou ’n ***lied in die nag*** sing:

*God is vir ons!*
*Hý hét ..... en Hý sál .....*
*God spreek ons vry!*
*Hý hét ..... en Hý sal .....*
*Christus tree vir ons in!*
*Hý hét ..... en Hý sál .....*
*Noem maar op - géén lyding kan ons van Christus se liefde skei nie!*
*Dít was, en is, en sal vir altyd onmoontlik wees!*
*Noem maar op - géén lyding kan ons van God se liefde skei nie!*
*Dít was, en is, en sal vir altyd onmoontlik wees!*
*Sý liefde maak ons wenners, en wenners sal ons bly!*
*Sý liefde maak ons wenners, en wenners sal ons bly!*

Ek en jy kan uiteindelik berusting kry, al ly ons. Ons kan ons lyding aanvaar. Dit beteken steeds nie dat lyding die oorhand oor ons gekry het nie. Lyding se dae is getel. God maak alles nuut! Wenners sal ons bly!

***Gebed:*** *Father into thy hands* ... bid hierdie lied! **Amen**

**Voorbidding:**

† *Praat met die Here oor alles wat Hy rééds vir jou gedoen het.*
† *Praat met die Here oor alles wat Hy aan al sy kinders belowe het.*
† *Praat met die Here oor die vervulling van al die beloftes wat Hy vir jou persoonlik gegee het.*

**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in **Seychelle** en **Madagaskar.**

# Dag 40
## Die gesprek met God gaan voort!

Dis onmoontlik om in 40 dagstukkies alles te skryf wat die Woord oor lyding en swaarkry sê. Ek het probeer om d.m.v. die groter prentjie te wys dat die Bybel uit méér as een hoek na lyding kyk. Daarom gee die Bybel ook méér as een antwoord op ons vrae oor lyding en swaarkry. Wanneer jy in die Bybel iets oor lyding lees, moet jy dit binne die groter konteks van die Bybel verstaan. Moenie alle vrae met een teks probeer beantwoord nie. Só gaan jy mense meer seermaak as wat jy hulle help en troos.

Die hoofdoel van hierdie 40-Dae Gebedsfokus is om jou te help om sinvol met God in gesprek te tree oor lyding en swaarkry. Die wêreld het nie die antwoorde waarna jou gees soek nie. Net wanneer jy in jou lyding met God bly praat en na Hom luister, word jy beter in plaas van bitter; tree jy as wenner uit die stryd en kan jy 'n ***lied in die nag*** sing. Moenie die gesprek met Hom kortknip nie! Die volgende Skrifgedeeltes sal jou help om met die gesprek voort te gaan.

Mag jy ook 'n ***lied in die nag sing!***

1. **Hebreërs 12:4-12**
   Straf is vergelding vir wat in die verlede gedoen is. Christus het die straf in ons plek gedra (Galasiërs 3:13). Tug is opvoeding met die oog op wat in die toekoms moet gebeur. Moenie God se liefdevolle opvoeding met vergelding verwar nie. Tree met God in gesprek oor jou opvoeding. Vra Hom wat Hy jou wil leer en waarom.

2. **Jesaja 58 en Psalm 41:1-4**
   In 'n driebeenresies word een mens se linkerbeen aan die ander een se regterbeen vasgemaak. Dan het hulle net drie bene. Hulle moet mekaar styf vashou en soos een mens saam hardloop. As een uit pas raak en val, het die ander een nie 'n keuse nie. Hy moet óók stop, afbuk en sy maat eers ophelp voordat hulle saam verder kan hardloop. Een kan nie alleen die wenpaal bereik nie. Dis wat medelye is: Stop, buk en help. Ons Skrifgedeeltes sê dat God ook by jou sal stop, afbuk en jou help wanneer jy jou oor iemand in nood ontferm.

3. **1 Petrus 1:3-9 en Job 1:8-11**
   Die egtheid van 'n lig word in die donkerste nag getoets. 'n Weerkaatser se "lig" verdwyn sodra daar nie lig van buite daarop val nie. Net so verdwyn die maan se lig as die son se lig nie daarop val nie. Só verwyn baie mense se geloof ook as God hulle nie elke dag met gesondheid en voorspoed oorlaai nie. Lyding is die toets wat wys of jy werklik glo of nie. Verwelkom die toets. As jy nie slaag nie, het jy nog tyd om reg te maak. As jou geloof nie getoets word nie, kan jy onder die wanindruk wees dat jou geloof eg is. Jy wil tog nie te laat uitvind dat jou geloof al die tyd net 'n weerkaatsing van jou voorspoed en geluk was nie.

4. **Klaagliedere 3:1-33**
   Dit is nog 'n voorbeeld van 'n ***lied in die nag*.** Dit verwoord diep emosies van bittere lyding, maar ook die vaste hoop, die absolute

sekerheid dat God goed is. *Hy geniet dit nie wanneer mense seerkry of hartseer is nie*. Inteendeel. Dis teen sy sin dat Hy ellende en beproewing oor ons bring. God raak emosioneel oor ons lyding. Lees ook Jeremia 13:17.

5. **Matteus 24:3-14 en Lukas 21:25-28**
   In reaksie op al die verskriklike dinge wat in die wêreld gebeur, sê baie mense: *Die einde is naby.* Maar Jesus gee 'n ander perspektief. Hy sê ons moet dit as geboortepyne sien. Geboortepyne kondig nie die einde van lewe aan nie, maar die koms van die lankverwagte kind. Hoe erger en nader aan mekaar die pyne, hoe nader is die koms van die kind. Skrikwekkende natuurverskynsels en wêreldgebeure moet ons nie so radeloos en beangs maak dat ons van vrees en spanning sterf nie. Ons kan regop staan en ons kop optel. Geboortepyne is die begin van die núwe begin. Die koms van die lankverwagte Kind is naby.

***Gebed:*** Here, mag die Heilige Gees hierdie Gebedsfokus kragtig gebruik om Afrika te help om in lyding met U te praat en na U te luister. Mag dit tot groter intimiteit tussen U en die mense van Afrika lei. Ook tussen my en U. Leer ons hoe om ons lyding gelyktydig te ***gebruik***, te **bestry** en te ***aanvaar***. Laat elke mens se reaksie op lyding, U verheerlik! Mag elkeen vir U 'n loflied sing. Mag ons **Lied in die nag** Afrika bemoedig en inspireer om saam te sing. **Amen**

**Voorbidding:**

† *Praat met die Here oor Afrika se smart, nood, pyn en ellende.*
† *Praat met die Here oor Afrika se reaksie op haar lyding en swaarkry.*
† *Praat met die Here oor sy plan vir, en doel met Afrika.*


**Bid vir Afrika:** Fokus op landbouers, medici en politici in **Egipte.**

# Ander AMOS-publikasies om van kennis te neem

Die volgende AMOS-publikasies is in beide **Afrikaans en Engels** beskikbaar. Jy kan dit **gratis** aflaai by www.amosafrica.net, of teen koste bestel deur ’n epos te stuur aan secretary@amosafrica.net





***be*****Vry om op te staan** (Gebedsfokus 2014)
Daar is te veel Christene wat gered is, maar steeds met pyn leef. Hulle is kinders van God, maar steeds verstrengel in sonde. Hulle is vry, maar dink nog soos slawe. Hulle oorleef, maar hulle leef nie in oorwinning nie. Hulle glo in God, maar hulle sukkel om God te glo. Hierdie probleem word daadwerklik aangespreek. Die fokus val eerstens op die Koning wat mense bevry om op te staan. Daarna word die leuens en werkswyse van die duiwel ontmasker. Lesers word ook gehelp om hul herstelde verhouding met God, hulle identiteit in Christus, asook hulle roeping te verstaan. Van die mees algemene dinge wat Christene verhinder om op te staan word bespreek, waarna om bevryding gebid word. Die 40 oordenkings kan jou help om **op te staan en in oorwinning te lewe!**





**Arbeidsverhoudinge** (Gebedsfokus 2015)
Jy kry ’n antwoord op die vraag: Wat het arbeidsverhoudinge met Christenskap en die visie van AMOS (*Living and Farming God’s Way*) te doen? Ses baie belangrike Bybelse beginsels vir verhoudinge word aan die hand van praktiese voorbeelde bespreek. ’n Verskeidenheid ander sake wat direk in verband met arbeidsverhoudinge staan, word vanuit die Skrif én praktyk hanteer: arbeiders; arbeid; bemagtiging; motivering van werkers; dissipline; konflikhantering; wen-wen-oplossings. Geseënd is elkeen wat deur mooi verhoudinge die Evangelie van Jesus Christus aantreklik maak vir ander en só die koms van die Koninkryk bevorder.




**Finansiële Vryheid** (Gebedsfokus 2016)
Finansiële vryheid is meer as net ’n mooi ideaal. Dis binne jou bereik as jy die tydlose ekonomiese beginsels wat God in sy Woord aan ons gee, ken en toepas. Die wêreld dink radikaal anders oor geld en besittings as wat die Woord van God ons leer. Dís die rede vir die ekonomiese chaos rondom ons. Daarom moet ons God die geleentheid gee om ons denke deur sy Woord te vernuwe. Die eerste tree op die pad van finansiële vryheid is om te erken dat **álles aan die Here behoort.** Óók dit wat ek en jy het. Ons is nét rentmeesters van alles wat die Here in ons sorg plaas.




**Boer voor die Troon** (Gebedsfokus 2017)
Die doel van hierdie Gebedsfokus is nie om vir gelowiges meer kennis oor gebed te gee nie, maar eerder om hulle te motiveer om die voorreg van gebed ten volle te benut. Gebed in die Naam van Jesus is wesenlik belangrik as ons landbou wil transformeer na *Living and Farming God's Way*. Die Gebedsfokus sluit ook 'n praktiese handleiding met gebedsriglyne en gebede in. Dit help die bidder om Skrif-inhoud aan sy of haar gebede te gee – om sinvol te bid vir persoonlike behoeftes, die gemeenskap en die landbou. Gebed is die sleutel tot die oplossing van probleme in die landbou. Deur gebed kom die Koninkryk in die landbou. Bid sonder ophou! Boer voor die Troon!





**Living and farming God's Way** (Gebedsfokus 2018)
Dis ons visie en ons hart. Dis waaroor dit vir Amos Agrimin gaan. Dis ons droom vir Afrika! Die Koninkryk van God kan nét op God se manier gebou word. ***Let's build God's Kingdom God's Way!*** Tien **kenmerke** van *God's Way* word bespreek en baie praktiese toepassings word gemaak. Jy leer ook hoe om 'n *God's Way*-**kultuur** op die plaas te vestig. Laastens word gefokus op drie belangrike dinge wat die Woord sê oor die **grond** waarop ons boer. Hierdie 40 oordenkings is noodsaaklik vir elke Christen landbouer. Bestudeer en implementeer dit biddend.





**In jou sien God vir Hom 'n koning!** (Gebedsfokus 2019)
God sê in 1 Samuel 16:1 van Dawid: ***"In hom sien ek vir My 'n koning."*** Nadat Dawid as koning gesalf is, het daar eers 'n minimum van 10 jaar verloop voordat hy koning geword het. Dit was 10 uiters moeilike jare waarin God hom gevorm en sy karakter gebou het, sodat hy die koning kon word wat God in hom gesien het. Ons kan baie leer uit die lewe van Dawid gedurende hierdie tyd. Uit die nageslag van koning Dawid, is Koning Jesus gebore. Koning Jesus het ons konings en priesters vir God gemaak. Om die koning te wees wat God jou gemaak het, moet jy, soos koning Dawid en Koning Jesus, absolute sekerheid hê oor jou identiteit as kind van God, jou verhouding met die Vader en die opdrag wat Hy jou gegee het.

# Samevatting


God én Satan én die mens is altyd al drie betrokke by ons lyding en swaarkry.  Elkeen in ooreenstemming met sý eie aard en karakter.




Lyding kom langs minstens een van vyf verskillende paaie na ons toe.




Jy moet altyd gelyktydig op drie maniere op jou lyding reageer.



**Lied** IN DIE NAG

40-Dae Gebedsfokus 2020


## AMOS AGRIMIN

secretary@amosafrica.net
www.amosafrica.net


## AMOS AGRIMIN STREKE

Vir kontak- en bankbesondehede,
besoek ons webwerf *www.amosafrica.net*
*Amos Agrimin Kaap* (Wes-Kaap)
*Amos Agrimin Sentraal* (Vrystaat en Noordwes)
*Amos Agrimin Noord-Kaap*
(Noord-Kaap en oorblywende provinsies)

***www.amosafrica.net***

Find us on
Facebook


40-Dae Gebedsfokus uitgegee
deur *Amos Agrimin Noord-Kaap*


Bankbesonderhede:
Amos Agrimin
FNB Brandwag, 230534
Rek. 5299 000 8842

Amos agrimin
LIVING AND FARMING
GOD'S WAY


MYSiLO®
www.mysilo.com
WAARDE
KWALITEIT
DIENS
PRYS
3DE
GROOTSTE
5
KONTINENTE
40
JAAR
ERVARING
60
LANDE
vibra floor
www.vibrafloor.com
1:00
9:00
12:00
18:00
20:00
VROEG OGGEND ... TOT LAATAAND
ONGEKENDE STROOPTEMPO
nexgro
Theuns de Lange
079 512 6507
theuns@nexstor.co.za
Tel: 011 692 4400
www.nexstor.co.za
nexstor
Wimpie Steyn
082 452 7626
wimpie@nexstor.co.za